

JAARBOEK 2008
Fakulteit Ekonomiese en
Bestuurswetenskappe
Voorgraads
NOORDWES-UNIVERSITEIT
Potchefstroomkampus

DEKAAN
Prof T Eloff

This Calendar is published in Afrikaans because Afrikaans is the medium of instruction on the Potchefstroom Campus. Correspondence however, may be conducted in either Afrikaans or English.

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

Navorsingseenheid: Workwell: *Research Unit for People, Policy & Performance:*

Internet: <http://www.workwell.co.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel en is op die webblad beskikbaar.

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke leerder se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n leerder se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar. Dergelike gevalle moet asseblief dadelik onder die Administratiewe Bestuurder van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se aandag gebring word.

Inhoudsopgawe

E.1	ALGEMENE FAKULTEITSREËLS VIR DIE ONDERSKEIE VOORGRAADSE KWALIFIKASIES IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURS-WETENSKAPPE.....	1
E.1.1	GESAG VAN DIE DIE A-REËLS.....	1
E.1.2	EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEIDSVLAKKE :	1
E.1.3	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT	1
E.1.4	KAPASITEITSBEPALINGS	1
E.1.5	M-TELLING AS TOELATINGSVEREISTE.....	1
E.1.5.1	SPESIFIEKE BA- en BCOM-TOELATINGSVEREISTES	2
E.1.5.2	ERKENNING VAN VORIGE LEER	3
E.1.6	REGISTRASIE	4
E.1.6.1	REGISTRASIE VIR BYKOMENDE MODULES	4
E.1.7	DUUR VAN STUDIE	4
E.1.8	ONDERWYSERSOPLEIDING	4
E.1.9	EKSAMINERING	5
E.1.9.1	Eksamengeleenthede	5
E.1.9.2	Samestelling van die deelnamepunt	5
E.1.9.3	Toelating tot die eksamen	5
E.1.9.4	Modulepunt	5
E.1.9.5	Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum.....	5
E.1.9.6	Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op veronderstelde leer.....	5
E.1.9.7	Terminering van studie.....	6
E.1.10	SKOLE EN FOKUSAREAS IN DIE FAKULTEIT	6
E.2	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN MODULES IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURS-WETENSKAPPE.....	7
E.2.1	LYS VAN KWALIFIKASIES EN PROGRAMME	7
E.2.1.1	SKOOL VIR EKONOMIE	8
E.2.1.2	SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR.....	9
E.2.1.3	SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE	10
E.2.1.4	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE	11
E.2.1.5	POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL	12

E.2.2	MODULES VIR DIE GRADE BACCALAUREUS COMMERCII (B COM) EN BACCALAUREUS ARTIUM (BA) WAT IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE AANGEBIED WORD	13
E.2.2.1	MODULES EN KREDIETE	13
E.2.2.2	LYS VAN MODULES	13
E.3	KURRIKULUMS VIR DIE GRADE BACCALAUREUS COMMERCII (B.COM) EN BACCALAUREUS ARTIUM (BA) WAT IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE AANGEBIED WORD.....	28
E.3.1	UITKOMSTE VAN 'N B.COM-GRAAD	28
E.3.2	ARTIKULASIE	29
E.3.3	KURRIKULUMS VAN PROGRAMME IN DIE VERSKILLENDE SKOLE.....	29
E.3.3.1	SKOOL VIR EKONOMIE	30
E.3.3.1.1	E300P: B COM EKONOMIE (500128).....	30
E.3.3.1.2	E301P: B COM INTERNASIONALE HANDEL EN BEMARKING* (500130).....	31
E.3.3.1.3	E302P: B COM RISIKOBESTUUR (500132).....	32
E.3.3.1.4	E303P: B COM KWANTITATIEWE RISIKOBESTUUR (500134).....	33
E.3.3.1.5	E304P: B COM EKONOMIE EN INFORMATIKA (REKENAARWETENSKAP) (500135).....	34
E.3.3.1.6	E307P: B COM EKONOMIE EN REGTE* (500139).....	35
E.3.3.1.7	E640P: HONS B COM EKONOMIE (VOLTYDS EN DEELTYDS) (504126))	36
E.3.3.1.8	E641P: HONS B COM INTERNASIONALE HANDEL EN BEMARKING (VOLTYDS EN DEELTYDS (504127)).....	36
E.3.3.1.9	E642P: HONS B COM RISIKOBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS (504128)).....	37
E.3.3.1.10	E643P: HONS B COM (SELECTA) (VOLTYDS) (504126)).....	37
E.3.3.2	SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR.....	38
E.3.3.2.1	E310P: B COM TOERISMEBESTUUR (BEDRYFSOSIOLOGIE) (500141).....	38
E.3.3.2.2	E311P: B COM ENTREPRENEURSKAP en ONDERNEMINGSBESTUUR (500142).....	39
E.3.3.2.3	E314P: B COM ONDERNEMINGSBESTUUR EN REGTE (500146).....	40
E.3.3.2.4	E315P: B COM TOERISME EN EKONOMIE (500148).....	41
E.3.3.2.5	E317P: B COM SPORT EN REKREASIEBESTUUR (500150).....	42
E.3.3.2.6	E318P: B A TOERISMEBESTUUR (100142)	43
E.3.3.2.7	E319P: B COM KOMMUNIKASIEBESTUUR (547100)*.....	44
E.3.3.2.8	E250P: B. COM TOERISMEBESTUUR EN REKREASIEKUNDE (500171).....	45

E.3.3.2.9	E351P: B. COM GEOKTROOIEERDE BEMARKING (500180)	46
E.3.3.2.10	E361P: B. COM BEMARKINGS- EN TOERISMEBESTUUR (500182) (Die kurrikulum het in 2006 begin)	47
E.3.3.2.11	E651P: HONS B COM ENTREPRENEURSKAP EN BEMARKING (VOLTYDS (504130)).....	48
E.3.3.2.12	E652P: HONS B COM TOERISMEBESTUUR (VOLTYDS) (504131).....	48
E.3.3.2.13	E653P: HONS B A TOERISMEBESTUUR (VOLTYDS) (102153).....	49
E.3.3.3	SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE	50
E.3.3.3.1	E320P: B COM MENSEHULPBRON-BESTUUR (500151).....	50
E.3.3.3.2	E321P: B COM GEDRAGSWETENSKAPPE (500153).....	51
E.3.3.3.3	E322P: B A GEDRAGSWETENSKAPPE (100143).....	52
E.3.3.3.4	E630P: HONS B COM BEDRYFSIELKUNDE (VOLTYDS EN DEELTYDS) (504120) (vir <u>Psigometriste in wording-</u> opleiding).....	53
E.3.3.3.5	E641P: HONS BA BEDRYFSIELKUNDE (VOLTYDS EN DEELTYDS) (102150) (vir <u>Psigometriste in wording-</u> opleiding).....	53
E.3.3.3.6	E625P: HONS B COM MENSEHULPBRON-BESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS (504121)).....	54
E.3.3.3.7	E628P: HONS B A MENSEHULPBRON-BESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS (102151)).....	54
E.3.3.3.8	E626P: HONS B COM ARBEIDSVERHOUDINGE (VOLTYDS EN DEELTYDS (504122)).....	55
E.3.3.3.9	E629P: HONS B A ARBEIDSVERHOUDINGE (VOLTYDS EN DEELTYDS (102152)).....	55
E.3.3.4	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE	56
E.3.3.4.1	E330P: B COM GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP (500155) (Faseer uit en kan in 2008 slegs op derdejaarsvlak geneem word)	56
E.3.3.4.2	E337P: B COM GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP (500155) (Hierdie kurrikulum het in 2007 begin).....	57
E.3.3.4.3	E331P: B COM FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP (500156)	58
E.3.3.4.4	E332P: B COM BESTUURSREKENMEESTERSKAP (500158)	59
E.3.3.4.5	E334P: B COM REKENINGKUNDE EN INFORMATIKA (500162)	60
E.3.3.4.6	E335P: B COM REKENINGKUNDE EN REGTE* (500164)	61
E.3.3.4.7	E336P: B COM in FORENSIESE REKENMEESTERSKAP (500181) (Hierdie kurrikulum faseer uit en word slegs op derdejaarsvlak in 2008 aanbeïd)	62
E.3.3.4.8	E338P: B COM in FORENSIESE REKENMEESTERSKAP (500181) (Hierdie kurrikulum het in 2007 begin)	63
E.3.3.4.9	E630P: HONS B COM GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP (VOLTYDS) (504123).....	64
E.3.3.4.10	E631P: HONS B COM FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP (VOLTYDS EN DEELTYDS (504124)).....	64
E.3.3.4.11	E632P: HONS B COM BESTUURSREKENMEESTERSKAP (VOLTYDS EN DEELTYDS (504125)).....	65

E.3.3.4.12	E633P: HONS B COM IN FORENSIESE REKENMEESTERSKAP (VOLTYDS (504132)).....	65
E.4	VOORGRAADSE MODULE-UITKOMSTE.....	66
E.5	LYS VAN KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS WAT OP VOORGRAADSE VLAK IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURS- WETENSAPPE AANGEBIED WORD.	128
E.5.1	SKOOL VIR EKONOMIE.....	128
E.5.2	SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR	129
E.5.3	SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSAPPE	129
E.5.4	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE	130

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE:

AMPSDRAERS:

DEKAAN

Prof T Eloff, BPhil, DCom (PU vir CHO).

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Prof SJ van der Merwe, BSc (Econ), UOD, DCom (PU vir CHO).

NAVORSINGSEENHEID: **Workwell: Navorsingseenheid vir Mens, Beleid en Prestasie**

DIREKTEUR: Prof WA Naudé, MCom, MSc (Econ) (Warwick, UK),
PhD (PU vir CHO).

(Wnd 2007/8) Prof S Rothmann, PhD, HOD (PU vir CHO).

Program: Economic Competitiveness. Prof WF Krugell, MCom (PU vir CHO), MSc (Econ)
(Warwick, UK), PhD(NWU)

Program: Work Wellness: Prof S Rothmann, PhD, HOD (PU vir CHO).

DIREKTEURE VAN SKOLE EN PROGRAMLEIERS:

SKOOL VIR EKONOMIE

Direkteur: Prof W Viviers, DCom, BEd (PU vir CHO), Certificate in Export Practice.

Program: Internasionale Handel: Dr M Matthee, PhD(NWU), Certificate in Export Practice.

Program: Risikobestuur: Prof P Styger, DCom (PU vir CHO).

Program: Ekonomie: Prof WF Krugell, MCom (PU vir CHO), MSc (Econ) (Warwick, UK),
PhD (NWU).

SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR

DIREKTEUR: Prof LR Jansen van Rensburg, PhD (PU vir CHO).

Instituut vir Toerisme, Wildelewe-ekonomie en Vryetydstudies: Prof M Saayman, PhD (UP).

Program: Entrepreneurskap: Prof J Kroon, DCom (PU vir CHO).

Program: Bemarking: Prof PG Mostert, DCom (UP).

Program: Toerismebestuur: Prof M Saayman, PhD(UP).

SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE

DIREKTEUR: Prof LTB Jackson, Opv.Dipl. (Rand College of Educ.), MBA, PhD (PU vir CHO)
Meesters-, Doktorale en Navorsingsprogram: Prof S Rothmann, PhD, HOD (PU vir CHO).
Program: Bedryfsosiologie: Prof JC Visagie, DCom (PU vir CHO), Nas Dip Ing.
Program: Bedryfsielkunde: Honneurs: Dr WJ Coetzer, PhD (PU vir CHO).
Voorgraads/Honneurs Mensehulpbron-Bestuur: Dr C Jonker,
PhD (PU vir CHO).

SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

DIREKTEUR: Prof SS Visser, UOD, DTO, DCom (PU vir CHO)
Program vir Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding (SGR):
Prof JP Fouche, MCom.(PU vir CHO), GR(SA), PhD(NWU).
Program vir Finansiële Rekenmeestersopleiding (SFR):
Prof AA Stoop, Hons BRek, M Com (PU vir CHO), THOD (POK), CFA (SA)
Program vir Bestuursrekenmeestersopleiding (SBR):
Mnr RJJ Barnard (wnd) , GR(SA).
Program vir Forensiese Rekenmeestersopleiding
Mnr JD van Romburgh, GR(SA), CFE, CMA.

POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL

DIREKTEUR: Prof TE du Plessis, BCom (US), MBA (PU vir CHO).
Program: MBA Opleiding: Prof CA Bisschoff, DCom (Unisa) &
Prof RA Lotriet, PhD (PU vir CHO)
Program: Middelbestuursprogram: Prof I Nel, MBA (UP), PhD (UOVS).
Program: Gevorderde Bestuursprogram: Prof CA Bisschoff, DCom (Unisa) &
Me EM Scholtz, MA (PU vir CHO).

FAKULTEITSRAAD

Barnard, RJJ	Naudé, WA
Bibbey, FJ	Rothmann, S
Coetzer, JC	Saayman, A
Du Plessis, TE	Saayman, M
Eloff, T (Voorsitter)	Sieberhagen, Gv/dM
Fouche JP	Stander AL
Huisman, HM	Stoop, AA
Jackson, LTB	Styger, P
Jansen van Rensburg, LR	Van der Merwe, SJ (sekretaris)
Jonker, C	Van Romburg, JD
Kroon, J	Van Wyk, CdW
Krugell, WF	Visagie, JC
Lucouw, P	Visser, SS
Mathee, M	Viviers, W
Mostert, PG	Commercia-voorsitter

E.1 ALGEMENE FAKULTEITSREËLS VIR DIE ONDERSKEIE VOORGRAADSE KWALIFIKASIES IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURS-WETENSKAPPE

E.1.1 GESAG VAN DIE DIE A-REËLS

Die Fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad <http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html>.

E.1.2 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEIDSVLAKKE :

Alle nuwe eerstejaarstudente aan die Universiteit moet hulle aanmeld vir 'n verpligte akademiese geletterdheidsevaluering (TAG) ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer.

Die doel van die toets is om studente te help om vroegetydig leemtes te identifiseer en dan die nodige leiding in hierdie verband te kry. Hierdie toets word in die oriënteringstydperk afgeneem. Alle navrae oor die TAG-evaluering kan gedoen word by die kantoor vir die Program in Akademiese Geletterdheid in lokaal 216 in die Frans du Toit-Gebou. Studente wat nie hierdie TAG-evaluering slaag nie word verplig om vir AFNL116/126 (Afrikaanse studente) en ENGL116/126 (Engelse studente) in te skryf. Sekere fakulteite se studente is in die eerste semester geplaas en ander weer in die tweede semester. Die indeling van die fakulteite per semester is op die kennisgewingsbord van Akademiese Geletterdheid. Kyk ook A-reël 4.4.1.

Studente wat die TAG-evaluering slaag word vrygestel en kry outomaties erkenning vir AFNL116/126 en hoef geen addisionele kursus te volg nie.

E.1.3 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na: <http://www.puk.ac.za/beheer-en-bestuur/beleid-reels/index.html>

E.1.4 KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursusse toegelaat sal word nie.

E.1.5 M-TELLING AS TOELATINGSVEREISTE

Met inagneming van die Algemene Reëls en Fakulteitsreëls soos vervat in die betrokke jaarboeke en met spesifieke verwysing na Algemene reël A.4.2 (wat bepaal dat skoolleindsertifikate geëndosseer moet wees dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot B-graadstudie aan 'n universiteit in die RSA – met ander woorde **volle matrikulasievrystelling /voorwaardelike vrystelling** verwerf is), behou die Universiteit hom die reg

voor om die volgende keuringsmodel toe te pas, aan die hand van welke resultate oorweging aan kandidate se aansoeke verleen sal word.

* Keuringsmodel: Bepaling van die M-telling

Vaksimbool	Hoërgraad	Standaardgraad
A	6	5
B	5	4
C	4	3
D	3	2
E	2	1
F	1	0

In die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe word vier (4) vakke gebruik om die M-telling te bepaal:

- (a) In die geval van die B.Com-kurrikulums wat Wiskunde op hoërgraad 40%/standaardgraad 50% of hoërgraad 50%/standaardgraad 60% vereis, word hierdie vier (4) vakke soos volg bepaal: Die onderrigtaal van die voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels), Wiskunde (hoërgraad 40%/standaardgraad 50% of hoërgraad 50%/standaardgraad 60%), en enige ander twee (2) beste vakke. Die telling van die beste vak uit enigeen van die voorgenoemde vier vakke word verdubbel, en daarby word getel die tellings van die oorblywende drie (3) vakke.
- (b) In die geval van die B.Com-kurrikulums wat nie Wiskunde op hoërgraad 40%/standaardgraad 50% vereis nie, word hierdie vier (4) vakke soos volg bepaal: Die onderrigtaal van die voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels) en enige ander drie (3) beste vakke. Die telling van die beste vak uit enigeen van die voorgenoemde vier vakke word verdubbel, en daarby word getel die tellings van die oorblywende drie (3) vakke.
- (c) Wat die B.A.-kurrikulums betref, word hierdie vier (4) vakke soos volg bepaal: Die onderrigtaal van die voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels) en die drie (3) beste vakke. Die telling van die onderrigtaal word verdubbel, en daarby word getel die tellings van die drie (3) beste vakke.

E.1.5.1 SPESIFIEKE BA- en BCOM-TOELATINGSVEREISTES

Vir die twee B.A.-grade word 'n minimum M-telling van 13 vereis.

Vir al die B. Com.-grade word 'n minimum M-telling van 14 vereis, behalwe vir kurrikulumkodes E303P, E306P, E307P, E314P, E319P, E330/337P, E332P en E335P wat 'n minimum van 18 vereis. Vir E336/8P (B.Com Forensies) word 'n M-telling van 22 vereis (indien nie hieraan voldoen word nie kan aansoek vir voorwaardelike toelating gedoen word). Hierbenewens moet voornemende B.Com.-studente (met die uitsondering van diegene wat die kurrikulums E250P, E317P, E319P, E320P en E321P volg) met minstens 50% op standaardgraad of Wiskunde op die hoërgraad met 40% in die matrikulasie-eksamen geslaag het (kyk ook die volgende paragrawe). Indien 'n voornemende student nie aan hierdie vereiste (SG 50% / HG 40%) voldoen nie kan hy/sy aansoek vir

voorwaardelike toelating doen. Stawende dokumente ter motivering moet die aansoek vergesel.

Voornemende B.Com. Kwantitatiewe Risikobestuur- (E303P) en Aktuariële Wetenskap- (E306P) studente moet Wiskunde met ten minste 60% (C) op hoërgraad in die matrikulasië-eksamen geslaag het.

Voornemende B.Com. Bestuursrekenmeesterskap- (E332P) studente moet Rekeningkunde met ten minste 60% (C) op standaard- of 50% (D) op hoërgraad onderskeidelik in die matrikulasië-eksamen geslaag het (bo en behalwe die vereiste van Wiskunde SG 50% (D)/HG 40% (E)).

Voornemende B.Com. in Forensiese - en Geoktrooieerde Rekenmeesterskap- studente (E336P en E330P) moet Wiskunde en Rekeningkunde met ten minste 60% (C) op standaard- of 50% (D) op hoërgraad onderskeidelik in die matrikulasië-eksamen geslaag het. Hierbenewens mag daar van voornemende studente verwag word om 'n keuringseksamen te slaag. 'n Kandidaat wat nie aan die toelatingsvereiste voldoen nie, maar tog belangstel om 'n Geoktrooieerde Rekenmeester te word, moet vir die B.Com (Finansiële Rekenmeesterskap) registreer. Indien die kandidaat in Rekeningkunde (REKP 111, 121) 'n finale punt (modulepunt) van 65% in elk behaal, moet hy/sy die tweede eksamengeleentheid in RECP121 aflê en minstens 55% behaal, dan kan hy/sy by die Program Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding (SGR) aansoek doen vir toelating tot Finansiële Rekeningkunde (RECP211, 221).

Voornemende studente wat Rekeningkunde as hoofvak (d.w.s REKP111, 121, 211, 221, 311, 321 in totaliteit) wil neem, moet Rekeningkunde met ten minste 50% op standaard- of 40% op hoërgraad onderskeidelik in die matrikulasië-eksamen geslaag het.

Voornemende studente wat vir WISK111 wil inskryf, moet Wiskunde in die matrikulasië-eksamen op hoërgraad met minstens 50% of op standaardgraad met minstens 60% geslaag het. Kandidate wat nie hieraan voldoen nie, kan moontlik op een van twee wyses wel toelating tot WISK111 verkry:

- a) deur die opknappingskursus te volg wat in Januarie deur die Vakgroep vir Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aangebied word, kan kandidate wat voldoende presteer in die toetse wat tydens hierdie kursus afgeneem word, in aanmerking kom vir toelating tot WSK111;
- b) deur WISK123/124 te slaag, met dien verstande dat persone wat langs hierdie weg toelating wil kry tot kurrikula wat andersins vir hulle ontoeganklik sou wees, in ag moet neem dat hulle moontlik nie hulle studie in die minimumtydperk sal kan afhandel nie.

E.1.5.2 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigkurrikulums by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigkurrikulums te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van

vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uittreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uittreeuitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n niet-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

Die proses vir die erkenning van vorige leer is in Algemene reël A.1.15 gestel.

E.1.6 REGISTRASIE

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n student deurloop het om as student van die Universiteit te registreer (Algemene reëls A.1.45 en A.5).

E.1.6.1 REGISTRASIE VIR BYKOMENDE MODULES

'n Student kan in enige studiejaar, benewens die vereiste modules van die betrokke kurrikulum, bykomende modules neem ooreenkomstig die bepalinge in Algemene reëls A.5.8. Studente in die fakulteit word beperk tot 'n maksimum van 96 krediete per semester.

E.1.7 DUUR VAN STUDIE

Die minimum duur van die studie vir 'n BCom-graad is drie jaar en die maksimum duur vir die voltooiing van die graad vier jaar.

E.1.8 ONDERWYSERSOPLEIDING

Kurrikulums wat oor die vereiste aantal krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke voldoen, verleen toelating tot die eenjarige Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS). Dit is 'n akademiese professionele sertifikaat wat op die opleiding van onderwysers vir die intermediêre, en/of senior en verdere onderwys en opleidingsfase gerig is.

Toelatingsvereistes vir NGOS:

- a) 'n Eerste universiteitsgraad met 150 krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke, of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal tot 360 krediete op NKR-vlak 5 optel en wat minstens 150 krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke insluit.
- b) Die graadsamestelling moet van so 'n aard wees dat die student minstens twee vakdidaktieke kan neem. (Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe oor die vakdidaktieke wat aangebied word en die voorvereistes wat vir elke vakdidaktiek geld.)
- c) 'n Student wat nog nie sy/haar graad verwerf het nie, kan onder sekere omstandighede toegelaat word om vir die NGOS in te skryf en om die ontbrekende kursuseenhede vir sy/haar graad gelyktydig met die NGOS-studie te volg. Spesiale toestemming moet by die betrokke fakulteite verkry word.

E.1.9 EKSAMINERING

E.1.9.1 Eksamengeleenthede

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene reël A.8.1.

E.1.9.2 Samestelling van die deelnamepunt

- a) Die deelnamepunt vir 'n module (Algemene reël A.1.5) word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk.
- b) Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules is soos uiteengesit in die verskillende modules se studiegids.

E.1.9.3 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Algemene reëls A.1.4 en A.8.6).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevreëding van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die **studiegids** vir die betrokke module uiteengesit is.
- c) Vir modules waarvoor 'n deelnamepunt opgebou is, geld 'n deelnamepunt van 35% vir eerstevlak-modules en 40% vir modules op hoër vlakke as toelatingsvereiste tot die eksamen in die betrokke module.

E.1.9.4 Modulepunt

Die modulepunt (Algemene reël A.1.39) word bereken in die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is by die module-uitkomst (kyk E.3 (bladsy 62 en verder)).

E.1.9.5 Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum

- a) Die bepalings van Algemene reëls A.8.4 – A.8.7.11 is van toepassing.
- b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene reël A.8.7.5). Van die modules in ander fakulteite soos Regte se JURI-modules se subminimum is 45%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene reël A.8.7.1).
- d) Oorweging vir die aanpassing van die modulepunt van 'n eerstesemestermodule waarin eksamen geskryf is maar nie geslaag is nie geskied volgens die bepalings van Algemene reëls A.8.7.2 en A.8.7.3.
- e) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag (Algemene reël A.8.5).
- f) Algemene reëls A.8.7.9 en A.8.7.10 reël die vereistes om 'n module/ kurrikulum/kwalifikasie met onderskeiding te slaag.

E.1.9.6 Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op veronderstelde leer

- a) 'n Module van enige vak kan slegs geneem word indien die student reeds voldoen het aan die voorgeskrewe veronderstelde leer, soos bepaal in Algemene reël A.1.59 en A.5.4.1.2.

- b) Algemene reël A.5.8 bepaal die hoeveelheid krediete in 'n volgende semester waarvoor 'n student mag registreer sonder die toestemming van die dekaan.

E.1.9.7 Terminering van studie

Die studie van 'n student kan getermineer word (Algemene reël A.9).

E.1.10 SKOLE EN FOKUSAREAS IN DIE FAKULTEIT

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bestaan uit **vyf skole**. Elke skool word deur 'n **direkteur** bestuur. In elke skool is daar verskillende **programme** met **programleiers**. Die skole is veral verantwoordelik vir die **onderrig** van voorgraadse en nagraadse programme. In die Fakulteit is daar ook 'n Instituut vir Toerisme, Wildlewe-ekonomie en Vryetydstudies.

Die onderskeie skole, programme en instituut is die volgende:

SKOOL	PROGRAMME/INSTITUUT
Potchefstroom Besigheidskool	MBA-opleiding Middelbestuursprogram Gevorderde Bestuursprogram
Skool vir Mensehulpbron-Wetenskappe	Bedryfsosiologie Bedryfsielkunde
Skool vir Ekonomie	Internasionale Handel Risikobestuur Ekonomie
Skool vir Ondernemingsbestuur	Bemarking Entrepreneurskap Toerismesbestuur Bedryfsetiek Instituut vir Toerisme, Wildlewe- ekonomie en Vryetydstudies
Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe	Geoktrooieerde Rekenmeesters- opleiding Finansiële Rekenmeesters- opleiding Bestuursrekenmeestersopleiding Forensiese Rekenmeesterskap

Navorsing word in die Fakulteit bestuur deur die **direkteur** van die **Navorsingseenheid, Workwell: Research Unit for People, Policy & Performance**, waaronder verskeie **subprogramme** (**Ekonomiese mededingendheid** (*Economic Competitiveness*), en **Work Wellness**, rsorteer, asook 'n **Instituut**, naamlik dié vir **Toerisme, Wildlewe-ekonomie en Vryetydstudies**. Die direkteur van die navorsingseenheid is verantwoordelik vir die bestuur van die navorsingskomponent van die magister- en Ph.D.-opleidingsprogramme. Verdere inligting is op die navorsingsfokusarea se webtuiste (<http://www.workwell.co.za>) beskikbaar. Daar word ook navorsing gedoen saam met ander navorsingsfokusareas/eenhede (soos byvoorbeeld dié vir Bedryfswiskunde (BWI)).

E.2 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN MODULES IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

In die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe kan verskillende **kwalifikasies** op voor- en nagraadse vlak verwerf word. Een van dié wat op **voorgaadse vlak** verwerf kan word, staan bekend as die Baccalaureus Commercii (B Com)-graad, waarvan al die kurrikulums slegs op voltydse basis Vanuit hierdie fakulteit word ook twee Baccalaureus Artium (BA)-grade aangebied, naamlik dié in **Toerisme** en in **Gedragwetenskappe** (beide slegs voltydse en beide deur medium van Afrikaans en beide in 'n **sekere mate** ook deur medium van Engels) (kyk ook E.1.5 b)).

Al die bogenoemde "groepe" B-grade word in **verskillende programme (kurrikulums)** aangebied. Elke program het 'n **vaste kurrikulum**, wat weer saamgestel is **uit relevante modules (onderafdelings van vakke)**. Elke module beskik oor 'n **unieke kode**, dra 'n sekere **kredietwaarde**, beskik oor 'n **beskrywende naam** en word **kortliks beskryf** onder die hoof van "**Module-uitkomst**" (kyk E.2 en E.3).

Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums word in hierdie Jaarboek uiteengesit. Vir administratiewe doeleindes word die **verskillende programme/kurrikulums** onder die verskillende skole (waarin dit primêr aangebied word) ingedeel en elkeen word van 'n **unieke graadkode** voorsien. Die volledige besonderhede van en die reëls vir die verskillende **nagraadse** verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums verskyn in 'n **aparte** Nagraadse Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

'n Voornemende student moet eers besluit watter kwalifikasie hy of sy wil verwerf, waarna die betrokke program/kurrikulum gekies word.

Die Universiteit is bevoeg om in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe die volgende grade toe te ken:

E.2.1 LYS VAN KWALIFIKASIES EN PROGRAMME

(Die nommer van die bladsy (in hierdie Jaarboek)(P.) waarop 'n bepaalde program/kurrikulum verskyn, word in die vierde kolom aangedui)

OPMERKINGS:

Vanaf 2005 word alle modules, wat vanuit die Skole in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, slegs voltydse aangebied.

E.2.1.1 SKOOL VIR EKONOMIE

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasie / program-kode
B.Com	Ekonomie	E300P	30	500 128
	Internasionale Handel en Bemarking	E301P	31	500 130
	Risikobestuur	E302P	32	500 132
	Kwantitatiewe Risikobestuur	E303P	33	500 134
	Ekonomie en Informatika (Rekenaar-wetenskap)	E304P	34	500 135
	Ekonomie en Regte	E307P	35	500 139
Hons B.Com	Ekonomie (Voltyds/Deeltyds)	E640P	36	504 126
	Internasionale Handel en Bemarking (Voltyds/Deeltyds)	E641P	36	504 127
	Risikobestuur (Voltyds/Deeltyds)	E642P	37	504 128
	Ekonomie (Selecta)	E643P	37	504 126
M.Com	Ekonomie (Voltyds/Deeltyds)	E800P		505 120
	Internasionale Handel (Voltyds/Deeltyds)	E801P		505 121
	Risikobestuur (Voltyds/Deeltyds)	E802P		505 122
Ph.D	Ekonomie (Voltyds/Deeltyds)	E900P		506 120
	Internasionale Handel (Voltyds/Deeltyds)	E901P		506 121
	Risikobestuur (Voltyds/Deeltyds)	E902P		506 122

E.2.1.2 SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasie / program-kode
B.Com	Toerismebestuur (Bedryfsosiologie)	E310P	38	500 141
	Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur	E311P	39	500 142
	Ondernemingsbestuur en Regte	E314P	40	500 146
	Toerisme en Ekonomie	E315P	41	500 178
	Sport en Rekreasiebestuur	E317P	42	500 150
B.A.	Toerismebestuur	E318P	43	100 142
B.Com	Kommunikasiebestuur	E319P	44	500 145
	Toerismebestuur en Rekreasiekunde	E250P	45	500 171
	Geoktrooieerde Bemarking	E351P	46	500 180
	Bemarkings- en Toerismebestuur	E361P	47	500 182
Hons B.Com	Entrepreneurskap en Bemarking (Voltyds)	E651P	48	504 130
	Toerismebestuur (Voltyds)	E652P	48	504 131
Hons B.A.	Toerismebestuur (Voltyds)	E653P	49	102 153
M.Com	Toerismebestuur (Voltyds/Deeltyds)	E810P		505 123
	Entrepreneurskap (Voltyds/Deeltyds)	E811P		505 124
	Bemarking (Voltyds/Deeltyds)	E812P		505 125
M.A.	Toerisme (Voltyds/Deeltyds)	E813P		103 170
Ph.D	Ondernemingsbestuur (Voltyds/Deeltyds)	E910P		506 123
	Entrepreneurskap (Voltyds/Deeltyds)	E911P		506 124
	Bemarkingsbestuur (Voltyds/Deeltyds)	E912P		506 125
	Toerismebestuur (Voltyds/Deeltyds)	E913P		506 126

E.2.1.3 SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasie / programkode
B.Com	Mensehulpbron-Bestuur	E320P	50	500 151
	Gedragwetenskappe	E321P	51	500 153
B.A.	Gedragwetenskappe	E322P	52	100 143
Hons B.Com	Bedryfsielkunde (vir Psigometris in wording -opleiding) (Voltyds/Deeltyds)	E630P	53	504 120
Hons B.A.	Bedryfsielkunde (vir Psigometris in wording -opleiding) (Voltyds/deeltyds)	E641P	53	102 150
Hons B.Com	Mensehulpbron-Bestuur (Voltyds/Deeltyds)	E625P	54	504 121
Hons B.A.	Mensehulpbron-Bestuur (Voltyds/Deeltyds)	E628P	54	102 151
Hons B.Com	Arbeidsverhoudinge (Voltyds/ Deeltyds)	E626P	55	504 122
Hons B.A.	Arbeidsverhoudinge (Voltyds/Deeltyds)	E629P	55	102 152
M.Com	Bedryfsielkunde (Voltyds/Deeltyds)	E820P		505 126
	Bedryfsosiologie (Voltyds/Deeltyds)	E821P		505 127
	Mensehulpbron-Bestuur (Voltyds/Deeltyds)	E824P		505 128
M.A.	Bedryfsielkunde (Voltyds/Deeltyds))	E822P		103 171
	Mensehulpbron-Bestuur (Voltyds/Deeltyds)	E825P		103 173
	Bedryfsosiologie (Voltyds/Deeltyds)	E823P		103 172
M.Sc	Bedryfsielkunde (Voltyds/Deeltyds)	E801P		203 140
	Mensehulpbron-Bestuur (Voltyds/Deeltyds)	E802P		203 141
Ph.D	Bedryfsielkunde (Voltyds/Deeltyds)	E921P		506 127
	Bedryfsosiologie (Voltyds/Deeltyds)	E922P		506 128

E.2.1.4 SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasie / program-kode
B.Com	Geotrooieerde Rekenmeesterskap (Word in 2008 net op derdejaarsvlak aangebied)	E330P	56	500 155
	Geotrooieerde Rekenmeesterskap (Hierdie kurrikulum het in 2007 begin)	E337P	57	500 155
	Finansiële Rekenmeesterskap	E331P	58	500 156
	Bestuursrekenmeesterskap	E332P	59	500 158
	Rekeningkunde en Informatika	E334P	60	500 162
	Rekeningkunde en Regte	E335P	61	500 164
	Forensiese Rekenmeesterskap. (Word in 2008 net op derdejaarsvlak aangebied)	E336P	62	500 181
	Forensiese Rekenmeesterskap. (Hierdie kurrikulum het in 2007 begin)	E338P	63	500 181
Hons B.Com	Geotrooieerde Rekenmeesterskap (Voltyds)	E630P	64	504 123
	Finansiële Rekenmeesterskap (Voltyds & Deeltyds)	E631P	64	504 124
	Bestuursrekenmeesterskap (Voltyds en Deeltyds)	E632P	65	504 125
	Forensiese Rekenmeesterskap (Voltyds)	E633P	65	504 132
M.Com	Bestuursrekeningkunde (Gedoseer) (Voltyds en Deeltyds)	E830P		505 129
	Bestuursrekeningkunde Verhandeling (Voltyds & Deeltyds)	E831P		505 129
	Rekenmeesterskap Verhandeling (Voltyds en Deeltyds)	E832P		505 130
	Finansiële Rekeningkunde Verhandeling (Voltyds en Deeltyds)	E833P		505 131
	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting Verhandeling (Deeltyds)	E834P		505 132
	Internasionale Belasting (Gedoseer) (Deeltyds)	E835P		505 132
	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting (Gedoseer) (Voltyds & Deeltyds)	E836P		505 132
	Forensiese Rekenmeesterskap(Deeltyds)	E837P		505 133

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasieprogram-kode
Ph.D	Bestuursrekeningkunde (Voltyds en Deeltyds)	E931P		506 129
	Rekenmeesterskap (Voltyds & Deeltyds)	E932P		506 130
	Finansiële Rekeningkunde (Voltyds en Deeltyds)	E933P		506 131
	Belasting (Deeltyds)	E934P		506 132

E.2.1.5 POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL

(Kyk ook die PBS se eie inligtingsblad of besoek hulle webtuiste by: <http://www.nwu.ac.za/fakulteite/ekon/pbs/index.html> met die oog op **wysigings** ten opsigte van die kurrikulums en modules wat van toepassing is op studente wat se **MBA-studies in 2005** 'n aanvang neem. Die **onderstaande MBA-kurrikulums** is van toepassing op studente wat die eerste keer in **2004 en vroeër** daarvoor geregistreer het)

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasie / program-kode
MBA	(Kontak/Deeltyds)	E780P		508 102
Ph.D.	(Voltyds en Deeltyds)	E901P		509 102

E.2.2 MODULES VIR DIE GRADE BACCALAUREUS COMMERCII (B COM) EN BACCALAUREUS ARTIUM (BA) WAT IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSAPPE AANGEBIED WORD

E.2.2.1 MODULES EN KREDIETE

- a) Modules het 'n kode en 'n beskrywende naam, byvoorbeeld MBGB111 waarvan die betekenis van die syferkodes in Algemene reël A.1.38 verklaar is.
- b) Modules dra elkeen 'n bepaalde "gewig" bekend as 'n kredietpunt (Algemene reël A.1.29).
- c) Modules word slegs voltyds aangebied.

E.2.2.2 LYS VAN MODULES

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstelde leer
Tswana			
ATSW114	Inleiding tot die Tswana- taalkunde	8	
ATSW124	Grammatikale Strukture van Tswana	16	ATSW114
Bedryfsetiek			
BETP221	Bedryfsetiek	8	
BETP311	Bedryfsetiek	8	
RPEP221	Professionele Etiek	8	
RPEP311	Professionele Etiek	8	
Bestuursrekeningkunde			
BRKP211	Bestuursrekeningkunde: Kostebegrippe, -Elemente en -Stelsels	16	REKP111, 121 of RESP111, 121 of RECP111, 121
BRKP221	Bestuursrekeningkunde: Kostegedrag en Besluitnemingstegnieke	16	BRKP211 (40%)
BRKP311	Bestuursrekeningkunde: Beplanning en Beheer	16	BRKP211, 221
BRKP321	Bestuursrekeningkunde: Besluitneming en Finansiële Bestuur	16	BRKP211, 221
Bedryfsielkunde			
BSKP111	Inleiding tot die Bedryfsielkunde	8	
BSKP151	Beroepsgesondheid	8	
BSKP161	Diversiteit in Werkskonteks	8	
BSKP211	Personeelsielkunde	16	
BSKP251	Beroepsielkunde	8	
BSKP261	Psigopatologie in Werkskonteks	8	

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstelde leer
BSKP311	Organisasiesielkunde	16	
BSKP351	Psigometrie	8	
BSKP361	Navorsingsmetodologie	8	
Bedryfsosiologie			
BSOP111	Inleiding tot die Bedryfsosiologie	8	
BSOP151	Sosiale Patologie	8	
BSOP161	Sosiale Verandering	8	
BSOP211	Beroepsosiologie	16	
BSOP221	Groepsdinamika	16	
BSOP311	Teorie en Praktyk van Arbeidsverhoudinge	16	
BSOP321	Bestuur van Arbeidsverhoudinge	16	
Bedryfswiskunde			
BWIN123	Projek: Finansiële Wiskunde	8	WISK111
BWIN313	Finansiële Wiskunde 102a	24	WISK221, STTK221
BWIN323	Finansiële Wiskunde 102b	24	BWIN313
BWIN324	Aktuariële Wiskunde106	24	BWIN324
BWIN321	BWI-projek:Effektebeursmodellering en Analise	8	ITRW211/212, ITRW224, EKRP311, BWIN313, STTK311
Ekonomie			
EKIP211	Internasionale Handel	16	
EKIP221	Internasionale Finansiering	16	
EKIP321	Internasionale Besigheidskommunikasie	16	
EKNP111	Die Werking van die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Stelsel	8	
EKNP121	Basiese Makro- en Mikro-Ekonomie	16	
EKNP211	Mikro- en Makro-Ekonomie	16	EKNP121 & WISK123/4 (40%)
EKNP221	Fiskale en Monetêre Beleid	16	
EKNP311	Ontwikkelingsekonomie	16	EKNP211/221
EKNP321	Ekonomiese Analise	16	
EKRP211	Inleiding tot Risikobestuur	16	
EKRP221	Korporatiewe Finansiering	16	
EKRP311	Bankrisikobestuur	16	
EKRP321	Finansiële Markte	16	
EKRP351	Afgeleide instrumente	8	

Module-kode	Beskrywende naam	krediet	Veronderstelde leer
English			
ENGL122	Practical English for Professional Purposes	16	
Kreatiewe Entrepreneurskap			
ENTR221	Kreatiewe Entrepreneurskap	8	
Forensiese Rekeningkunde			
FORP111	Forensiese Rekeningkunde	16	
FORP121	Forensiese Rekeningkunde	16	
FORP212	Forensiese Rekeningkunde en Ondersoek	16	
FORP222	Forensiese Besondere Misdade	16	
FORP311	Forensiese Rekeningkunde en Ondersoek	16	
FORP321	Forensiese Rekeningkunde en Ondersoek	16	
Frans			
FRAB111	Sake-Frans Elementêr 1	16	
FRAB121	Sake-Frans Elementêr 2	16	
FRAN111	Frans Elementêr	16	
FRAN121	Frans Elementêr	16	
Geografie en Omgewingstudie			
GGFN111	Inleiding tot Omgewingsaspekte I	8	
GGFN121	Inleiding tot Omgewingsaspekte II	16	
GGFN211	Ekonomiese Geografiese Statistiek en Toegepaste Klimatologie	16	GGFN121
GGFN221	Antropogeniese Vraagstukke en Geografiese Tegnieke	16	GGFN111/121
GGFN311	Beginsels van Omgewingsbestuur	16	GGFN111/121 GGFN221
GGFN321	Omgewingsbestuursinstrumente en -hulpmiddels	16	
GGFN322	Praktiese Omgewingsimpak-bepalings en Gevorderde Geografiese Inligtingstelsels	16	GGFN111 GGFN312/321
Duits			
GRMB111	Sake-Duits Elementêr I	16	
GRMB121	Sake-Duits Elementêr 2	16	GRMB111/ Matriek-Duits/ Slaag van taaltoets
GRMN111	Duits Elementêr 1	8	
GRMN121	Duits Elementêr 2	16	

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstelde leer
Besigheidsreg			
HRER141	Algemene Inleiding tot die Besigheidsreg	8	
Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels			
ITRW111	Inleiding tot programmering	8	
ITRW121	Grafiese koppelvlak programmering I	16	ITRW111
ITRW122	Programmering I (Java)	16	ITRW111
ITRW211	Grafiese koppelvlak programmering II	8	ITRW121
ITRW212	Programmering II (Java)	16	ITRW122
ITRW213	Stelselontleding I	16	ITRW121/122
ITRW214	Besluitsteunstelsels I	16	WISK113 of TGWS111
ITRW224	Stelselontleding (Vir Wetenskaplike Toepassings)	8	ITRW121 of ITRW122
ITRW225	Stelselontleding en – ontwerp II	16	
ITRW311	Databasisse I	16	ITRW221 of ITRW224
ITRW312	Kunsmatige Intelligensie	8	
ITRW321	Databasisse II	16	ITRW311
Regte			
JURI111	Inleiding tot die Reg	12	
JURI112	Taalvaardigheid in Regskonteks	12	
JURI113	Regsgeskiedenis	12	
JURI114	Persone- en Regspersonereg	12	
JURI121	Inheemse Reg	12	
JURI122	Regsvaardighede	12	
JURI123	Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg	12	
JURI124	Erfreg	12	
JURI211	Strafreg: Algemene Beginsels	12	
JURI213	Strafprosesreg	12	
JUIR214	Staatsreg	12	
JURI215	Ondernemingsreg	12	
JURI216	Familiereg	12	
JURI217	Uitleg van Wette	12	
JURI221	Strafreg: Besondere Misdade	12	
JURI223	Strafprosesreg	12	
JURI224	Arbeidsreg	12	
JURI225	Deliktereg	12	

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstelde leer
JURI226	Sakereg	12	
JURI314	Bewysreg	12	
JURI315	Kontraktereg: Algemeen Beginsels	12	
JURI323	Civil Procedures in the Higher Court	12	
JURI325	Bewysreg	12	
JURII327	Besondere Kontrakte	12	
Keusemodules			
KEUS311:	Een van die volgende modules (AFNV311, BYBI311, EKNP312, ENSW311, ATSW112, AZOE112):		
AFNV311	Afrikaans vir die Professions	8	
BYBI311	Bybelinterpretasie vir Lewe en Wetenskap	8	
EKNP312	Persoonlike Finansiële Bestuur	8	
ENSW311	English for the Professions	8	
ATSW112	Dumêla: praktiese setswana vir nie-moedertaal sprekers	8	
AZOE112	Sawubona: praktiese zoeloe vir nie-moedertaal sprekers	8	
Kommunikasiestudies			
KOMS111	Inleiding tot Massakommunikasie	8	
KOMS112	Interpersoonlike Kommunikasie	8	
KOMS121	Inleiding tot Joernalistiek	16	
KOMS122	Kleingroepkommunikasie	8	
KOMS123	Oorredingskommunikasie	8	
KOMS211	Korporatiewe Kommunikasie: Skakelwerk	16	
KOMS212	Inleidende Kommunikasie-etiek en -Reg	8	
KOMS213	Korporatiewe Media: Publisering	16	
KOMS215	Korporatiewe Media: Teorie	8	
KOMS221	Interkulturele Kommunikasie	8	
KOMS222	Korporatiewe Kommunikasie: Intern	8	
KOMS223	Korporatiewe Media: Webblad-ontwikkeling (Redigeerders)	8	
KOMS255	Effektiewe Kommunikasie	8	
KOMS266	Toegepaste Kommunikasie-vaardighede	8	KOMS255
KOMS311	Beeldestetika	16	
KOMS312	Ontwikkelingskommunikasie	8	
KOMS313	Spraakkommunikasie	8	
KOMS314	Korporatiewe Media: Interaktiewe Multimedia	8	

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstelde leer
KOMS315	Korporatiewe Media: Media-betrekkinge	8	
KOMS321	Korporatiewe Bemarkingskommunikasiebestuur	16	KOMS211
KOMS322	Filmteorie en –kritiek	8	
KOMS323	Politieke Kommunikasie	8	
KOMS324	Navorsingsmetodologie	16	
KOMS325	Korporatiewe Kommunikasie: Joernalistiek	8	
KOMS326	Korporatiewe Kommunikasie: Multimedia	8	KOMS213, 223
KOMS327	Video:voorproduksie	8	
Leer- en Leesontwikkeling			
LEER111	Leer- en Leesontwikkeling	8	
Gesondheidsbevordering			
MBGB111	Gesondheidsbevordering vir Menslike Bewegingskunde	8	
Menslike Bewegingskunde			
MBWK111	Motoriese Leer	8	
MBWK121	Sporttrauma	8	
MBWK122	Kinantropometrie	8	
MBWK211	Kinesiologie	8	
MBWK215	Oefenfisiologie	8	
MBWK221	Oefenpsigologie	16	
MBWK222	Sportpsigologie	8	
Sportkunde			
MBXR124	Sportkunde in Rugby	8	
MBXN124	Sportkunde in Netbal	8	
Mensehulpbron-Wetenskappe (Bedryfsielkunde en Bedryfsosiologie)			
MHBP111	Inleiding tot Mensehulpbron-Bestuur	8	
Ondernemingsbestuur			
ONBP111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur	8	
ONBP122	Inleiding tot Bemarkingsbestuur	16	
ONBP212	Bemarkingsplan	16	
ONBP213	Verbruikersgedrag	16	
ONBP214	Entrepreneuriese Bestuur	16	
ONBP221	Logistieke Bestuur	16	
ONBP222	Verhoudingsbemarking	16	
ONBP224	Entrepreneurskap	16	
ONBP311	Lewensvatbaarheidstudies	16	

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstel-de leer
ONBP312	Handelsmerkbesluite	16	
ONBP313	Bemarkingsnavorsing	16	
ONBP321	Ondernemingsplan	16	
ONBP322	Prysbesluite	16	
ONBP323	Geïntegreerde Bemarkings-kommunikasie (GIBK)	16	
ONBP324	Entrepreneuriese Strategiese Bestuur	16	
Toerismebestuur			
ONTP111	Inleiding tot Toerismebestuur	8	
ONTP122	Gasvryheidsbestuur	16	
ONTP123	Sporttoerisme en Gebeurtenisbestuur	16	
ONTP211	Toegepaste Toerismebestuur	16	
ONTP212	Entrepreneuriese Toerisme	16	
ONTP224	Wldplaasbestuur	16	
ONTP311	Ekotoerisme	16	
ONTP321	Toerismebemarking	16	
VHTB311	Gasvryheidsbestuur: Voedsel en Drank & Voedseldiensbestuur	16	
Openbare Bestuur en Administrasie			
PUMA111	Inleiding tot Openbare Bestuur	8	
PUMA121	Lokus en fokus van Openbare Bestuur	16	
PUMA211	Openbare beleide en beplanning	16	
PUMA221	Die Regering en volhoubare ontwikkeling	24	
PUMA311	Munisipale Bestuur en Navorsing	24	
PUMA321	Strategiese Openbare Hulpbronbestuur	32	
Politieke Studies			
POLI111	Politiek, Staat en Regering	8	
POLI121	Die Suid-Afrikaanse Politieke Stelsel	16	
Psigologie			
PSIG131	Inleiding tot Psigologie: Fisiese en Kognitiewe Prosesse	8	
PSIG151	Inleiding tot Psigologie: Emosionele en Motiveringsprosesse	8	
PSIG211	Menslike Ontwikkeling in Sosio-Kulturele Konteks	16	

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstel-de leer
PSIG241	Perspektiewe op Menswees A	8	
PSIG251	Psigologiese Gesondheid: Menslike Sterktes en Veerkragtigheid	8	
PSIG252	Inleiding tot Hulpverlening en Etiek	8	
PSIG261	Lewensvaardighede	8	
PSIG311	Inleiding tot Psigopatologie	16	
PSIG312	Teoretiese Perspektiewe op Hulpverlening	16	
PSIG323	Gesondheids- en MIV-voorligting	16	
PSIG322	Fasilitering van Menslike Ontwikkeling	16	
PSIG353	Krisisintervensie	8	
Besigheidsreg			
PVRR131	Inleiding tot die Kontraktereg	8	
Geoktrooierde Rekenmeesterskap			
RECP111	Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae Toepassings	16	Wiskunde en Rekening-kunde met 60% op SG, of 50% HG in die matrikulasie-eksamen
RECP121	Rekeningkunde: Inleidende Korporatiewe Rekeningkunde	16	RECP 111 (55%) of REKP 111(65%)
RECP211	Rekeningkunde: Korporatiewe Rekeningkunde; Ontleding en Vertolking	16	RECP111 (55%) en 121 (55%), of REKP121 (65%) en RECP121 (55%) in die tweede eksamen-geleentheid, of REKP111(65%),REKP 121 (65%) en RECP121 (55%) in die tweede eksamen-geleentheid
RECP221	Rekeningkunde: Inleiding tot AARP en Groepstate	16	RECP211
RECP271	Rekeningkunde: Inleiding tot AARP/IFRS, Korporatiewe Rekeningkunde en Ontleding en vertolking (vanaf 2008)	32	RECP121 (55%), of REKP111(65%),REKP 121 (65%) en RECP121 (55%) in die tweede eksamen-geleentheid

Module-kode	Beskrywende naam	Krediet	Veronderstel-de leer
RECP311	Rekeningkunde: Groepstate en Komplekse Groepe	16	RECP211,221 (en gem. 55%)
RECP321	Rekeningkunde: AARP – Capita selecta	16	RECP311
RECP371	Rekeningkunde: Komplekse Korporatiewe Rekeningkunde (Insluitend groepe) en AARP/IFRS (vanaf 2009)	32	RECP271 (55%)
Totaal eerste semester	76	Totaal eerste semester	68	Totaal eerste semester	84
TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER	
Kode	KR	Kode	KR	Kode	KR
FORP121(H)	16	FORP222(H)	16	FORP321(H)	16
KOMS255	8	JURI223	12	JURI325	12
RECP121 (H)	16	JURI323	12	REBP322(H)	16
RHRP121	16	REBP221 (H)	16	REOP321(H)	16
STTK122	8	REOP221(H)	16	RRTP321	16
WISK124	8				
Totaal tweede semester	72	Totaal tweede semester	72	Totaal tweede semester	76
Totaal Jaarvlak 1	148	Totaal Jaarvlak 2	172	Totaal Jaarvlak 3	192
Totaal krediete vir die kurrikulum					512

E.3.3.4.9 E630P: HONS B COM GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP
(VOLTYDS) (504123)

JAARMODULES	
KODE	KR
RECP671	48
RECP672	48
RECP673	48
RECP674	48
TOTAAL KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	192

E.3.3.4.10 E631P: HONS B COM FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP
(VOLTYDS EN DEELTYDS (504124))

JAARMODULES	
KODE	KR
REKP671	32
REKP672	32
REKP673	32
REIP671	32
BRKP671	32
TOTAAL KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	160

E.3.3.4.11 E632P: HONS B COM BESTUURSREKENMEESTERSKAP (VOLTYDS EN DEELTYDS (504125))

EERSTE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
KODE	KR	KODE	KR
BRKP 671 (Jaarmodule)	(16)	BRKP 671 (Jaarmodule)	(16)
BRKP672 (Jaarmodule)	(16)	BRKP 672 (Jaarmodule)	(16)
BRKP 674 (Jaarmodule)	(16)	BRKP 674 (Jaarmodule)	(16)
BRKP 676 (Jaarmodule)	(16)	BRKP 676 (Jaarmodule)	(16)
BRKP 613	16	BRKP 623	16
BRKP 614	16		
TOTAAL KREDIETE	96	TOTAAL KREDIETE	80
TOTAAL KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM			176

E.3.3.4.12 E633P: HONS B COM IN FORENSIESE REKENMEESTERSKAP (VOLTYDS (504132))

JAARMODULES			
KODE			KR
RECP671			48
RECP672			48
JURI411			12
FORP671			48
TOTAAL KREDIETE	VIR	DIE	156
KURRIKULUM			

E.4 VOORGRAADSE MODULE-UITKOMSTE

KEUSE-MODULE

AFNV311: AFRIKAANS VIR DIE PROFESSIONS

1 ½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die vermoë te demonstreer om hom/haar grammatikaal korrek en doelmatig mondeling en skriftelik in Afrikaans uit te druk; Tekste in die toepaslike register en genre te skryf en te hersien in die lig van die aard en behoeftes van die teikengehoor en die vereistes van goeie kommunikasie [soos styl, uitleg, betekenis en samehang].

KEUSE-MODULE

ATSW112: DUMÊLA: PRAKTIESE SETSWANA

PK 1X2 uur 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om die 4 basiese taalvaardighede in funksionele Tswanataalstrukture te kan toepas, naamlik luister, lees, praat en skryf.

KEUSE-MODULE

AZOE112: SAWUBONA: PRAKTIESE ZOELOE

PK 1X2 uur 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om die 4 basiese taalvaardighede in funksionele Zoeloetaalstrukture te kan toepas, naamlik luister, lees, praat en skryf.

TSWANA

ATSW114: INLEIDING TOT DIE TSWANA-TAALKUNDE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik en die basiese taalvaardighede naamlik luister, praat en lees op elementêre vlak te gebruik.

ATSW124: GRAMMATIKALE STRUKTURE VAN TSWANA

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Groter hoeveelheid noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik en die basiese taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees en skryf op elementêre vlak te gebruik.

BEDRYFSETIEK

BETP221: BEDRYFSETIEK

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Begrippe soos wetenskap , universiteit, geloof en samelewing te verstaan en te verklaar; Die idee van neutrale wetenskap en paradigma-gedrewe wetenskap te verduidelik en te debatteer; Die betekenis van wetenskap op 'n Christelike grondslag te verduidelik; Die begrip wêreldbeskouing te kan verklaar en 'n onderskeid te kan tref tussen verskillende kontemporêre wêreldbeskouings; Aspekte soos interkulturele kommunikasie en armoede te kan verklaar en te debatteer.

BETP311: BEDRYFSETIEK

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Verskillende ekonomiese stelsels te kan identifiseer en verduidelik: Die mens en sy arbeid te kan verklaar; Die wyse waarop 'n onderneming teenoor sy verbruikers behoort op te tree, te evalueer; Die probleme wat die verbruiker ervaar te beskryf en riglyne vir verbruikersgedrag te voorsien; Die teenstrydigheid van tegnologie te kan verduidelik; Die etiek van bemarking en mededinging te evalueer en verduidelik; Die redes vir 'n selfbestuursplan te verduidelik; Die probleme van die versekeringsbedryf te identifiseer en reformatoriese oplossings te verskaf; Die basiese beginsels van 'n regverdige belastingstelsel af te lei en standpunte rakende 'n gesonde belastingstelsel te kan debatteer.

RPEP221: PROFESSIONELE ETIEK

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Gesonde inleidende begrip van die etiese dimensie van individuele en sosiale lewenservarings binne die konteks van kulturele diversiteit te illustreer; Die teologiese en deontologiese filosofie en die relevansie daarvan vir sake- en professionele etiek op basiese vlak te verstaan en te verklaar; Begrip te kan toon van die klassieke liberale benadering tot die rol van besigheid en regering in die samelewing; Sy/haar vermoë om studiegevalle met etiese kennis en teorie te verbind, te kan demonstreer; Sy/haar vermoë om etiese besluitnemingstrategieë toe te pas, bv. op gevallestudies, te kan demonstreer; Die teorie van motivering en menslike waardigheid te beskryf; 'n Deeglike inleidende begrip van geselekteerde sosio-ekonomiese etiese kwessies van toepassing op besigheid en in professionele praktyk te verstaan en te verklaar; 'n Inleidende begrip van geselekteerde kwessies en benaderings in Sake-etiek in Suid-Afrika en internasionaal te kan toon; 'n Basiese kennis en begrip van korporatiewe beheer in Suid-Afrika te kan demonstreer, insluitende organisasies en konformasie; Kennis en basiese vaardighede met betrekking tot die aard van organisasies en bestuur in etiese perspektief te kan plaas; Die vermoë te kan demonstreer om die bogemelde vaardighede en kennis te verbind met gepaste gevallestudies.

RPEP311: PROFESSIONELE ETIEK

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Deeglike kennis van die aard van professionaliteit in die algemeen en wat betref die etiese aspekte te kan demonstreer; Begrip te kan demonstreer vir die doelwitte, strukture en inhoud van geselekteerde etiese kodes van besigheid en professies; Basiese kennis van die hoof etiese kwessies en aspekte van die rekeningkundige en ouditkundige professie te kan verstaan en toe te pas; Die vermoë te kan demonstreer om gevallestudies in die rekeningkundige professie te kan ontleed met betrekking tot besluitneming, vergelykende etiek en diverse etiek (waar van toepassing), asook etiese teorieë, en om oplossings tot die etiese kwessies te kan voorstel; 'n Deeglike begrip van die

Professionele Gedragskode vir rekenmeesters en ouditeurs in Suid-Afrika te toon; Die basiese beginsels van 'n regverdige belastingstelsel af te lei en standpunte rakende 'n gesonde belastingstelsel te kan debatteer.

RPEP 212 - Besigheids- en Profesionele etiek

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Gesonde inleidende begrip van die etiese dimensie van individuele en sosiale lewenservarings binne die konteks van kulturele diversiteit te illustreer; Die teologiese en deontologiese filosofie en die relevansie daarvan vir sake- en professionele etiek op basiese vlak te verstaan en te verklaar; Begrip te kan toon van die klassieke liberale benadering tot die rol van besigheid en regering in die samelewing; Sy/haar vermoë om studiegevalle met etiese kennis en teorie te verbind, te kan demonstreer; Sy/haar vermoë om etiese besluitnemingstrategieë toe te pas, bv. op gevallestudies, te kan demonstreer; Die teorie van motivering en menslike waardigheid te beskryf; 'n Deeglike inleidende begrip van geselekteerde sosio-ekonomiese etiese kwessies van toepassing op besigheid en in professionele praktyk te verstaan en te verklaar; 'n Inleidende begrip van geselekteerde kwessies en benaderings in Sake-etiek in Suid-Afrika en internasionaal te kan toon; 'n Basiese kennis en begrip van korporatiewe beheer in Suid-Afrika te kan demonstreer, insluitende organisasies en konformasie; Kennis en basiese vaardighede met betrekking tot die aard van organisasies en bestuur in etiese perspektief te kan plaas; Die vermoë te kan demonstreer om die bogemelde vaardighede en kennis te verbind met gepaste gevallestudies.

Die student behoort verder in staat te wees om: Deeglike kennis van die aard van professionaliteit in die algemeen en wat betref die etiese aspekte te kan demonstreer; Begrip te kan demonstreer vir die doelwitte, strukture en inhoud van geselekteerde etiese kodes van besigheid en professies; Basiese kennis van die hoof etiese kwessies en aspekte van die rekeningkundige en ouditkundige profesie te kan verstaan en toe te pas; Die vermoë te kan demonstreer om gevallestudies in die rekeningkundige profesie te kan ontleed met betrekking tot besluitneming, vergelykende etiek en diverse etiek (waar van toepassing), asook etiese teorieë, en om oplossings tot die etiese kwessies te kan voorstel; 'n Deeglike begrip van die Professionele Gedragskode vir rekenmeesters en ouditeurs in Suid-Afrika te toon; Die basiese beginsels van 'n regverdige belastingstelsel

BESTUURSREKENINGKUNDE

BRKP211: BESTUURSREKENINGKUNDE: KOSTEBEGRIPE, -ELEMENTE EN – STELSLS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Te onderskei tussen bedryfsrekeningkunde, bestuursrekeningkunde en finansiële rekeningkunde en al die koste-begrippe en konsepte van toepassing by bedryfs- en bestuursrekeningkunde te definieer; Die koste-elemente, naamlik materiaal, arbeid en bokoste, by vervaardigingsondernemings te hanteer deur die toerekening en teboekstelling van elk; Aktiwiteitsgebaseerde kosteberekening te verstaan en implementeer; Koste- en inkomstestate voor te berei; 'n Taakkostestelsel te ontwerp en 'n algemene grootboek te rekonstrueer; 'n Proseskostestelsel te implementeer.

BRKP221: BESTUURSREKENINGKUNDE: KOSTEGEDRAG EN BESLUIT-NEMINGSTEGNIEKE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die tegnieke toe te pas om gemengde koste te skei in vaste- en veranderlike komponente en 'n kosteskatting te kan doen; Die verwantskap tussen

koste, volume en wins te verstaan en toe te pas in besluitneming; Die verwantskap tussen koste, volume en wins te hanteer by ondernemings met meer as een soort produk en relevante inligting te hanteer en die relevante kostebeginsels toe te pas by besluitneming; Tegnie-gemeenskaplike koste toe te deel by medeprodukte en byprodukte asook besluitneming rakende verdere verwerking te boek te stel; Diensdepartemente se koste toe te deel na produksiedepartemente deur van geskikte toedelingsmetodes gebruik te maak; Lineêre programmering toe te pas as 'n tegniek vir besluitneming in organisasies.

BRKP311: BESTUURSREKENINGKUNDE: BEPLANNING EN BEHEER

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Sy / haar siening ten opsigte van beplanning en verkwisting in die onderneming te bespreek; Vertroud te wees met die eienskappe waarom 'n bestuursrekenmeester moet beskik ten einde te beantwoord aan 'n etiese kode; 'n Meesterbegroting op te stel vir beide vervaardigings- en nie-vervaardigingsondernemings en die gebruik van begrotings as deel van die beplanningsproses binne die onderneming te bespreek; Gebruik te maak van veranderlike begrotings vir die doeleindes van kostebeheer in ondernemings, om afwykings volgens oorsake te bepaal en die prestasie van die onderneming te evalueer; Standaardkoste vir die doeleindes van kostebeheer binne ondernemings te kan toepas, sowel as afwykings te ontleed vir materiaal, arbeid en bokoste, sowel as die prestasie van die onderneming te evalueer en aanbevelings te maak; Verslaggewing te kan doen deur middel van beide 'n veranderlike koste en 'n absorpsiekoste benadering te volg, asook die oorskakeling van een benadering na 'n ander te doen en verskil in winste tussen die benaderings te rekonsilieer; Segmentele verslaggewing te doen en oordragprysbepaling te kan doen.

BRKP321: BESTUURSREKENINGKUNDE: BESLUITNEMING EN FINANSIËLE BESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Rentmeesterskap en die maksimering van aandeelhoudersbelang te bespreek; Die verhouding tussen risiko en opbrengs te verstaan en die aanduiders van risiko en opbrengs te kan bereken en interpreteer; Vertroud te wees met langtermyn finansiering binne die onderneming sowel as die bronne van langtermyn en korttermyn finansiering; Die bestaande kapitaalstruktuur te evalueer, die optimale kapitaalstruktuur van die onderneming te bepaal sowel as die koste van kapitaal te bereken; Kapitaalinvesterings- en finansieringsalternatiewe te oorweeg, evaluering daarvan te doen en aanbevelings te maak; Relevante inligting te gebruik vir die doeleindes van besluitneming in die onderneming; Vertroud te wees met die bestuur van bedryfskapitaal; Onderskeid te kan tref tussen alternatiewe dividendbeleide en die invloed van dividendbesluite op die onderneming te evalueer.

BEDRYFSIELKUNDE

BSKP111: INLEIDING TOT DIE BEDRYFSIELKUNDE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kennis van en insig in die kerngebiede van die Bedryfsielkunde en die loopbaanvoorsigte, rolle, funksies en bevoegdhede van geregistreerde beraders en sielkundiges te toon; Kennis van en insig in organisasies as die studieterrein van Bedryfsielkunde te toon; Kennis van en insig in die fisiologiese basis van gedrag (insluitend die senuweestelsel, die endokriene stelsel en genetiese faktore), die

kognitiewe basis van gedrag (intelligensie, taal, denke, kondisionering, leer en geheue), die konatiewe basis van gedrag (motivering en houdings) en die affektiewe basis van gedrag (emosies, bui en gevoelens) te demonstreer en kennis en insig toe te pas om die gedrag van individue in die werkskonteks te verstaan, te verklaar en te voorspel.

BSKP151: BEROEPSGESONDHEID

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die aard en belangrikheid van 'n veilige, gesonde werksomgewing en 'n werksomgewing wat die kwaliteit van werkslewe van werknemers verhoog te ken en te verstaan; Insig te toon in die probleme wat werknemers ten opsigte van veiligheid, gesondheid en kwaliteit van werkslewe ervaar; Maniere te ken en te verstaan waarop organisasies te werk kan gaan om 'n veilige en gesonde werksomgewing te verseker en kwaliteit van werkslewe te verseker; Die belangrikste bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en die rol wat NOSA (National Occupational Safety Association of South Africa) speel betreffende die handhawing van 'n veilige en gesonde werksomgewing te ken en te verstaan.

BSKP161: DIVERSITEIT IN WERKSKONTEKS

1½uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die uitwerking van stereotypes, vooroordeel en assimilasië op 'n diverse werksplek te ken en te verstaan; Die waarde van 'n diverse werksmag te kan motiveer; Verskillende programme wat gebruik kan word om diversiteit te bestuur (bv. regstellende aksie, gelyke geleentheid) te evalueer; Die rol van mensehulpbron-praktisyns in die ontwikkeling en implementering van beleid wat werknemers teen onregverdig diskriminasie beskerm te; Kennis van die primêre beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet en ander toepaslike wetgewing ten opsigte van die bestuur van diversiteit te demonstreer.

BSKP211: PERSONEELSIELKUNDE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die aard, waarde en funksies van mensehulpbronbestuur en die uitdagings wat daaraan gestel word te ken en te verstaan; Kennis van en insig in posontleding, mensehulpbronbeplanning, werwing, keuring, vergoeding, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur te demonstreer, en vaardighede te gebruik om programme hierin in organisasies te implementeer; Kennis en vaardighede toe te pas om programme in mensehulpbron-bestuur saam te stel en te evalueer.

BSKP251: BEROEPSIELKUNDE

1½uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die teoretiese onderbou en aard van die beroepsielkunde te ken en te verstaan; Die aard loopbaandinamiek, waarin daar konstante interaksie bestaan tussen die individu wat 'n beroep beoefen en sy of haar werk / werkgewer / organisasie en die rol wat loopbaan(self)bestuur in hierdie verband speel te ken en te verstaan; Die maniere waarop 'n individu sy of haar loopbaan en ander se loopbane effektief kan bestuur te ken en te verstaan en hierdie kennis toe te pas om eie loopbaanselfbestuur te bevorder.

BSKP261: PSIGOPATOLOGIE IN WERKSKONTEKS

1½uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Gedragsafwykings te ken, te identifiseer en te klassifiseer; Die etiologie van gedragsafwykings te verstaan; Die optrede van individue wat afwykende gedrag toon (in terme van die psigodinamiek), hul prognose en hoe hierdie gedrag funksionering in die werksplek kan beïnvloed te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te kan ontwikkel om mense wat psigologiese afwykings het te hanteer deur besprekings en konsultasies; Te verstaan wanneer individue vir professionele hulp (bv. psigoterapie) verwys moet word; Eie gedrag wat angs veroorsaak te ken en te verstaan.

BSKP311: ORGANISASIESIELKUNDE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van organisasiegedrag, stres, motivering, werkstevredenheid, leierskap, groepsgedrag, organisasiepolitiek, konflik, besluitneming, kommunikasie en organisasie-ontwerp te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te ontwikkel vir individuele, groep- en organisasieprobleme op nasionale en internasionale vlak; Vaardighede te demonstreer om individuele, groep- en organisasieprobleme of geleenthede te diagnoseer en ingrype te doen of te verwys na ander professionele persone; Individue en groepe te fasiliteer en/of relevante partye te adviseer ten opsigte van oplossings; Die bevoegdhede van 'n organisasie-ontwikkelingskonsultant te ken en te verstaan; Veranderinge te identifiseer wat individue, groepe en organisasies beïnvloed; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om 'n organisasiediagnose te doen; Elementêre organisasie-ontwikkelingsintervensies te ken en te verstaan.

BSKP351: PSIGOMETRIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat wees om: Sielkundige meting, die etiek en vereistes daarvan te ken en te verstaan; Kennis van die toepassing van psigometriese tegnieke te demonstreer; Verskillende psigometriese tegnieke te evalueer en tegnieke te kies wat billik in 'n gegewe situasie gebruik kan word; Die aard en meting van intelligensie, aanleg, belangstelling en persoonlikheid te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om aanleg, belangstellings en persoonlikheid te bepaal; Protokolle te interpreteer en verslae te skryf oor die resultate van die meetinstrumente.

BSKP361: NAVORSINGSMETODOLOGIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Navorsingsmodel en die fokusareas van navorsing by die PU vir CHO te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om 'n elementêre navorsingsvoorstel te skryf; Die vereistes van 'n literatuurstudie (insluitend publikasieriglyne) en gebruik vaardighede om 'n literatuurstudie vir 'n elementêre navorsingsprojek te skryf te ken en te verstaan; Navorsingsontwerpe, steekproeftrekking en oorwegings rakende die betroubaarheid en geldigheid van navorsing te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om 'n elementêre navorsingsprojek te onderneem en 'n verslag daaroor te skryf.

BEDRYFSOSIOLOGIE

BSOP111: INLEIDING TOT DIE BEDRYFSOSIOLOGIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kennis en insig te toon in die bestudering van bedryfsosiolegie en in die feit dat werknemers, die onderneming(s)organisasie(s) waar hulle werksaam is, asook die aandeelhouders van die onderneming(s)/organisasie(s) ook inskakel by verskillende tipes gemeenskappe; Gevolglik die verantwoordelikheid en die interafhanklikheid van die onderneming(s)/organisasie(s) en die gemeenskap te verstaan.

BSOP151: SOSIALE PATOLOGIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kennis van en insig in sosiale patologie in werkkontekste toon en hierdie kennis toe te pas in die oplossing van sosiale probleme; Kennis en insig te toon van (die) seisoenwerker(s) en sy/haar/hulle gesin(ne), ontspanning en werk en die gevolge van multikulturele omstandighede in die werksituasie; Die interaksie tussen die onderneming/organisasie en die gemeenskap te ken en te verstaan.

BSOP161: SOSIALE VERANDERING

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Sy/haar kennis van en insig in sosiale verandering aan te wend om sodanige veranderinge in 'n onderneming/organisasie doelmatig te bestuur.

BSOP211: BEROEPSOSIOLOGIE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die uitdagings wat beroepe aan mense stel, die motivering om te werk, die konflik tussen beroepe, rolteorie en hoe organisasiestruktuur 'n onderneming/organisasie kan beïnvloed, te ken en te verstaan; Kennis van en insig in stratifikasie, mobiliteit en die werking van ondernemings/organisasies op verskillende vlakke te toon; Kennis te dra van demografiese tendense en hoe dit 'n invloed op beroepsgesondheid en veiligheid kan uitoefen.

BSOP221: GROEPSDINAMIKA

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die studieterrein van groepdinamika, die struktuur en funksies van kleingroepe en die belangrikheid daarvan vir die individu te ken en te verstaan; Groepkommunikasie, groepkohesie, taakgroepe en die belangrikheid daarvan vir kleingroepe en die ontwikkeling van groepdinamika te verstaan.

BSOP311: TEORIE EN PRAKTYK VAN ARBEIDSVERHOUDINGE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Insig in en kennis van arbeidsverhoudingbegrippe, modaliteite wat arbeidsverhoudingeregulering beïnvloed, die tripartitiese verhouding, industriële demokrasie, deelname en verteenwoordiging, ontwikkeling van arbeidsverhouding in Suid-Afrika, wetgewing, vakbonde, kollektiewe bedinging en hoe dit die werkomgewing

beïnvloed, te toon; Die dinamiek van stakings, redes vir stakings, werkersverteenvoording op ondernemingsvlak deur forums en toekomstige arbeidverhoudingontwikkeling te ken en te verstaan; Kennis van hoe om arbeidverhouding effektief te bestuur in die onderneming/organisasie te openbaar.

BSOP321: BESTUUR VAN ARBEIDSVERHOUDINGE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die studieterrrein van arbeidsverhouding, die struktuur en funksies van arbeidsverhouding in Suid-Afrika, die praktiese implementering van arbeidsverhouding in organisasies, kollektiewe bedinging op ondernemingsvlak, onderhandelinge met vakbonde en werkerdeelname te ken en te verstaan; Kennis en vaardighede te toon om 'n arbeidverhoudingprogram te implementeer in 'n onderneming/organisasie.

KEUSE-MODULE:

BYBI311: BYBELINTERPRETASIE VIR LEWE EN WETENSKAP

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die prinsipiële uitgangspunte met betrekking tot die verstaan van die Bybel te kan verwoord en toepas; Op grond van die Bybel 'n standpunt op 'n geldige wyse formuleer oor aktuele wetenskaps- en lewensvraagstukke; Ten miste die volgende hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel effektief te kan gebruik: die studiebybel *Die Bybel in Praktyk* en die *Logos*-rekenaarprogram

BEDRYFSWISKUNDE

BWIN123: PROJEK: FINANSIËLE WISKUNDE

1½ uur

Aan die einde van hierdie module het die student kennis en insig verwerf oor renteberekening, die tydwaarde van geld, huidige en toekomstige waardes, nominaal- en effektiewe koerse en annuïteite en lenings. Die begrippe word in die vorm van 'n selfdoenprojek aangebied. Die student verwerf in hierdie module vaardigheid in die hantering van vaag gedefinieerde probleme, en die integrering van begrippe uit die finansiële-ekonomiese wereld wat met behulp van wiskundige modelle gekwantifiseer kan word en met behulp van rekenaar sigbladgebaseerde implementering opgelos kan word. Spesifieke aandag word gegee aan die afspeel tussen simulatie vs analitiese asook diskrete vs stogastiese modellering van sulke probleme.

BWIN313: FINANSIËLE WISKUNDE 102A

3 uur 1:1

Die doel van hierdie module is om 'n inleiding tot die aktuariële filosofie en die aktuariële wetenskaplike metode aan die student te verskaf. Verder word daar gepoog om die basiese begrippe wat 'n rol speel in rente berekenings asook beleggingsteorie aan die student bekend te stel.

Aan die einde van hierdie module sal studente kennis en insig hê in die konsepte onderliggend tot die aktuariële filosofie en aktuariële wetenskaplike metodes, asook veralgemeende kontantvloeïmodelle, rente en kontantvloeï, teorie van rente en saamgestelde rentefunksies, nie-jaarlikse rentebetalings, verdiskonteerde kontantvloeïegnieke, kapitaaldelgings-versekering, annuïteite en stogastiese rentekoersmodelle.

Studente sal die vaardighede hê wat nodig is om die aktuariële wetenskaplike metode en filosofie te beskryf en implementeer in verskeie beleggingsprobleme. Die student sal ook vaardig wees in die hantering van rekenaarpakkette soos MS Excel, @Risk en FinacialCad.

BWIN321: PROJEK: EFFEKTEBEURSMODELLERING EN -ANALISE

1½ uur 1:1

Die doel van die kursus is om die student vaardigheid te leer om kennis tussen die basiese dissiplines van Finansiël/Ekonomies, Wiskundig/Statisties, en Rekenaarkundig prakties te integreer, en op 'n gestruktureerde wyse binne spanverband op vaaggedefinieerde probleme toe te pas

Die kursus dra die beginsels wat in TGWS123 gevestig is, verder uit op 'n meer gevorderde vlak. Spanwerk speel 'n groter rol, en daar word meer van studente verwag in terme van selfstudie en navorsing. Die fokus gaan hier oor die gebruik en ontwikkeling van meer gevorderde stelsels om besluitneming te ondersteun. Die modellering en analise van die gedrag van sekuriteite op die aandelebeurs sal gebruik word as die raamwerk waarbinne die opleiding plaasvind.

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student selfstandig sy/haar eie portefeulje op die effektebeurs kan bestuur, en op 'n effektiewe wyse in 'n span kan saamwerk, waar die fokus gaan oor die integrasie van kennis uit verskillende dissiplines om bepaalde probleme in die finansiële risikobestuursomgewing

BWIN323: FINANSIËLE WISKUNDE 102B

3 uur 1:1

Die doel van hierdie module is om die student bekend te stel aan die basiese begrippe wat 'n rol speel in die veld van beleggingsteorie en in die finansiële sektor.

Aan die einde van hierdie module sal studente kennis en insig hê in die konsepte en begrippe onderliggend tot regressieteorie, vasterentekoers-draende/vaste rentedraende sekuriteite, die termynstruktuur van rentekoerse, opsies en termynkontrakte asook die werking daarvan.

Studente sal die vaardighede hê wat nodig is om probleme te hanteer deur gebruik te maak van eenvoudige regressiemetodes en om beleggings- en finansiële probleme in die algemeen te identifiseer en op te los. Die student sal ook vaardig wees in die hantering van rekenaarpakkette soos MS Excel, @Risk, FinacialCad en Statistica.

INTERNASIONALE HANDEL

EKIP211: INTERNASIONALE HANDEL

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die ontwikkeling van internasionale handel vanaf merkantilisme tot die moderne handelsteorieë te verduidelik; Die eienskappe van die verskillende internasionale handelsbeleide te verstaan; Die rigtinggewende beginsels van wêreld-handelsorganisasies te ken en hul rol in wêreldhandel te verstaan; Die samestelling en werking van streekshandelsblokke te ken en te ontleed en Suid-Afrika se plek in die internasionale handelsomgewing met betrekking tot sy betalingsbalans- en wisselkoers-, in- en uitvoerposisie, mededingendheid, handelspatrone en e-handelsvordering te begryp en te analiseer.

EKIP221: INTERNASIONALE FINANSIERING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Finansiële risiko's in internasionale handelstransaksies te identifiseer; Kennis en insig in die verskillende metodes van betaling te hê; Die uitvoerkredietversekeringsindustrie (struktuur en prosedures) te ken; Die prysberekening (kwotasie) van 'n internasionale handelstransaksie te kan doen; Die finansieringsfasiliteite wat vir in- en uitvoerders beskikbaar is, te kan identifiseer; Kennis en insig in gevallestudies oor risiko's, betalingsmetodes, kwotasies en finansiering van uitvoerders te gebruik om moontlike oplossings aan die hand te doen.

EKIP 321: INTERNASIONALE BESIGHEIDSKOMMUNIKASIE

3 uur 1:1

Aan die einde van die kursus behoort die student in staat te wees om:

- Die vele omstandighede te beskryf waar partye met ander moet kommunikeer ten opsigte van besigheidstransaksies op 'n internasionale vlak.
- Die verskillende tipes van kommunikasie te benoem en praktiese voorbeelde daarvan te gee (beide verbaal en nie-verbaal) wat op 'n internasionale konteks gebruik word.
- Om 'n detail beskrywing van die komponente van kultuur te gee en met behulp van voorbeelde te illustreer hoe kultuurverskille tans 'n sleutelprobleem is ten opsigte van effektiewe kommunikasie in 'n internasionale besigheidskonteks.
- Om praktiese riglyne te verskaf hoe om die beste te kommunikeer en waar nodig te onderhandel (beide verbaal en nie-verbaal) met besigheidsmense van Noord- en Suid-Amerika, Asië, Europa en ander dele van Afrika.
- Om praktiese gevalle van mislukking in kommunikasie tussen 'n Suid-Afrikaanse en 'n buitelandse besigheidsvennoot (Byv. Invoerder, agent lisensiehouer ens.) te gee, die probleem te identifiseer geskikte aanbevelings te maak om die mislukking uit die weg te ruim en om besigheidsverhoudings weer op gesonde vlak te plaas.

EKONOMIE

EKNP111: DIE WERKING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE STELSEL

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Oorsig van die funksionering van die S.A. ekonomiese stelsel te gee en die skaarsheidsprobleem in verhouding met ander kwessies te stel; Die wette van markkragte te kan toepas; Die onderskeie ekonomiese stelsels te kan

beskryf, sowel as om die impak van ekonomiese beleidskwessies op deelnemers aan te toon; Marktekorte en –surplusse te kan uitwys; Die resultate ook grafies te kan analiseer, sowel die berekening van verskeie ekonomiese aspekte soos nut, produksiemoontlikhede, geldskeppingsproses en die betalingsbalans en om begrip te toon van die sosio-ekonomiese eise wat Suid-Afrika en multikulturaliteit stel.

EKNP121: BASIESE MAKRO- EN MIKRO-EKONOMIE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Onderskeid te tref tussen makro- en mikro-ekonomie. Ekonomiese vraagstukke met behulp van makro-ekonomiese teorie te analiseer; 'n Oorsig te ontwikkel vir die interafhanklikhede en verbindings tussen ekonomiese besluitnemers en ook die rol van die verskeie beleide te analiseer; Die verwysingsraamwerk van die ekonomie te begryp waarbinne die relevante feite en verskynsels in praktiese terme geanaliseer kan word; Die dinamika verbonde aan ekonomiese situasies te analisee; Vraag, aanbod en ewewigsituasies in individuele en totale marksituasies te bereken; Ekonomiese veranderlikes soos die BBP, groeiakoerse, inflasiekoerse en elastisiteite te bereken en om die invloed van multi-kulturalisme op die ekonomie te bepaal.

EKNP211: MIKRO- EN MAKRO-EKONOMIE

2x 2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die besluite wat deur klein ekonomiese eenhede - verbruikers, werkers, eienaars van hulpbronne en besighede – geneem word, beter te verstaan; Die interaksie van verbruikers en besighede en die totstandkoming van ewewigspryse in markte af te lei; Die teorie van produksie en koste af te lei en verskillende tipes markvorme te beskryf; 'n Kort inleiding oor algemene ewewig te gee; Die interverwantskappe in die makro-ekonomie tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed; Die effek van monetêre-, fiskale beleid en eksterne skokke op makro-ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te evalueer; Verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en hoe dit toegepas kan word.

EKNP221: FISKALE EN MONETÊRE BELEID

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die openbare sektor te omskryf asook om die verskillende tipes regeringsuitgawes te onderskei en hoe en waar inkomste verkry kan word om daardie uitgawes te finansier; Die finansiering van die owerheidstekort deur middel van lenings te bespreek en die uitwerking daarvan op die ekonomie te ontleed - dit is deel van fiskale beleid; Monetêre beleid, asook die beheer van die geldvoorraad en rentekoerse in die ekonomie te beskryf; Die ontwikkeling van monetêre teorie en praktyk te beskryf; Beide die fiskale en monetêre beleid te evalueer om te bepaal of die toepassing daarvan ekonomiese groei, gelykheid, prysstabiliteit en betalingsbalans-ewewig in Suid-Afrika kan meebring; Die noodsaaklikheid van koördinasie tussen fiskale en monetêre beleid in die praktyk te verduidelik.

EKNP311: ONTWIKKELINGSEKONOMIE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die ekonomiese, streeks- en ontwikkelingsvraagstukke te identifiseer met behulp van kennis oor die multi-dissiplinêre ontwikkelingskonsepte, -strukture, modelle, -teorieë en –beginsels; 'n Teoretiese verwysingsraamwerk van ontwikkeling te gee en verskillende beleidsopsies te ontleed om

sosio-ekonomiese vraagstukke aan te spreek; Die dinamiese werking van die arbeidsmark te begryp, die noue verwantskap tussen verwickelinge in arbeidsmarkte en die vordering met sosio-ekonomiese kwessies te integreer; Die interaksie tussen ekonomiese kwessies en die arbeidsmark te begryp wat van kritieke belang is vir die sukses van 'n "nuwe" Suid-Afrika; Begrip te toon vir die diversiteit van die arbeidsmark in die multikulturele volkshuishouding van Suid-Afrika.

KEUSE-MODULE:

EKNP312: PERSONLIKE FINANSIËLE BESTUUR

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die algemene bruikbare terme in die ekonomie te verstaan en reg te kan interpreteer; Op grond van sekere indikatore in die ekonomie die wisselwerking en veral die beweging van die inflasiekoers, rentekoerse, wisselkoerse, belasting en arbeidsklimaat te voorspel; Op grond van die voorspelling korrekte handelwyses te bepaal om die betrokke toestand tot voordeel van hom-/haarself en die werksomgewing reg te hanteer; Die persoonlike finansies reg te bestuur. Dit sluit in die hantering en beheer van tjekrekenings, kredietkaarte, debietkaarte, verbande op eiendom, huurkope, beleggings waaronder aandele en aandeeltrus, kort- sowel as langtermynversekerings en huishoudelike begrotings; Onderling oor die interpretasie en optrede van gebeurlikhede in die ekonomie te debatteer.

EKNP321: EKONOMIESE ANALISE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die vermoë in hierdie kursus te ontwikkel om die ekonomiese teorie en die toepassing daarvan met behulp van tegnieke, empiries vir die Suid-Afrikaanse omstandighede te toets en voorstelle ter verbetering van die toepassing van die teorie in Suid-Afrika voor te stel; Die bevindings te dokumenteer en per voordrag aan mede studente en eksaminatore voor te dra.

RISIKOBESTUUR

EKR 211 – INLEIDING TOT RISIKOBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Aan te toon dat risiko's duidelik verstaan word asook hoe om hierdie risiko's strategies te bestuur in 'n korporatiewe omgewing in Suid-Afrika. Om beide teoretiese kennis en praktiese toepassing van die risikoproses te verklaar, dit is, die identifisering, evaluering en kontrole van risiko's in 'n verskeidenheid van scenarios. Om 'n duidelike verstaan van die verskillende vorms van risiko finansieringstrategieë aan te toon, die koste geassosieer met elke verskillende strategie en die geskiktheid daarvan vir elke verskillende risiko.

EKR 221 – KORPORATIEWE FINANSIERING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Om die korporatiewe finansierings funksie in verskillende vorms van organisasie duidelik te verstaan. Om finansiële state en kontantvloei van instellings te ontleed en om begrippe soos huidige waarde en netto huidige waardes te bepaal. Om kennis toe te pas van die waardering van aandele en skuldbriewe om die mees

geskikte finansiering vir maatskappye af te lei deur in ag te neem die 'trade-off' tussen risiko en opbrengs. Om 'n duidelike verstaan van die kapitaal begrotingsproses en tegnieke aan te toon. Om insig in die kapitaalstruktuur en dividendbeleid van instellingsmaatskappye te verkry.

EKRP311: BANKRISIKOBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Op 'n inleidende vlak die finansiële en verwante risiko's in 'n finansiële instelling, 'n maatskappy 'n basiese tesourie of 'n verwante struktuur, te verstaan; Die proses om hierdie risiko's te minimeer of te verskans strategies te bestuur; Die rente-inkomste en aandeelhoudersbelang van hierdie instellings te maksimeer; Die regulatoriese omgewing te verstaan en bestuur; Finansiële risiko scenario's dinamies te simuleer en bestuur.

EKRP321: FINANSIËLE MARKTE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die werking van die Suid-Afrikaanse Geld- en Kapitaalmarkte, insluitende SAFEX (South African Futures Exchange), BESA (Bond Exchange of South Africa) en die JSE (Johannesburg Stock Exchange), beter te verstaan; Die werking van die produkte en instrumente wat in die markte gebruik word, beter te verstaan; Die regulatoriese omgewing waarin die markte funksioneer te verstaan; praktiese voorbeelde en scenario's van basiese portfoliobestuur te voltooi met behulp van die produkte en instrumente van die markte; Om moontlik as 'n analis, markhandelaar en "back office"-beampte te werk in die bank- en tesourie-omgewing, asook om moontlik as aandeel-makelaar te werk.

EKRP351: AFGELEIDE INSTRUMENT / DERIVATIVES

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om die werking van die JSE (Johannesburg Stock Exchange) en die SAFEX (South African Futures Exchange) beter te verstaan; Die werking van die produkte en instrumente wat in die markte gebruik word, beter te verstaan; praktiese voorbeelde en scenario's van basiese portfoliobestuur te voltooi met behulp van produkte en instrumente van die markte; Om moontlik as 'n analis, markhandelaar, aandelmakelaar en "back office"-beampte te werk in die bank- en tesourie-omgewing.

ENGLISH

ENGL122: PRACTICAL ENGLISH FOR PROFESSIONAL PURPOSES

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to

- plan their writing effectively;
- write coherently and persuasively;
- apply appropriate techniques to increase the readability of their writing;
- clearly express/argue their opinion in writing;
- write effective and professional proposals, business letters, e-mails and reports;
- interact meaningfully with various text types
- plan and execute oral presentations;
- use appropriate style and formulate their ideas in idiomatic English; and
- show cultural awareness and sensitivity in communication.

KEUSE-MODULE:

ENGLISH

ENSW311: ENGLISH FOR THE PROFESSIONS

1½ hours 1:1

The learner should be able to: Communicate accurately and fluently in English; Use English grammatical structures correctly; Write English accurately and appropriately; Use the appropriate conventions and register of English in a variety of professions.

VERPLIGTE MODULE:

ENTR221: KREATIEWE ENTREPRENEURSKAP

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Begrip van die kreatiewe proses te kan demonstreer ; Toepaslike kreatiewe probleemoplossingstegnieke te kan gebruik om idees te genereer en probleme op te los; Die omgewing te kan evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing te kan identifiseer op alle lewenssterreine; Vaardighede te kan toon in die versameling en toepassing van beskikbare inligting; Die entrepreneuriese ingesteldheid te verstaan en te kan toon; Ideeenerend in spanne te kan funksioneer; Die gebruik van entrepreneuriese taal te kan demonstreer; 'n Geleentheidsbenuttingsingesteldheid te ontwikkel; Prioriseringsvaardighede te toon; Werkspesifieke situasies te kan ontleed en toepaslike oplossings te kan beplan.

FORENSIESE REKENINGKUNDE:

FORP 111: Forensiese Rekeningkunde

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die student te beskik oor 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse besigheids- en regsomgewing, asook die rol van verskeie professies in voormelde, waarby ingesluit, maar nie beperk is tot, eksterne ouditeure, forensiese ondersoekers, interne ouditeure, bestuurslui en regsgeleerdes. Die student moet 'n basiese kennis van bedrog, korrupsie en ander variasies en tipies handelsmisdade demonstreer.

FORP 121: Forensiese Rekeningkunde

3 uur 1:1

Die student moet in staat wees om die rol en relevansie van forensiese rekeningkundige ondersoekte te beskryf en vertrou wees met die basiese definisies van forensiese rekeningkunde en verbandhoudende begrippe. Die student moet vertrou wees met die verskillende rolspelers in die wêreld van forensiese rekeningkunde, sowel as die tipes dienste wat gelewer word deur forensiese rekenkundige ondersoekers. Die student moet 'n basiese kennis van hierdie dienste demonstreer, sowel as van basiese metodes hoe sodanige dienste gelewer word.

FORP 212: Forensiese Rekeningkunde en Onderzoek

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om:

- Grondige kennis en ingeligte begrip te demonstreer oor die basiese menslike funksionering insluitende menslike en persoonlikheidsontwikkeling en die wyse waarop dit vergestalt in abnormale gedrag;
- Grondige kennis en vaardighede demonstreer rakende toepassing van reëls, beginsels en teorieë oor optrede by die handelsmisdaadtoneel, administrasie en inhoud van 'n saakdossier; onderhoudvoering en hantering van beriggewers.
- Bevoegdhede demonstreer om ingesamelde misdaadinligting te evalueer en profiele van getuies en verdagtes saam te stel; asook verklarings volgens die regsvereistes saam te stel; en inligting samehangend en betroubaar te kommunikeer.

FORP 222: Forensiese Besondere Misdade

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die student:

- Grondige kennis te demonstreer van relevante statutêre en gemeenregtelike regsreëls en beginsels ten opsigte van spesifieke handelsmisdade;
- In staat te wees om deur seleksie en toepassing van toepaslike regs-prosedures, -reëls, en -beginsels volgens relevante etiese kodes, die owerheid in staat te stel om daders vir hulle wederegtelike en skuldige handeling of lates wat spesifieke misdade daarstel, te straf;

FORP 311: Forensiese Rekeningkunde en Onderzoek

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die student:

- Afgeronde en sistematiese kennis te kan demonstreer van tegnieke vir die kostebepaling van 'n produk, waardebeoordeling van besighede, modulering en verdiskontering van toekomstige skade;
- Om onbekende, konkrete en abstrakte probleme/dispute op te los deur gebruik te maak van bewys gebaseerde berekenings en teoriegedrewe argumente;
- Bevoegdhede demonstreer om in lewensgetroue en ingewikkelde gevallestudies simptome en voorvereistes van handelsmisdade soos dit voorkom in finansiële state te identifiseer.
- Verskillende tipes van forensiese onderhoude kan voer en verklarings kan saamstel;
- Handelsmisdaadtoneel kan bestuur en eties en verantwoordelik kan optree tydens bedekte operasies en uitkenningsparades.

FORP 321: Forensiese Rekeningkunde en Onderzoek

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die student afgeronde kennis en vaardighede te demonstreer om:

- Die tegnieke wat gebruik word om versteekte bates te identifiseer op te spoor.

- Forensiese ondersoek na geselekteerde handelsmisdaad uit te voer volgens spesifieke prosedures, gesteun deur effektiewe en doelmatige getuigenis;
- Om data te versamel deur middel van Suid-Afrikaanse soekenjins en beskikbare databasisse, bestuur van data en ander dokumente, en bevindinge op eties verantwoordelike wyse mondeling te kommunikeer asook skriftelik deur middel van verslae in voorgeskrewe formaat.

FRANS

FRAB111: SAKEFRANS VIR BEGINNERS

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die student voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die student behoort: Hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk; Hom/haar mondeling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld; Belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees; Elementêre aantekeninge, memorandum of briewe te kan skryf. In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die student binne 'n sakekonteks.

FRAB121: SAKEFRANS VIR BEGINNERS: INTERMEDIÊR

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die student voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die student behoort: Hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk; Hom/haar mondeling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld; Belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees; Elementêre aantekeninge, memorandum of briewe te kan skryf. In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die student binne 'n sakekonteks.

FRAN111: FRANS VIR BEGINNERS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Basiese gespreksituasies te hanteer, en basiese skryfvaardighede te openbaar; 'n Normale gesprek te kan volg; 'n Kritiese kennis van die Franse kultuur en alledaagse samelewing in die vorm van taal, maniere en gebruike in die nasionale en Europese konteks te openbaar.

FRAN121: FRANS VIR BEGINNERS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Basiese gespreksituasies te hanteer, en basiese skryfvaardighede te openbaar; 'n Normale gesprek te kan volg; 'n Kritiese kennis van die Franse kultuur en alledaagse samelewing in die vorm van taal, maniere en gebruike in die nasionale en Europese konteks te openbaar.

GEOGRAFIE EN OMGEWINGSTUDIE

GGFN111: INLEIDING TOT OMGEWINGSASPEKTE I

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Biogeografiese streke te onderskei; Fisiese en chemiese eienskappe van grond neer te skryf; 'n Basiese kennis aangaande Politieke Geografie te demonstreer; Die ekonomies-geografiese verhouding tussen die RSA en sy buurlande te beskryf en konseptueel te analiseer; 'n Basiese kennis van Demografie te demonstreer; Die eienskappe van enkele kaartprojeksies neer te skryf; Kartografiese bewerkings uit te voer.

GGFN121: INLEIDING TOT OMGEWINGSASPEKTE II

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kundigheid te demonstreer oor basiese klimatologiese aspekte; Die makromorfologie van die aarde te beskryf; Endogene en eksogene landvormende kragte en prosesse uit te ken; Die invloed van bevolkingverspreiding op ekonomiese ontwikkeling te beskryf; Ekonomiese aktiwiteite te klassifiseer; 'n Basiese kennis rakende ekonomiese stelsels te demonstreer; Ruimtelike interaksie, vervoertipes, -koste en produkte te beskryf; Wêreldverstedelikingstendense en stedelike nedersettings te beskryf; 'n Basiese kennis van stedelike struktuurmodelle te demonstreer asook statistiese bewerkings uit te voer.

GGFN211: EKONOMIESE GEOGRAFIESE STATISTIEK EN TOEGEPASTE KLIMATOLOGIE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die teorie van Diffusie neer te skryf; Von Thunen en Ricardo se modelle te bespreek; Primêre-, sekondêre-, tersiêre- en kwaternêre aktiwiteite te bespreek; Die hoof-nywerheidsgebiede van die wêreld en die RSA te identifiseer; Die eienskappe van hoë tegnologie-ontwikkelingsgebiede en kantoorparke neer te skryf; Basiese toegepaste klimatologiese beginsels te bemeester; Tephigramme te teken en interpreteer; Die Suid-Afrikaanse klimaat te beskryf; Rekenaargesteurde statistiese bewerkings van geografiese data uit te voer.

GGFN221: ANTROPOGENIESE VRAAGSTUKKE EN GEOGRAFIESE TEGNIEKE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die sosio-ekonomiese verstedelingsproblematiek te bespreek; Die invloed van 'n stad op die biofisiese omgewing te konseptualiseer; Die toekomstige aard van verstedeliking en die invloed daarvan op die totale omgewing te bespreek; Beeld-analises, beeldvertolking en -interpretasie te kan uitvoer; Hangprofiële,

stroomkanale en lengteprofile te meet; Stroomvloei te bereken; Grondprofielbeskrywings uit te voer asook geselekteerde weerkundige metings te doen.

GGFN311: BEGINSELS VAN OMGEWINGSBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Geografiese streke af te baken; Die verband tussen materie en energie in ekosisteme te beskryf; Die belang van spesieverspreiding en spesiediversiteit vir volhoubaarheid aan te dui; Enkele besoedelingstipes en –meganismes te beskryf; Hulpbronbewarings-bestuursbeginsels neer te skryf; Terreinevaluering aan die hand van geselekteerde parameters uit te voer; Geselekteerde indikatore vir "Status van die Omgewing"-bepalings neer te skryf en te meet; Die "Pressure-State-Response" model te beskryf en breë bestuursmaatreëls vir volhoubare ontwikkeling voor te stel en te evalueer.

GGFN321: OMGEWINGSBESTUURSINSTRUMENTE EN -HULPMIDDELS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die teoretiese agtergrond en beginsels onderliggend tot omgewingsbestuur neer te skryf; Geïntegreerde Omgewingsbestuur te definieer en toe te pas in situasies van beperkte omvang en diepte, asook 'n basiese kennis oor omgewingsreg en omgewingsinvloedbepaling te demonstreer.

GGFN322: PRAKTIESE OMGEWINGSIMPAKBEPALINGS EN GEVORDERDE GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Omgewingsinvloede geassosieer met stede, nywerhede, kragvoorsiening, mynbou, landbou en rekreasie te identifiseer; GIS – Databasisontwerp en –implementering oor 'n wye verskeidenheid van situasies toe te pas; "Featurising" van CAD tekeninge uit te voer; Koppeling van databasisse en GIS-tekeninge te bewerkstellig asook kritiese vraagstelling deur middel van GIS uit te voer.

DUITS

GRMB111: SAKE-DUITS ELEMENTÊR 1

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: algemene, alledaagse gesprekke te volg; basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld hoe om 'n maaltyd te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek en 'n afspraak te maak; basiese grammatikareëls toe te pas; relevante woordeskat te beheers; maklike tekste, byvoorbeeld briewe, koerantberigte, advertensies, kennisgewings en programme asook vertellings en kortverhale te lees, te begryp en te vertaal; elementêre tekste, byvoorbeeld 'n CV, 'n poskaart en 'n uitnodiging, te skryf; die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot behuising, vervoer, ekonomie, samelewing en kultuur; kommunikasie-situasies met voldoende interkulturele sensitiwiteit te hanteer.

GRMB121: SAKE-DUITS ELEMENTÊR 2

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: algemene kommunikasie in 'n kantoor- en besigheidsongewing te verstaan en daaraan deel te neem; basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld om iets te bestel of te koop, reisreëlins te tref en navrae oor iets te

doen; basiese grammatika-reëls toe te pas; relevante woordeskat te beheers; elementêre tekste wat oor besigheid handel, byvoorbeeld agendas, programme, advertensies, koerant- en tydskrifartikels te lees, te begryp en te vertaal; elementêre tekste, bv. kort sakebriewe en e-pos te skryf; die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot werk, opleiding, geskiedenis, ekonomiese en politieke sisteme; kommunikasie- en onderhandelingsituasies met voldoende interkulturele sensitiviteit te hanteer.

GRMN111: DUIITS ELEMENTÊR 1

1½ uur 2:1

Die student behoort in staat te wees om: Basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n ete te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek; Elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. sprokies, stories en kort koerantberigte; Elementêre tekste te skryf, bv. 'n CV, 'n poskaart, 'n uitnodiging; Die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos behuising, opvoeding, vervoer, sosiale en kulturele lewe.

GRMN121: DUIITS ELEMENTÊR 2

3 uur 2:1

Die student behoort in staat te wees om: Basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n artikel te bestel of te koop, 'n afspraak te maak, reisreëlings te tref; Elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. kort prosa, koerant- en tydskrif-artikels; Elementêre tekste te skryf, bv. situasie-beskrywings, informele briewe en e-pos aan vriende; Die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos opvoeding, werksgeleenthede, geskiedenis, politieke stelsel.

BESIGHEIDSREG

HRER141: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE BESIGHEIDSREG

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om die algemene beginsels van die besigheidsreg te kan toepas, 'n gevolgtrekking te kan maak en 'n aanbeveling te kan maak; Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om 'n probleem te kan identifiseer en oplos in 'n gegewe feitestel of 'n tipiese kommersiële probleem; 'n Standpunt logies en sistematies te kan formuleer, beredeneer en kommunikeer; Insig te toon in die verband tussen verskillende aspekte van die besigheidsreg.

REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS

ITRW111: INLEIDING TOT PROGRAMMERING

1½ uur 1:1

Die student sal basiese kennis en insig verwerf het oor: hoe die rekenaar werk, die onderskeie komponente daarvan en die stoor en manipulasie van data. Verder is ook kennis verwerf oor die benutting en gebruik van sigblaai. Die module dien as inleiding tot programmering. Die kennis van sigblaai sluit in: tabelle, berekeninge, oordrag van data tussen verskillende toepassings en toepassings-omgewings, funksies en grafieke om data te verwerk en voor te stel. Die student sal na voltooiing van die kursus kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

ITRW121: GRAFIESE KOPPELVLAKPROGRAMMERING I

3 uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik in die grafiese-koppelvlak omgewing om: gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees. Die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

ITRW122: PROGRAMMERING I

3 uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik in die grafiese-koppelvlak omgewing om: gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees. Die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

ITRW211: GRAFIESE KOPPELVLAKPROGRAMMERING II

1½ uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik om: in 'n visuele, objekgerigte programmeringstaal en die grafiese-koppelvlak omgewing gerekenariseerde toepassings te ontwikkel wat interaksie kan hê met ander rekenaartoe toepassings. Die student sal insig verkry in klient-bediener, web- en verspreide toepassings. Die teorie moet prakties toegepas kan word in gegewe probleme.

ITRW212: PROGRAMMERING II

3 uur 1:1

Die student sal basiese kennis en insig verwerf het oor objekgerigte programmering (ook vir die Web), probleem-oplossing wat insluit: ontfouting, toetsing en uitvoering van toepassings, lêerhantering, soekmetodes, sorteermetodes, oorerwing, koppelvlakke en polimorfisme en Boolese algebra. Die student sal na voltooiing van die kursus kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

ITRW213: STELSELONTLEDING EN -ONTWERP I

3 uur 1:1

Die student oor kennis en insig beskik om: die funksies van die stelselontleder en ander rolspelers tydens 'n stelsel se beplanning en ontleding te ken, die vroeë fases en aktiwiteite in die stelselontwikkelinglewensiklus te ken en te gebruik, verskeie modelleringstegnieke vir stelselontleding te ken en toe te pas, kreatief en probleemoplossend te dink en op te tree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel beplan en ontleed word.

ITRW214: BESLUITSTEUNSTELSELS I

3 uur 1:1

Die student sal basiese kennis en insig verwerf het oor: besluitneming, konstruksie van besluitsteunstelsels, formulering van eenvoudige lineêre modelle (gelykbreek-analise, lineêre

programmering) en die oplos daarvan met behulp van sigblaai, die uitvoer van sensitiviteitsanalise, en die oplos van spesifieke probleme (transportasie- en toekenningsprobleme, en netwerke). Bogenoemde tegnieke word gebruik om eenvoudige bedryfsprobleme te modelleer en op te los.

ITRW225: STELSELONTLEDING EN –ONTWERP II:

3 uur 1:1

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student oor kennis en insig beskik om: die funksies en rolspelers tydens 'n stelsel se ontwikkeling te ken, die latere fases in die stelselontwikkelingslewensiklus te ken en te gebruik, verskeie modelleringstegnieke vir stelselontwerp te ken en toe te pas, kreatief en probleemoplossend te dink en op te tree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel ontwerp en ontwikkel word. Al hierdie kennis sal prakties toegepas word tydens die werk aan 'n projek in groepsverband. Tersaaklike stelseldokumentasie sal opgestel word en dit sal ook in 'n mondelingse stelselaanbieding voorgelê word.

ITRW224: STELSELONTLEDING EN -ONTWERP VIR WETENSKAPLIKE TOEPASSINGS

1½ uur 1:1

Die student sal oor kennis en insig beskik om: die funksies van al die rolspelers tydens 'n stelsel se ontwikkeling te ken, die fases in die stelselontwikkelingslewensiklus te ken en te gebruik in gegewe praktiese opdragte, verskeie modelleringstegnieke vir stelselontleding en ontwerp te ken en toe te pas in praktiese opdragte, en die objekgerigte ontleding en ontwerp metode te ken.

ITRW311: DATABASISSE I

3 uur 1:1

Die student sal oor basiese kennis en insig beskik oor die verskil tussen lêerstelsels en databasisse; die relasionele databasismodel teenoor hiërargiese en objekgeoriënteerde databasismodelle; entiteitsverwantskapsmodellering; normalisering van databasismodelle; databasisontwerp; transaksiebestuur; die beheer van gelyktydige gebruik; en SQL en Oracle PL/SQL. Die student sal na die voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

ITRW312: KUNSMATIGE INTELLIGENSIE

1½ uur 1:1

Die student sal kennis gemaak het met die basiese begrippe binne die veld van Kunsmatige Intelligensie. Die student moet bewys wees van die belangrike kwessies binne die vak asook die historiese grondslae van die vak. Verder moet die student die basiese tegnieke wat binne die veld gebruik word verstaan en op praktiese probleme kan toepas. Die praktiese implementering van die geleerde tegnieke word gedoen deur programme te skryf in 'n Kunsmatige Intelligensietaal.

ITRW321 DATABASISSE II

3 uur 1:1

Die student behoort basiese kennis en insig te hê oor verspreide databasisbestuurstelsels; objekgeoriënteerde databasisse; kliënt/bediener stelsels; datapakhuis; databasisse en die internet; en databasisadministrasie (teorie sowel as praktiese toepassings met Oracle). Die student sal na die voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

REGTE

JURI 111 INLEIDING TOT DIE REG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n grondige kennis van die teorie van die regs wetenskap met spesifieke verwysing na die konsepte van die reg, basiese regskonsepte en -prosesse, inligtingversamelingsvaardighede, bronne van die reg, die basiese hofstruktuur, grondwetlike ontwikkelinge, klassifikasie van die verskeie regsdissiplines en regsprofessies, en professionele en etiese aangeleenthede;
- die vermoë om inligting te versamel en te ontsluit vanuit verskeie bronne en om die inligting te integreer in eties verantwoordbare en waardegedrewe oplossings tydens elementêre probleemoplossing;
- die vermoë om kennis, basiese beginsels, teorieë, regsterminologie, konsepte en gebruike toe te pas ten aansien van die formulering van oplossings tydens elementêre probleemoplossing; individueel en in groepsverband; en
- die vermoë om effektief te kommunikeer, beide skriftelik en mondeling.

JURI 112 TAALVAARDIGHEDE IN REGSKONTEKS

PC/TEL 3 hours 1:1

On completion of this module the learner should be able to demonstrate:

- a fundamental knowledge and an informed understanding of the legal communication process and the different components that play a role during this process;
- successful communication through different mediums of reporting (i.e. writing and speaking) in Afrikaans and English at a fundamental level of fluency in both languages;
- successful understanding, extrapolation and/or interpretation of written and oral messages within a legal context;
- use and apply basic reasoning principles in order to argue a point of view successfully.

JURI 113 REGSGESKIEDENIS

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- fundamentele kennis met betrekking tot die eksterne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg asook die interne grondslae van die prosesreg, erfreg, publiekreg, persone- en familiereg;
- individueel of in groepsverband die kennis kan toepas op bekende en onbekende feitestelle gebaseer op moontlike werklike situasies en die formuleer en aanpas van oplossings; en

- die versamel, interpretasie, analise en sintese van inligting rakende regsgeeskiedenis en die vermoë om die inligting, gebaseer op basiese akademiese en etiese beginsels, te kan toepas.

JURI 114 PERSONE- EN REGSPERSONEREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- fundamentele kennis van die persone- en regs persoonereg, met besondere verwysing na die regs subjektiwiteit van natuurlike-en regspersone, en ingeligte begrip van die belangrike terme, reëls, konsepte, algemene beginsels en teorieë;
- die vermoë om die kennis individueel en in groepsverband op die ontleding van gegewe feite stelle en die formulering van oplossings of wysigings aan oplossings, te kan toepas; en
- die vermoë om die resultate van elementêre (aan die hand van literatuur) navorsing en probleemoplossing samehangend en geloofwaardig volgens die regsetiek, mondeling en skriftelik te kan oordra.

JURI 121 INHEEMSE REG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module, moet studente oor die volgende beskik:

- fundamentele kennis van die terme, konsepte, beginsels, aspekte en teorieë wat inheemse reg onderlê en moet veral die reëls van inheemse reg kan weergee;
- moet individueel en in groepe die inhoud en toepassing van Afrika-inheemse reg met regsreëls in ander regsisteme kan vergelyk;
- die vermoë om inligting rakende 'n geïdentifiseerde aspek van die inheemse reg kan versamel;
- moet sy of haar kennis van inheemse reg kan analiseer na aanleiding van feite en moet individueel of in groepsverband oplossings voorstel.

JURI 122 REGSVAARDIGHEDE

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n fundamentele kennis en ingeligte begrip van die samehang van die LLB-kurrikulum en die gepaardgaande
 - o regsterminologie binne die konteks van mondelinge en geskrewe kommunikasie;
 - o basiese en toepaslike syfermatige-, rekenkundige- en rekenaarvaardighede soos benodig in die regspraktik;
 - o basiese navorsingsvaardighede soos deur die regspraktik vereis; en
 - o noodsaaklike kritiese, analitiese, evaluerende en logiese kognitiewe vaardighede vir die voer van regsargumente;
- 'n fundamentele kennis en ingeligte begrip van die waarde van bogenoemde vaardighede vir die regsberoep aan die hand van voorbeelde uit die praktik;
- die vermoë om die toepassing van spesifieke vaardighede in 'n deeglik omskrewe praktiese voorbeeld te kan identifiseer en die gebruik daarvan te kan motiveer.

JURI 123 KONTEMPORÊRE GRONDSLAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- fundamentele kennis met verwysing na die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse sakereg, deliktereg en kontraktereg sodat die student nie alleen;
- die verskillende aspekte van die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg samehangend en geïntegreerd kan verstaan nie; maar ook

- bekende en onbekende feitestelle kan analiseer, kennis kan toepas en oplossings kan formuleer; en
- die feite skriftelik kan weergee deur gebruikmaking van die konvensies wat in regs-kommunikasie gebruik word.

JURI 124 ERFREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n basiese kennis en ingeligte begrip van die erfreg, met spesifieke verwysing na
 - die basiese terminologie, begrippe, reëls en beginsels van testate en intestate erfreg;
 - die gemene reg en statutêre posisie met betrekking tot testate en intestate erfopvolging; en
 - die mees onlangse en moderne ontwikkelinge met betrekking tot erfreg;
- die vermoë om hulle kennis van die erfreg (en hulle basiese navorsingsvaardighede) toe te pas om goed gedefinieerde probleme binne 'n familiekonteks op te los;
- die vermoë om 'n verandering aan 'n probleem te kan identifiseer en evalueer en die behoeftes van die verandering te kan voorsien om sodoende die aangepaste probleem te kan oplos;
- die vermoë om inligting samehangend te verwoord deur basiese konvensies te volg wat vir regs-diskoers toepaslik is.

JURI 211 STRAFREG: ALGEMENE BEGINSELS

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- grondige kennis rakende die algemene beginsels van die Strafreg met besondere verwysing na
 - die plek van die Strafreg in die regstelsel;
 - die geskiedenis en bronne van die Strafreg;
 - strafteorieë;
 - die algemene elemente van 'n misdad; en
 - poging, sameswering en uitlokking;
- 'n deeglike begrip van die interne skryfstylvereistes, sleutel terme, prosedures, formate en konvensies, teorieë en beginsels in beredenering en die oplossing van probleme;
- die vaardigheid om probleme op te los deur middel van kritiese ontleding, die verkryging van inligting, evaluering van die verkreë inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir goed gedefinieerde maar onbekende probleme; en
- die vermoë om, gepas volgens die studievlak, inligting samehangend, skriftelik asook mondeling, deur middel van gepaste tegnologiese op 'n eties gesonde en waardegebaseerde wyse oor te dra.

JURI 213 STRAFPROSESREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- deeglike kennis en grondige begrip van die terminologie, beginsels en prosedure van die *Strafprosesregwet*, met besondere verwysing na
 - die algemene verloop van 'n strafsak;
 - die tersaaklike waardes rakende die *Wet op Kriminele Prosedure*;
 - strafhowe en hulle jurisdiksie;
 - beginsels rakende vervolgings en die rol van ander staatsamptenare;

- voorverhoor strafprosedure;
- borgaansoeke en alternatiewe optrede in plaas daarvan, en
- aktes van beskuldiging en klagstate;
- die vermoë om tersaaklike regsreëls en -beginsels te identifiseer en toe te pas sodat duidelik gedefinieerde maar onbekende feitelike en wetlike probleme opgelos kan word deur gebruik te maak van die korrekte prosedure en toepaslike bewyse;
- die vermoë om inligting en oplossings samehangend en duidelik met mekaar in verband te bring deur die gebruik van professionele formate, insluitend die opstel van relevante dokumente gedurende 'n kriminele verhoor; en
- die vermoë om oplossings sodanig met toepaslike tegnologie te integreer dat dit, eties geloofwaardig en waardegebaseerde, aan akademies-professionele persone uitgelê kan word.

JURI 214 STAATSREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- grondige kennis aangaande Staatsreg en die vernaamste velde wat dit insluit, asook die vermoë om werklikheidsverwante scenario's (goed gedefinieerde maar onbekende probleme binne bekende kontekste) voortspruitend uit problematiese Suid-Afrikaanse strukturele Grondwetlike regs kwessies, te ontleed;
- die vasstelling van inligtingstekorte betreffende problematiese kwessies, die beplanning van elementêre navorsing in dié opsig, die verkryging van toegang tot tersaaklike bronne en die versameling van toepaslike inligting;
- die doelmatige integrering van bekomde inligting en aanbod van vindingryke oplossings deur die gebruik van algemene terminologie, leerstellings, onderliggende en gevestigde teorieë en beginsels, verwante konsepte, prosesse, prosedures en tegnieke in Staatsreg. Studente moet ook in staat wees om 'n akademies-professionele diskoers mondeling en/of skriftelik samehangend te kan voer; en
- oplossings moet aan professionele- asook leke-gehore, individueel of in groepsverband, voorgelê kan word deur gebruik te maak van toepaslike elektroniese toerusting en aanvaarbare formate gebaseer op spesifieke konvensies om sodoende ingeligtheid aangaande verwante gebiede te toon.

JURI 215 ONDERNEMINGSREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n goedgevormde sistematiese kennis van Ondernemingsreg met besondere verwysing na die beginsels wat die reg ten opsigte van vennootskappe, ondernemingstruists, maatskappye en Beslote Korporasies onderlê;
- korrekte gebruik van terminologie en terme wat eie is aan die ondernemingsreg, insluitend die begrip regspersoonlikheid in ondernemingsverband, in mondelinge en geskrewe kommunikasie asook teen die agtergrond van die reg ten opsigte van kontrakte;
- moet begrippe en konsepte gemeenskaplik aan die verskillende vertakings van Ondernemingsreg analiseer en die beginsels daarvan in feitelike situasies gevind in die reële ondernemingswêreld kan toepas;
- moet op 'n deeglik gemotiveerde wyse, met behulp van analisering van feitelike situasies en teen die agtergrond van die beginsels van die ondernemingsreg soos gevind in relevante gemene reg, toepaslike regspraak en statutêre reg, probleme kan oplos; en
- op 'n logiese en duidelike wyse en met 'n goedgefundeerde regs- en waardegebaseerde begroning oplossings kan gee vir ondernemingsreg-gebaseerde probleme wat oorvleuel met verbandhoudende regsgebiede.

JURI 216 FAMILIEREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n grondige kennis oor die aard en inhoud van die familiereg moet aangetoon kan word, met spesifieke verwysing na
 - * die juridiese vereistes vir 'n huwelik;
 - * die onveranderlike gevolge van 'n huwelik;
 - * die veranderlike gevolge van 'n huwelik;
 - * regsvoorskrifte met betrekking tot egskeiding en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding; en
 - * die ouer-kind verhouding;
- moet enige gekose feitestel kan analiseer, verdere inligting waar en wanneer nodig vanuit toepaslike bronne kan onttrek om aan die hand daarvan 'n oplossing te bereik;
- moet inligting kan evalueer en 'n moontlike oplossing ooreenkomstig verwagtinge op hierdie vlak en met inagneming van die huisstyl en aanvaarde gebruike en formaat te formuleer ten einde 'n probleem op te los; en
- moet oplossings skriftelik of mondeling, individueel of in groepsverband, kan oordra.

JURI 217 UITLEG VAN WETTE

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n soliede kennis van die verskillende benaderings tot wetsuitleg met betrekking tot die terminologie, teorieë en beginsels wat wetsuitleg onderlê;
- die vermoë om individueel en in groepsverband verskillende interpretasies te gee van feitestelle wat gebaseer is op regsargumentasie;
- die vermoë om bevindinge/verslae/interpretasies mondeling en geskrewe in die huisstyl van die fakulteit volgens goedgekeurde konvensies en formate weer te gee en om voorstellings daarvan te kan maak volgens die gepaste/gekose tegnologie;
- die vermoë om 'n etiese en waardegedrewe benadering in alle kommunikasie te bewys.

JURI 221 STRAFREG: BESONDERE MISDADE

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n grondige kennisbasis van die Strafreg met spesifieke verwysing na die beginsels wat 'n seleksie van spesifieke misdade teen die staat, die persoon en liggaamlike vryheid of integriteit en teen eiendom beheer;
- die vermoë om die terminologie wat spesifiek op die Strafreg van toepassing is binne konteks in geskrewe en mondelinge aanbieding te kan toepas;
- die vermoë om misdade binne die Strafreg ingevolge die gemenerereg en statutêre bedeling te kan analiseer en om die relevante statutêre en gemeenregtelike reëls en beginsels waarop die staat oortreders kan skuldig bevind en straf vir die onregmatige, strafbare handeling en/of versuim wat spesifieke misdade daarstel, aan te dui binne konteks en te kan toepas in feitestelle;
- die vermoë om probleme te kan oplos deur feitestelle te analiseer en oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalings; en
- die vermoë om eie standpunte te kan weergee in die klas tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese wyse wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.

JURI 223 STRAFPROSESREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n deeglike kennis en grondige begrip van die terminologie, beginsels en prosedure van die *Strafproseswet*, met besondere verwysing na die kriminele verhoor, wat pleit, appèl en hersieningsmoontlikhede behels;
- die vermoë om effektief te onderskei en relevante regsreëls en -beginsels te identifiseer en toe te pas, sodat duidelik gedefinieerde maar onbekende feitelike en wettike probleme opgelos kan word deur gebruik te maak van die korrekte prosedure en toepaslike bewyse;
- die vermoë om inligting en oplossings samehangend en duidelik weer te gee en te integreer deur die gebruik van professionele formate, insluitend die opstel van relevante dokumente gedurende die verhoor; en
- die vermoë om effektief te kommunikeer, skriftelik asook mondeling, gebaseer op verwagte, sterk eties gebaseerde en waardegedrewe argumentasie en diskoers.

JURI 224 ARBEIDSREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n goedafgeronde en sistematiese kennis van die Arbeidsreg met verwysing na die beginsels wat die dienskontrak beheer, die prosedures wat deur wetgewing voorgeskryf is, die individuele en kollektiewe arbeidsverhoudinge en die invloed van die *Grondwet* op hierdie aspekte;
- moet probleme kan oplos deur feitestelle te analiseer en bronne van spesifieke arbeidsreggevalle te identifiseer, inligting te versamel en toe te pas en behoorlike argumente te voer om op 'n geordende manier oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalings; en
- eie standpunte moet in die klas weergegee kan word tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese wyse wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.

JURI 225 DELIKTEREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n grondige kennis van die beginsels van deliktereg, omstandighede waaronder delikte en deliktuele aanspreeklikheid mag ontstaan, die vereistes vir die totstandkoming en beëindiging van deliktuele aanspreeklikheid en die verskillende beskikbare regsgeldige remedies beskikbaar in die privaatreëls en nuwe grondwetlike bedeling;
- begrip van die verhouding en interaksie tussen die deliktereg en die vermoë om tersaaklike inligting uit ander regsvelde, byvoorbeeld strafreg, te put;
- die vermoë om praktiese en elementêre werklikheidsverwante probleme op sistematiese wyse op te los deur analisering van die probleem, versameling van inligting, evaluering van verkreeë inligting en die integrering van die inligting in 'n moontlike/voorgestelde oplossing; en
- oplossings moet mondeling of skriftelik aan professionele- asook leke-gehore voorgelê kan word, ondersteun deur toepaslike elektroniese toerusting, regsgeldige argumentering en diskoers gebaseer op eties geloofwaardige en waardegedrewe beginsels.

JURI 226 SAKEREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- bewys lewer van 'n grondige kennis van die volgende aspekte van Sakereg:

- die regsverhouding tussen persone en bates met betrekking tot die aard van die bates en die oorsprong, gevolge en beëindiging van elke sodanige verhouding;
- die vereistes vir die verkryging, gevolge en beskerming van eiendomsreg, besit, houterskap en beperkte saaklike regte; en
- die beskerming van eiendom as 'n grondwetlike reg;
- die vermoë om die kennis toe te pas deur die leerstof doeltreffend te selekteer en te gebruik met die oog op die oplossing van 'n goed omskrewe maar onbekende regsprobleem deur die gebruik van relevante kennis, korrekte prosedure en geskikte bewysmateriaal;
- die vermoë om die leerstof krities te analiseer en doeltreffend en verstaanbaar te kommunikeer; en
- die vermoë om eties en waardegedrewe in die toepassing van die vakgebied op te tree.

JURI 314 BEWYSREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n vakkundige en gespesialiseerde kennis van die reëls van die bewysreg, in die besonder van die volgende aspekte:
 - die wyse waarop die geskilpunte in 'n saak vasgestel word;
 - die toelaatbaarheid van bewysmateriaal;
 - die toelaatbaarheid van getuienis wat op 'n onbehoorlike wyse verkry is;
 - die relevansie van getuienis;
 - die uitsluitingsreëls.
- 'n duidelike begrip van die reëls, begrippe en beginsels van die bewysreg en dat hulle die vermoë het om dit te kan toepas by die oplossing van probleemstelle;
- die vermoë om onbekende, konkrete en abstrakte feitestelle krities te analiseer en om behoorlik gestruktureerde, teoreties begronde, waardegedrewe en eties korrekte oplossings aan die hand te doen;
- die vaardighede om, individueel of in groepe, inligting uit verskeie bronne in te samel, dit te verwerk en dit in mondelinge of skriftelike formaat (met inagneming van die huisstyl) weer te gee;
- die vermoë om oplossings waarin sy/haar eie idees en opinies weergegee word, of enige ander inligting, op 'n professionele wyse in akademiese gesprekke te kan kommunikeer; en
- die vermoë om sy/haar eie werk te evalueer en dienoreenkomstig te reageer.

JURI 315 KONTRAKTEREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente beskik oor:

- 'n goed afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginnele van toepassing op die kontraktereg;
- die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;
- die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en
- die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitelike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.

JURI 323 HOOGGEREGSHOFPROSESREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van Hooggeregshofprosesreg en die vernameste verwante velde daarvan, en 'n gedetailleerde kennis van die jurisdiksie van die Hooggeregshof met betrekking tot afdelings en aard van eise; *locus standi in iudicio* en sitering van partye; siviele prosedure in die Hooggeregshof;
- die opstel van en betekening van dagvaardings, kennisgewing van mosie, lasbriewe, kennisgewings en pleitstukke; berekening van *dies induciae* by erkenning van ontvangs van hofstukke en ander regsdokumente; opsies beskikbaar vir 'n verweerder en 'n respondent; voorbereiding vir 'n siviele verhoor en die verhoorprosedure wat gevolg moet word, en die uitsprake/vonnisse van 'n Hooggeregshof;
- die vermoë om goedgestruktureerde regsgeldige opinies/argumente en hof- of ander regsdokumente voor te berei, op te stel, aan te bied, en te evalueer gebaseer op toepaslike etiese grondslag; en
- moet in staat wees om 'n onbekende, komplekse feitestel krities te ontleed deur middel van inisiatief en effektiewe inligtingonttrekking en navorsingsvaardighede, en moet oplossings kan voorstel deur gebruikmaking van teoriegedrewe en bewysstukgebaseerde argumente.

JURI 325 BEWYSREG

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n vakkundige en gespesialiseerde kennis van die reëls wat die bewys van feite in 'n regeshof reguleer (met uitsluiting van die toelaatbaarheidsreëls). In besonder moet hulle rekenskap kan gee van die volgende aspekte:
 - die begrippe, reëls en beginsels van die bewysreg;
 - die reëls wat op getuies van toepassing is;
 - die reëls wat van toepassing is op die aanbieding van die verskillende vorme van getuienis;
 - bewysverskaffing by wyse van geregtelike kennisname, formele erkennings en vermoedens;
 - die bewyslas;
 - die bewysmaatstawwe;
 - die bewyskrag en beoordeling van getuienis.
- **die vermoë om die bewysreëls op die verskillende stadia van 'n verhoor te kan toepas, om onbekende probleemstelle te kan analiseer en oplossings aan die hand te doen wat op getuienis gegrond is, wat teoreties begrond is en in ooreenstemming is met die etiese reëls van die regsberoep.**
- die vaardighede om inligting vir navorsingsdoeleindes, vir doeleindes van probleemoplossing of met die oog op voorbereiding vir die verhoor in te samel, te interpreteer, te analiseer en te integreer, en om die resultaat daarvan te kan weergee in mondelinge, geskrewe of elektroniese formaat wat voldoen aan die voorgeskrewe vormvereistes, en wat die kommunikasievaardighede openbaar wat van 'n student op hierdie vlak verwag kan word.

JURI 327 BESONDERE KONTRAKTE

PK 3 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n deeglik afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die volgende besondere kontrakte:
- koopkontrak;

- verkoop van onroerende eiendom
 - -kredietooreenkomste
 - -borgkontrak en
 - -huurkontrak
- die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;
- die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en
- die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitlike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.

KOMMUNIKASIESTUDIES

KOMS111: INLEIDING TOT MASSAKOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: 'n breë begrip te hê van die geskiedenis, aard en omvang van massakommunikasie; kennis te dra van enkele teoretiese gesigshoeke op die veld van massakommunikasie; 'n kritiese ingesteldheid te hê jeens massakommunikasie; en 'n oorsigtelike kennis te kan demonstreer van die transformasie van die massakommunikasiebedryf in Suid-Afrika.

KOMS112: INTERPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: die kommunikasieproses oorsigtelike te kan beskryf; die proses van interpersoonlike kommunikasie te verstaan met verwysing na persepsies, verbale kommunikasie, nie-verbale kommunikasie, luister en interpersoonlike verhoudings; verskillende interpersoonlike kommunikasiestyle te kan identifiseer; en 'n sensitiviteit met betrekking tot moontlike konflik en kommunikasie proses in interpersoonlike verhoudings te hê.

KOMS121: INLEIDING TOT JOERNALISTIEK

Pk 1x3 2:1

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student: 'n oorsigtelike teoretiese kennis en begrip te kan demonstreer van die konteks en funksies van die joernalistiek; kennis te dra van die take van 'n redakteur, verslaggewer en subredakteur; die normatiewe dimensie van joernalistiek te begryp en te kan aantoon watter implikasies dit vir die waardegedrewe mediapraktisyn kan hê; te kan verduidelik hoe 'n koerant, tydskrif en radiostasie funksioneer; te kan aantoon wat die verskillende tipes joernalistieke skryfwerk (vir gedrukte media en radio) behels en 'n basiese vaardigheid daarin kan demonstreer; en die basiese riglyne vir die neem van koerantfoto's te kan verduidelik.

KOMS122: KLEINGROEPKOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: 'n oorsig rakende die funksionering van kleingroepkommunikasie te kan gee; die verdeling van die rolle en doelwitte binne kleingroepe te kan verduidelik; die dinamika van leierskap uit te spel; effektiewe kommunikasie binne kleingroepe te kan beskryf en ontleed; luistervaardighede en terugvoer te

kan verduidelik; effektiewe probleemoplossing en konflikthantering te kan beskryf; en te kan verduidelik watter vaardighede nodig is om effektiewe vergaderings te hou.

KOMS123: OORREDINGSKOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: kennis en insig oor die rol van oorredingskommunikasie in verskeie kommunikasiekontekste te kan beskryf; kennis te kan demonstree van die belangrikheid van oorreding in hedendaagse samelewing; die rol van die oorreding in die massamedia te kan beskryf; begrip van die gebruik en misbruik van simbole in oorredingsboodskappe te toon; etiese oorwegings in oorredingsituasies te kan identifiseer; en die belangrikheid van oorreding in veldtogte en massabewegings te kan verduidelik.

KOMS211: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: SKAKELWERK

Pk 1x3 2:1

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: die verskillende teorieë (insl. simmetriese tweerigtingkommunikasie) wat binne korporatiewe kommunikasie gebruik word, te verstaan; die breë temas van korporatiewe kommunikasie (o.m. interne kommunikasie, orporatiewe identiteit en beeld, sosiale verantwoordelikheid en krisiskommunikasie) te kan identifiseer en binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan plaas; begrip te demonstree vir die plek van diverse skryfvaardighede binne die korporatiewe konteks of in die mediapraktyk; en basiese vaardighede te kan toon in die skryf van onder meer sakememoranda, toesprake en sakebriewe.

KOMS212: Inleidende Kommunikasie-etiek en -reg

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: begrip te toon van die grondwetlike konteks waarbinne vryheid van spraak in Suid-Afrika uitgeoefen word; 'n oorsigtelike kennis en begrip te toon van die etiese probleme waarmee mediapraktisyns te make kry; te kan aantoon hoe hierdie etiese kwessies met behulp van verskillende etiese kodes gehanteer kan word; kennis te dra van die beperkinge wat in die verlede op die media geplaas is of steeds geplaas word; kennis en begrip te toon van die beperkinge wat deur die gemenerereg op die media geplaas word, kennis en begrip te toon van kopieregwetgewing en hoe dit die mediapraktisyn raak; kennis en begrip te toon van verbruikersregte en hoe die mediapraktisyn dit kan ondersteun; en te kan aantoon hoe die etiek en reg verweef is en gelyklopend deur die mediapraktisyn in ag geneem moet word.

KOMS213: KORPORATIEWE MEDIA: PUBLISERING

PK 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: kennis te kan demonstree van publiserings in die algemeen en van die verskillende soorte publikasies in 'n korporatiewe omgewing; digitale media vir publiserings te kan gebruik; kennis te kan demonstree van die aard en eienskappe van Desktop Publishing (DTP); basiese kennis te kan demonstree van tipografie en bladuitleg en hoe dit in 'n DTP-omgewing toegepas kan word; en bladuitleg te kan doen vir verskillende publikasies.

KOMS215: KORPORATIEWE MEDIA: TEORIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: basiese kennis van html te kan demonstreer; 'n basiese webbladsy d.m.v. html te kan ontwerp; webbladsye te kan evalueer deur die toepassing van kernbeginsels; verskillende modelle te kan onderskei vir die klassifisering en evaluering van webbladsye; en verskillende tipes webbladsye binne 'n korporatiewe omgewing te kan identifiseer en te ontwerp.

KOMS221: INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student

- 'n onderskeid te kan tref tussen die eienskappe van die kommunikasie van tradisioneel Westerse (Eurosentriese) en nie-Westerse (Afrosentriese) kulture, sowel as kulture van ander wêrelddele;
- interkulturele kommunikasie in die breë Suid-Afrikaanse konteks van die media- en kommunikasiebedryf te kan toepas;
- die rol van identiteit in die post-koloniale konteks van Suid-Afrika te kan beskryf;
- kulturele diversiteit by die hantering van interkulturele konflik te kan verduidelik;
- kulturele kodering in ag te kan neem in die beplanning van kommunikasieintervensies; en
- sensitiwiteit vir die rol van interkulturele kommunikasie in 'n kultureel diverse konteks te demonstreer..

KOMS222: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: INTERN

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student: 'n deeglike begrip te kan toon van die basiese teoretiese uitgangspunte van interne organisasie-kommunikasie; die rol en funksie van kommunikasie as strategiese bestuursmeganisme te kan omskryf; die rol van organisasiekommunikasie in die prosesse van verandering, leierskap, konflikhantering en kennisbestuur in die organisasie te kan beskryf.

KOMS223: KORPORATIEWE MEDIA: WEBBLADONTWIKKELING (REDIGEERDERS)

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: verskeie soorte webbladsye binne die korporatiewe omgewing te kan identifiseer en beplan; webbladsye op verskillende webbladredigeerders te kan opmaak; en verskillende webgrafika, -animasie en basiese webprogrammering te verstaan en te kan toepas.

KOMS255: EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die basiese teoretiese beginsels van effektiewe kommunikasie te bemeester om dit binne organisasiekonteks te gaan toepas wat die volgende betref: interpersoonlike kommunikasie, onderhoudvoering, geskrewe beginsels en mondelinge aanbiedings.

KOMS266: TOEGEPASTE KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die teoretiese kennis wat in KOMS255 geleer is, prakties toe te pas tydens die lewer van mondelinge voorleggings en die skryf van memoranda en verslae.

KOMS311: BEELDESTETIKA

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: die aard, werking en onderliggende tegnologie van geselekteerde visuele media te kan verduidelik; estetiese dimensies soos lig, kleur, komposisie en diepte in visuele beelde te kan ontleed en dit in basiese fotografiese genres toe te pas; en druk- en seleksievereistes ten opsigte van geselekteerde publikasies te kan demonstreer.

KOMS312: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

PK 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student:

- die deelnemende benadering binne die studieveld van ontwikkelingskommunikasie, spesifiek met betrekking tot die media, krities te kan bespreek;
- kennis te dra van die gebruik van "klein media" in die Suid-Afrikaanse samelewing;
- die vermoë te hê om 'n kommunikasie-strategie vir gemeenskapsontwikkelingsprojekte te kan formuleer; en
- in staat te wees om argumente duidelik te kan formuleer en voor medestudente te kan ontplooi.

KOMS313: SPRAAKKOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: die basiese beginsels van effektiewe spraakkommunikasie te kan weergee; en die vermoë hê om kort openbare inligtings- en oorredingstoesprake te hou.

KOMS314: KORPORATIEWE MEDIA: INTERAKTIEWE MULTIMEDIA

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student:

- die verskillende vorme van multimedia en kommunikatiewe gebruike daarvan te ken en kan weergee;
- 'n kommunikasie-aanbieding deur storyboarding te kan beplan en met behulp van multimediate programme te ontwerp en aan te bied;
- kennis te dra van multimedia en interaktiwiteit en hoe om dit ontwerpmatig te kan toepas;
- basiese gebruik van sagteware vir multimedia en animasie te kan demonstreer; en

- 'n interaktiewe cd met multimedia te kan saamstel.

KOMS315: KORPORATIEWE MEDIA: MEDIABETREKKINGE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: kennis en begrip te hê van die plek, belang, omvang en vereistes van goeie mediabetrekkings; te kan aantoon hoe die media in breë trekke funksioneer en hoe die verskillende korporatiewe media optimaal binne mediabetrekkings aangewend kan word; mediaverklarings te kan skryf, gegrond op die basiese beginsels van die joernalistiek; en 'n eenvoudige mediapakke te kan saamstel.

KOMS321: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: BEMARKINGSKOMMUNIKASIE

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: die grondbeginsels van bemarkingskommunikasie te kan verduidelik; te kan aantoon hoe die Suid-Afrikaanse bemarkingskonteks lyk; en in 'n bemarkingskommunikasieveldtog te kan beplan met gebruikmaking van die verskillende media (druk- en elektroniese media) en metodes (bv. reklame, promosies, direkte bemarking).

KOMS322: FILMTEORIE EN –KRITIEK

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: staat te wees om basiese terminologie ten opsigte van rolprentteorie en visuele geletterdheid bemeester het, en tot oepassing kan bring in die skryf van filmresensies; en die student sal oor insig beskik en vertrou wees met styl en geskiedkundige ontwikkelings binne die rolprentwese, en sal in staat wees om beskrywend en analities 'n toepaslike aantal voorbeelde van rolprente as kunsvorm met vaardigheid en insig op sowel mondelinge as skriftelike vlak tot bespreking te bring.

KOMS323: POLITIEKE KOMMUNIKASIE

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: die belangrikste teoretiese en filosofiese uitgangspunte met betrekking tot politieke kommunikasie in Suid-Afrika krities te kan bespreek; 'n verkiesingsveldtog in 'n ontwikkelende samelewing te kan beplan en ontwikkel; 'n kommunikasiestrategie met betrekking tot onderhandeling en steunwerwing te kan voorberei en toepas; en argumente op 'n logiese wyse voor mede-studente te kan ontwikkel en verdedig.

KOMS324: NAVORSINGSMETODOLOGIE

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: kennis kan demonstreer van die wetenskaplike bestudering van kommunikasie en die belangrikste metodologiese paradigmas te kan verduidelik; die verband tussen teorie en navorsing te kan verduidelik en dit te kan toepas in die beplanning van 'n navorsingsprojek; en kennis te demonstreer van die

toepassing en gebruikswaarde van die volgende navorsingsmetodes: historiese navorsing, marknavorsing, meningspeilings, eksperimentele navorsing en inhoudsanalise.

KOMS325: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: JOERNALISTIEK

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: kennis en begrip te toon van die plek, belang, omvang en vereistes van personeelblaai; die skryf, samestelling en rekenaarmatige uitleg (DTP) van bydraes vir 'n personeelblad te kan doen; en te kan aandui hoe verskillende soorte korporatiewe media binne hierdie konteks aangewend kan word.

KOMS326: KORPORATIEWE MEDIA: MULTIMEDIA

Pk 1x2 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student: die konsep van mediakonvergensie te verstaan en te kan toepas in 'n multimedia-agtergrond; die verskillende vorme van multimedia en hoe dit gebruik kan word in 'n korporatiewe omgewing te ken en kan weergee; 'n kommunikasie-aanbieding te kan beplan en met behulp van multimediate programme te ontwerp en aan te bied; kennis te dra van multimedia en webpublisering en –bestuur en dit te kan toepas; en 'n korporatiewe webblad te kan beplan en ontwerp met die gebruik van multimediahulpmiddels.

KOMS327: VIDEO: VOORPRODUKSIE

Pk Deelnamepunt is eksamentpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student:

- * die aard en werking van video (beeld en klank) te kan verduidelik;
- * doelgerigte navorsing en verkenningstogte ten opsigte van videoproduksies te kan doen;
- * voorstelvereistes van uitsaaiers te kan vertolk en voorstelle te formuleer;
- * hanterings van videoproduksies te kan saamstel;
- * draaiboeke vir korporatiewe en dokumentêre video's te kan skryf; en
- * produksiebegrotings te kan saamstel.

VERPLIGTE MODULE:

LEER111: LEER- EN LEESONTWIKKELING

1½ uur 1:1

Die student behoort: Kennis te dra van die aard van die universiteit en universitêre studie; Kennis van hom-/haarself as student te hê; Kennis te hê van verskillende leerstrategieë wat by hom/haar en die leerstof pas om leerinhoud te bemeester, integreer, toe te pas en eie kennisraamwerke te konstrueer; Kontakgeleenthede met dosent en studente effektief in die leerproses te benut; Doeltreffend en doelmatig tyd kan bestuur; Doeltreffend vir die eksamen kan voorberei en beter eksamen kan skryf; As individu en in 'n groep probleemoplossend te werk kan gaan; beter toegerus te wees met lewensvaardighede; 'n Minimumvlak van leesvaardigheid te hê.

MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

MBGB111: GESONDHEIDSBEVORDERING VIR MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

1½ uur 1:1

Die student moet in staat wees om nasionale en internasionale tendense met betrekking tot gesondheidsbevorderingstrategieë binne die volle spektrum van die mens se lewensiklus te verstaan; spesifieke toepassingstrategieë soos benodig sal word binne die verskeidenheid van groepe en gemeenskappe in Suid-Afrika te kan formuleer; bewustheid te ontwikkel van siekte- en gesondheidsdeterminante, asook toepaslike ingesteldheid en vaardighede wat noodsaaklik is vir gemeenskapsontwikkeling.

MBWK 111: MOTORIESE LEER

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om kennis rakende die volgende motoriese aspekte kan toepas: Definiëring en klassifikasie van beweging/vermoëns. groei en rypingstendense in bewegingsontwikkeling; Identifisering van bewegingsagterstande; Individualiteit van sporttalent; Talentidentifisering in sport.

MBWK 121: SPORTTRAUMA

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Basiese mediese noodsituasies soos verstikking, hartstilstand, brandwonde, vergiftiging, frakture en skok kan identifiseer en behandel; Beseringsrisiko te kan ontleed en voorkomingsmaatreëls kan implementeer; Korrekte hantering/stabilisering van beserings toe te pas.

MBWK211: KINESIOLOGIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Toepaslike feitekennis oor neurologiese gebeure tydens leer te kan beheers ten einde krities en kreatief probleme binne die sportpraktyk te kan identifiseer en op te los; Kennis oor taakanalise en fasiliteerders vir aanleer en uitvoering logies kan kommunikeer in groepklasse; Effektiewe en verantwoordelike selfbestuur te kan toepas en selfdoenopdragte oor leermodelle en persepsie kan verantwoord in groepsverband.

MBWK221: OEFENPSIGOLOGIE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die waarde van psigologiese begeleiding vir persone en groepe met verskillende behoeftes te verstaan en te kan kommunikeer; Kennis oor psigologiese vaardighede soos motivering, leierskap en sinvolle kommunikasie te kan toepas; Psigologiese vaardighede soos stresbeheer, selfvertroue en doelwitstelling vir verskillende groepe kan aanwend.

MBWK 222: SPORTPSIGOLOGIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Teoretiese kennis ten opsigte van sportpsigologiese vaardighede soos beelding, psigiese energie, stresbestuur, aandagsvaardighede, positiewe ingesteldheid, selfvertroue en doelwitstelling op 'n basiese vlak deur begeleiding aan sportlui te kan toepas.

MBWK 215: OEFENFISIOLOGIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om:

- Insig te toon in die terminologie, teoretiese basis en praktiese toepassing van oefenfisiologiese beginsels;
- Te verstaan hoe die verskillende fisiologiese prosesse in die liggaam by korttermyn en langtermyn oefening aanpas, watter meganismes vir hierdie veranderinge verantwoordelik is en wat as normale response gereken kan word, alvorens abnormale response (bv. oore oefening) geïdentifiseer kan word;
- Krities probleme rondom oefenfisiologie te kan identifiseer, analiseer en oplossings te genereer;
- Wetenskaplike artikels oor oefenfisiologiese aspekte te kan analiseer, interpreteer en die relevansie daarvan op die teoretiese inhoud te kan verstaan en te kan toepas;
- Oefenfisiologie vanuit 'n lewensbeskoulike perspektief te kan evalueer;

MBXR/N124: SPORTKUNDE IN RUGBY/HOKKIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om:

Rugby

- Onderskei tussen die verskillende kategorië van ergogeniese middels
- Onderskei tussen wettige en onwettige middels in sport
- Doen verslag oor die etiese aspekte oor die gebruik van ergogeniese middels in sport
- Toepassing van die basiese biomeganiese aspekte in afrigting
- Gebruik die kennis van toegepaste anatomie in die ontwikkeling van 'n gimnasiumprogram

Netbal

- Feite kennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle netbalafrigters, -afrigting, lesplanopstelling, vaardigheidsaanlering en netbalreëls te kan weergee;
- Lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas;
- Voor-kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en te kan aanbied;
- die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief tydens praktiese sessies toe te pas.
- Effektiewe afrigting aan speler te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir netbalvaardighede te vestig.

MENSEHULPBRON-WETENSAPPE (BEDRYFSIELKUNDE EN BEDRYFSOSIOLOGIE)

MHBP111: INLEIDING TOT MENSEHULPBRON-BESTUUR

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die komponente van mensehulpbron-bestuur (insluitend mensehulpbron-beplanning, posontleding, werwing, keuring, opleiding, prestasie-bestuur en vergoeding) te ken en te verstaan; Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van stres, motivering, leierskap, groepsgedrag en kommunikasie te ken en te verstaan; Die belangrikheid van loopbaan-selfbestuur te ken en te verstaan; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan.

OPENBARE BESTUUR EN REGERING

PUMA 111: GRONDSLAE VAN OPENBARE BESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die grondslae en teoretiese fundering van Openbare Bestuur as dissipline te vertolk
- die multi-dissiplinêre aard van Openbare Bestuur en Administrasie te verstaan
- die verskille tussen openbare en privaatsektor te kan verstaan; en
- die noodsaaklik van goeie regering in die Suid-Afrikaanse konteks te kan vertolk

PUMA 121: LOKUS EN FOKUS VAN OPENBARE BESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die aard van die verskillende omgewings (polities, ekonomies, tegnologies, kultureel, sosiaal en wetlik/statutêr) wat die werk van die openbare bestuurder beïnvloed, te kan ontleed en verstaan; en
- hy/sy sal in staat wees om bestuurswerk te kan afbaken in byvoorbeeld beskerming, welvaart, maatskaplik en sosiaal, kultureel en opvoedkundig sowel as omgewingsake.
- om die verskillende bestuursfunksies (leidinggewing, beplanning, koördinerings, organisering en beheer) **te kan bepaal en verstaan en sal ook in staat wees om dit te kan toepas.**

PUMA 211: OPENBARE BELEID EN BEPLANNING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die beleidmakingproses in Suid-Afrika te verstaan en om sensitiwiteit rakende die rol van die openbare bestuurder in die beleidmakingproses te ontwikkel;
- die beleidsvlakke en rolspelers in beleidmaking te verstaan;
- die impak van beleidsimplementering op die samelewing te ontleed;
- openbare beleid in programme en projekte vir implementering om te skakel;

- projekbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas;
- om die openbare beplanningsproses (doel / missies / doelwitte / strategieë / prosedures / beleid ensovoorts) wat die bestuurder in staat stel om in 'n veranderende omgewing te bestuur, te kan verduidelik en te evalueer;
- die noodsaaklikheid van organisatoriese ontledings in terme van kapasiteit, hulpbronne en infrastruktuur te verstaan en te vertolk ten einde effektief te beplan.

PUMA 221: DIE REGERING EN VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student sal in staat wees om

- die sosio-ekonomiese en demografiese konteks van Suid- en Suider-Afrika te ontleed en te vertolk;
- die onderskeie regeringsinisiatiewe vir volhoubare ontwikkeling op nasionale en in 'n Afrika-konteks te ontleed
- alternatiewe diensleweringmeganismes in terme van hulle toepaslikheid binne die sosio-ekonomiese konteks te vertolk.

PUMA 311: MUNISIPALE BESTUUR EN NAVORSING

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- 'n historiese oorsig van munisipale regering in Suid-Afrika te verskaf;
- munisipale grondwetlike en statutêre hervormings in Suid-Afrika te verklaar;
- kernaspekte tot die bestuur van munisipaliteite te verstaan;
- demokrasie op plaaslike owerheidsvlak te verklaar en te ontleed;
- interowerheidsverhoudinge insluitend fiskale reëlings te vertolk;
- munisipale strukture te identifiseer en te vertolk;
- beleidbepaling op plaaslike owerheidsvlak te verduidelik en te ontleed;
- vraagstukke vir munisipale bestuur in Suid-Afrika te identifiseer en oplossings aan die hand te doen;
- alternatiewe diensleweringmeganismes op plaaslike owerheidsvlak (PPPs) te identifiseer en te ontleed;
- die basiese grondslae van navorsing te verstaan; en
- die verskillende tipes en kategorieë van navorsings te verstaan en te kan toepas.

PUMA 321: STRATEGIESE OPENBARE HULPBRONBESTUUR

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die noodsaak van strategiese openbare sektor bestuur te vertolk;
- openbare sektorvraagstukke soos die bestuur van verandering, hulpbronbeperkings, gebrekkige vaardighede en ander sosio-ekonomiese aspekte in terme van bestuursuitdagings te ontleed en oplossings aan die hand doen ten einde hierdie vraagstukke aan te spreek;
- menslike hulpbronbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas; en
- finansiële bestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas.

ONDERNEMINGSBESTUUR

ONBP111: INLEIDING TOT ONDERNEMINGSBESTUUR

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die grondbegrippe van Ondernemingsbestuur te verstaan en dit toe te pas; Die ekonomiese struktuur waarbinne die onderneming funksioneer te verstaan; Ondernemingsbestuur as wetenskap te verklaar; Die historiese ontwikkeling in Ondernemingsbestuur te verstaan; Die verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en te verklaar; Die bestuursomgewing op internasionale, makro-, mark- en mikrovlak te bespreek; Die strategiese beplannings- en strategie-implementeringsproses te bespreek; Beplanning as een van die basiese bestuurstake te doen, die elemente wat die beplanningsproses beïnvloed te identifiseer en die beginsels van besluitneming toe te pas; Koördinasie en produktiwiteit te verduidelik; Die beginsels van organiseer en delegeer toe te pas; Die aktivering van werknemers deur middel van kommunikasie, leierskap en motivering te ken; Te verduidelik hoe ondernemingsaktiwiteite beheer word; Kennis en toepassing rakende entrepreneurskap, intrapreneurskap en die belangrikheid van klein-, medium- en mikro-ondernemings te demonstreer.

ONBP122: INLEIDING TOT BEMARKINGSBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die aard van bemarking te beskryf; Die bemarkingsproses in 'n onderneming toe te pas; Die ondernemingsomgewing te verken; Die verskillende faktore wat verbruikergedrag beïnvloed, te identifiseer en te verduidelik; Marksegmentering te doen; Markgeleenthede deur bemarkingsnavorsing te identifiseer; Die produkonsepte te verstaan; Die elemente van die produkonsepte in 'n werklike produk te identifiseer; Die fases van nuweprodukontwikkeling te verduidelik; Die beginsels van distribusiekanale te bespreek; Die konsepte van fisiese distribusie te verduidelik; Die elemente van die bemarkingskommunikasieomgewing te identifiseer en te verduidelik; Die faktore wat prysbesluite beïnvloed, te bespreek; Die beginsels van die produklewensiklus toe te pas; Bemarkingsbeplanning uit te voer; 'n Bemarkingsoudit te doen; Die verskillende bemarkingsstrategieë te identifiseer en te bespreek; Die uniekheid van internasionale bemarking te verduidelik.

ONBP212: BEMARKINGSPLAN (VANAF 2006)

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die bemarkingsproses en die bemarkingsbeplanningsproses te verstaan en te kan verduidelik; Kennis aangaande die bemarkingsoudit te kan demonstreer en 'n bemarkingsoudit te kan uitvoer; 'n Produk-oudit as deel van die bemarkingsoudit te kan doen; 'n Kommunikasie-, distribusie- en prysplan vir 'n onderneming te kan opstel; Inligting vir die opstel van 'n bemarkingsplan te kan insamel en vooruitskattings te kan maak; 'n Bemarkingsplan te implementeer en verstaan hoe 'n stap-vir-stap beplanningsstelsel werk.

ONBP213: VERBRUIKERSGEDRAG

3 uur 1:1

Die student moet instaat wees om: Die term verbruikersgedrag en verbruikerswese te kan omskryf; Die verband tussen verbruikersgedrag en bemarking te kan verduidelik en verstaan;

Die proses van segmentering, teikenmarkbepaling en posisionering in terme van verbruikersgedrag te kan bespreek. Aan te dui hoe persoonlikheid, lewenstyl, houding, persepsies, motivering, leer en betrokkenheid verbruikersgedrag kan bepaal; Die besluitnemingsproses waardeur verbruikers gaan te kan verduidelik; Te kan verduidelik hoe kultuur verbruikersgedrag beïnvloed; Te kan verduidelik hoe verwysingsgroepe en die gesin die verbruiker se aankoopgedrag kan beïnvloed. Die invloed van bemarkingskommunikasie op verbruikersgedrag te kan bespreek en verstaan; Die elemente wat die Suid-Afrikaanse verbruiker beïnvloed te kan identifiseer en bespreek; Te verstaan hie verbruikersgedrag tussen lande verskil; Die belangrikheid van sosiale verantwoordelikheid in verbruikerswese te verstaan.

ONBP214: ENTREPRENEURIESE BESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die rol van bestuur, bestuurders, kontemporêre bestuurspraktyke en 'n veranderende globale omgewing te kan ontleed. Die grondslag van beplanning, doelwitstelling, besluitneming individueel en in groepe te kan toepas. Organisering, personeelvoorsiening en menslike hulpbronnbestuur asook die bestuur van verandering, stress en innovasie vir 'n klein onderneming te kan hanteer. Leiding, werkspanne, motivering en vergoeding van werknemers, leierskap en vertroue asook kommunikasie en interpersoonlike vaardighede te kan ontwikkel en gebruik. Die waardeketting te kan verstaan en produktiwiteit kan verbeter asook beheer oor aktiwiteite en hulpbronne te kan uitoefen. Spanbou-oefeninge en toepassings van etiese dilemmas in bestuur sal voortdurend aandag ontvang.

ONBP221: LOGISTIEKE BESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die aard van logistieke bestuur te beskryf; Logistiek as 'n geïntegreerde geheel te verduidelik; Die inkomende kant van die logistieke ketting te verduidelik; Die uitgaande kant van die logistieke ketting te verduidelik; Die rol en belangrikheid van vervoer in logistiek aan te dui; Die belangrikheid van voorraad te bespreek en om voorraaditems te klassifiseer; Die komponente van totale voorraadkoste te beskryf en te bereken; Die aard en belangrikheid van pakhuisse aan te dui; Die internasionale logistieke proses en deelnemers te bespreek.

ONBP222: VERHOUDINGSBEMARKING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Verhoudingsbemarking uitgebreid te omskryf; Alternatiewe perspektiewe op verhoudingsbemarking te verduidelik; Die verwantskap tussen kwaliteit en verhoudingsbemarking aan te dui; Aan te toon hoe 'n klantgeoriënteerde kultuur vir verhoudingsbemarking geskep word, aan te toon hoe verbintenisse by werknemers tot verhoudingsbemarking geskep word, verhoudingsbemarkingstrategieë te beplan en te ontwikkel en aan te toon hoe verhoudingsbemarkingstrategieë geïmplementeer word.

ONBP224: ENTREPRENEURSKAP

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Groei en verandering in veranderende omgewings te kan identifiseer en die aard van entrepreneurskap vir die vestiging van 'n eie onderneming of in 'n groot onderneming te kan verstaan. Die dimensies van entrepreneurskap te ontleed en die verskil tussen die begin van 'n onderneming en 'n nuwe projek in 'n groot onderneming te kan verstaan. Kennis te maak met die rol en toepassing van korporatiewe entrepreneurskap, probleemoplossingstyle, produkinnovasie, tegnologie, 'n strategie vir korporatiewe

entrepreneurskap en die struikelblokke vir korporatiewe entrepreneurskap. Die strukturering van 'n onderneming, beheer van entrepreneuriese aktiwiteite, die ontwikkeling van kultuur en 'n deurlopende entrepreneuriese proses te verstaan en te kan toepas. 'n Praktiese projek oor 'n entrepreneur in 'n entrepreneuriese onderneming te doen.

ONBP311: LEWENSVATBAARHEIDSTUDIES

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die produkontwikkelingsproses vir die ontwikkeling van 'n produk of diens vir 'n nuwe of bestaande onderneming toe te pas; 'n Markontleding uit te voer wat 'n mededinger- en verbruikerprofiel, neigings in die bedryf en teikenmarkidentifisering insluit; Verkoopsyfers, produkkoste, brutomarge, sowel as vestigings- en bedryfsuitgawes te bereken; 'n Proforma inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeistaat op te stel; 'n Projekontleding uit te voer waartydens die beginsels van die tydwaarde van geld met spesifieke beleggingskriteria geïnkorporeer word.

ONBP312: HANDELSMERKBESLUITTE (VANAF 2007)

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die term handelsmerk te verstaan en die bestuur van handelsmerke te verduidelik; Handelsmerkposisionering te kan vestig en verstaan; Handelsmerkprogramme vir effektiewe bemerking te kan beplan en implementeer; Die meting van handelsmerkprestasie te doen en interpreteer. Volhoubare handelsmerkstrategieë te ontwikkel en te implementeer.

ONBP313: BEMARKINGSNAVORSING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kennis aangaande die navorsingsproses te demonstreer; 'n Navorsingsprobleem kan definieër; 'n Navorsingsontwerp te kan ontwikkel; Data-insamelmodes te kan evalueer en bepaal watter metode die beste sal wees om die probleem te kan hanteer; Steekproefontwerp en data-insamelingstegnieke te kan verduidelik; Data te kan analiseer en te interpreteer; 'n Navorsingsverslag te kan opstel.

ONBP321: ONDERNEMINGSPLAN

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Gebalanseerde bestuursplan vir 'n nuwe onderneming saam te stel; Die proforma inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeistaat in die ondernemingsplan te integreer; Die inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeistaat te interpreteer deur van verhoudingsontledings, Du Pontontledings en lewensvatbare groei-modelle gebruik te maak; Funksionele planne as deel van die ondernemingsplan te formuleer en 'n ondernemingsplan vir 'n nuwe onderneming te ontwikkel en voor te lê.

ONBP322: PRYSBESLUITTE

3 uur 1:1

Die student moet in staat wees om: Die verskillende benaderings tot prysbepaling te kan identifiseer en bespreek; Die faktore wat prysbepaling beïnvloed kan identifiseer en verklaar; Die rol van koste en vraag in prysbepaling te kan verklaar; Die rol van verskillende prysdoelwitte / beleide te kan verduidelik; Die verskillende prysbepalingsmetodes kan toepas

en verduidelik; Die verskil tussen plaaslike en internasionale prysbepaling te kan bespreek; 'n Prysstrategie te kan ontwikkel.

ONBP323: GEÏNTEGREERDE BEMARKINGSKOMMUNIKASIE (GIBK)

3 uur 1:1

Die student moet in staat wees om: Die rol van GIBK in die bemarkingsproses verstaan en kan verduidelik; Die rol van reklame-agente en ander bemarkingskommunikasie-instellings bemarking te kan analiseer; Aan te dui hoe verbruikersgedrag GIBK kan beïnvloed; Die rol van die kommunikasie proses in GIBK te kan verduidelik; 'n Begroting en doelwitte vir GIBK daar te stel; 'n GIBK-strategie en program te kan ontwikkel; Die effektiwiteit van 'n GIBK-program te kan meet; Te kan verduidelik hoe 'n GIBK-strategie vir die internasionale mark aangepas kan word; 'n Evaluering te kan doen van etiese, sosiale en ekonomiese aspekte van bemarkingskommunikasie.

ONBP324: ENTREPRENEURIESE STRATEGIESE BESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Deur middel van omgewingsverkenning die invloed van omgewingsverandering op die oorkoepelende strategiese bestuursproses te kan verduidelik. Die rolle van verskillende strategiese bestuursvlakke te verstaan. Die huidige prestasie en strategie van 'n onderneming te kan ontleed as deel van die jaarlikse strategiese proses. 'n Visie en missie vir 'n onderneming te kan formuleer. 'n Mededingingsanalise en ondersoek na die interne omgewing te kan doen. Verskillende strategieë te kan ontleed en 'n SSGB matriks te kan uitvoer. 'n Strategie te kan ontwikkel, met inagneming van volhoubaarheid, en te verstaan hoe dit die struktuur en leierskap bepaal en hoe om kultuur te vestig en te verander. Die rol van die taktiese en operasionele planne te verstaan en strategiese, taktiese en operasionele beheer te kan uitoefen wat kan lei tot deurlopende verbetering. 'n Strategiese bestuursplan vir 'n klein onderneming te kan ontwikkel.

TOERISMEBESTUUR

ONTP111: INLEIDING TOT TOERISMEBESTUUR

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Met die nodige kennis die toerismebedryf te ontleed; Die effek van toerisme op die gasheergemeenskap te identifiseer; Toerisme as 'n wetenskap wetenskaplik te ontleed; Die ekonomiese invloed van toerisme op die gasheergemeenskap te bepaal; Die vermenigvuldigende effek van toerismebesteding te bepaal.

ONTP122: GASVRYHEIDBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: die rol van gastehuse in die akkommodasie bedryf te kan analiseer; die historiese ontwikkeling van gastehuse te verstaan; Die strategiese beplannings- bestuurselemente en die implementeringsproses te kan verstaan en te kan toepas in gegewe gevallestudies; Prysbeepaling kan toepas; Die beginsels van bemarking, finansiële en voedseldiensbestuur kan implementeer in verskillende situasies; Gastehuse kan

evalueer aan die hand van gevallestudies; Die rol van konferensies as deel van die toerismebedryf kan verstaan en gesimuleerde konferensies kan beplan en implementeer volgens die strategiese beplanningsproses en 'n Boddokument te kan ontwikkel.

ONTP123: SPORTTOERISME EN GEBEURTENISBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Rolspelers en hul funksies te kan onderskei; Die elemente van 'n sportgebeurtenis en sporttoer toer kan analiseer en beplan; Die verhouding tussen sport, avontuur en toerisme kan verduidelik; Die ekonomiese impak van 'n sportgebeurtenis te kan bepaal; Gebeurtenisbestuur te kan analiseer en Die suksesvolle aanbieding van gebeurtenisse kan evalueer.

ONTP211: TOEGEPASTE TOERISMEBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die pryse vir toerpakkette te bepaal; Met die nodige kennis verskillende finansiële state te interpreteer; Verskillende soorte begrotings saam te stel; Menslikehulpbronnbestuur in 'n toerismeonderneming doeltreffend toe te pas; Posbeskrywings te ontwikkel; Posprestasie te evalueer.

ONTP 212: ENTREPRENEURIESE TOERISME

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Entrepreneursgeleenthede in die toerismebedryf te identifiseer; Te weet wat sleutelsuksesfaktore vir die vestiging van 'n eie toerismeonderneming is en na aanleiding daarvan 'n onderneming se besigheidsplan in die dienstesektor te kan ontwikkel; Die waarde van internasionale tendense in die toerismebedryf te kan evalueer en in die praktyk te kan toepas; Die relevante wetgewing en impak daarvan op 'n nuwe besigheid te identifiseer en doeltreffend te kan implementeer.

ONTP222: ENTREPRENEURIESE TOERISME

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Entrepreneursgeleenthede in die toerismebedryf te identifiseer; Te weet wat sleutelsuksesfaktore vir die vestiging van 'n eie toerismeonderneming is en na aanleiding daarvan 'n onderneming se besigheidsplan in die dienstesektor te kan ontwikkel; Die waarde van internasionale tendense in die toerismebedryf te kan evalueer en in die praktyk te kan toepas; Die relevante wetgewing en impak daarvan op 'n nuwe besigheid te identifiseer en doeltreffend te kan implementeer.

ONTP 223: SPORTTOERISME EN GEBEURTENISBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Sportgebeurtenis te kan organiseer; 'n Sporttoer te kan saamstel; 'n Sportbod te kan uitwerk en 'n groot gebeurtenis ("event") te kan organiseer; Die verhouding tussen sport, avontuur en toerisme te kan verstaan en te kan verduidelik hoe dit mekaar beïnvloed.

ONTP 224: WILDPLAASBESTUUR

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kennis van relevante wetgewing in die wildbedryf demonstree; Die rol wat wildplase in ekotoerisme speel te kan identifiseer; Kennis van bestuursmetodes om die ekotoerisme ervaring te verhoog te kan demonstree deur toepasing in gevallestudies; Aspekte van volhoubare ekotoerisme ontwikkeling te analiseer en implementeer; Die verskillende tipes akkommodasie wat fokus op verskillende markte se behoeftes te beplan en ontwikkel en Bemarkingsmengsels vir verskillende produkte en markte van 'n wildplaas ontwikkel.

ONTP311: EKOTOERISME

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die ekotoerisme-omgewing deur middel van gevallestudies te ontleed; 'n Ekotoerismeproduk te beplan en te ontwikkel; Die waarde en invloed van kussonebestuur op toerisme te evalueer; 'n Lewensvatbare ontwikkelingsmodel te implementeer.

ONTP321: TOERISME-BEMARKING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Strategiese bemarkingselemente te identifiseer en te ontleed; Verskillende tipes promosiemateriaal te ontwikkel; 'n Webwerf te ontwikkel; Kommunikasietegnieke deur middel van persverklarings toe te pas; 'n Strategiese bemarkingsplan saam te stel.

VHTB 311: GASVRYHEIDSBESTUUR: VOEDSEL EN DRANK EN VOEDSEL-DIENSBESTUUR

Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die student kennis, waardes en vaardighede kan demonstree ten opsigte van die identifisering en evaluering van die nuutste neigings en verkoopstegnieke in die gasvryheidsbedryf; basiese riglyne ten opsigte van dienshiërargie; produksie/bereiding en bediening van alkoholiese en nie-alkoholiese drankte; beginsels van professionele, klassieke en moderne voedselbereiding, bedieningstegnieke en metodes van tafeldek asook die beplanning en evaluering van spyskaarte volgens voedselgebaseerde dieetriglyne met inagneming van tradisionele eetgewoontes van verskillende religieuse en bevolkingsgroepe wat in die Suid-Afrikaanse Toerismebedryf verteenwoordig word; berekening van bedryfskoste, produksiehoeveelhede en koste van voedselitems; beskrywing en toepassing van aankoopprosedures, produkteuse, ontvangs, berging en voorraadbeheer; interpretering van veilige voedselhantering, werknemersgesondheid en higiëne; veiligheid in die werksomgewing; beplanning en bestuur van 'n voedseldiensonderneming in die gasvryheidsbedryf.

POLITIEKE STUDIES

POLI111: POLITIEK, STAAT EN REGERING

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die oorsprong, ontwikkeling en doel van die staat te beskryf; Politiek, mag, gesag en legitimiteit as begrippe te definieer en te verduidelik; 'n Ontledende oorsig te kan gee van die benaderings tot en modrne ideologieë in die politiek.

POLI121: DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die struktuur en komponente van die SA politieke stelsel en hul onderlinge verhouding te beskryf; Te verduidelik wat ko-operatiewe regering is; Die invloed van konstitusionalisering en die Handves van Menseregte in die SA politiek te Bespreek; Die grondslae, herkoms en aard van die konstitusionele staat te verduidelik; Die politieke en grondwetlike implikasies van konstitusionalisme (Suid-Afrika) te beskryf.

PSIGOLOGIE

PSIG131: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: FISIESE EN KOGNITIEWE PROSESSE

2 uur 1:1

Die student behoort in staat wees om: Die biologiese basis van die mens se gedrag te verklaar deur te verwys na die basiese onderbou van die senuweestelsel, asook die verskillende kognitiewe prosesse wat daardeur ondersteun word.

PSIG151: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: EMOSIONELE EN WILSPROSESSE

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Begrip te demonstreer vir die self in verhouding tot die groter samelewingskonteks en die emosionele en motiveringsprosesse in 'n kruis-kulturele omgewing te kan identifiseer en beskryf.

PSIG211: MENSLIKE ONTWIKKELING IN SOSIO-KULTURELE KONTEKS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Psigologies relevante prosesse en ander belangrike invloede wat 'n konsekwente rol speel in die ontwikkeling van die individu te verduidelik; Die basiese kenmerke van gedrag in elke ontwikkelingsfase, asook die invloed van diverse kontekste op gedrag, te beskryf; Te bespreek hoe fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale aspekte van ontwikkeling ingebed is in 'n bepaalde konteks van verhoudings, gesin, gemeenskap, kultuur en omstandighede.

PSIG241: PERSPEKTIEWE OP MENSWEES A

2 uur 1 : 1

Die student behoort in staat te wees om: Die verskeie perspektiewe op menswees binne 'n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde 'n persoonlike mensbeskouing te formuleer, waarteen menslike- en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

PSIG251: PSIGOLOGIESE GESONDHEID: MENSLIKE STERKTES EN VEERKRAGTIGHEID

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die oorsprong, manifestasies en patrone van psigologiese sterktes en veerkragtigheid uit verskillende teoretiese raamwerke te kan konseptualiseer; Die manifestasies daarvan by mense in verskillende lewensfasas (kindertyd, adolessensie, volwassenheid, bejaardheid) in verskillende kontekste (interpersoonlik, kultureel, werk) en op verskillende vlakke (individu, groep) te kan beskryf en in praktyk te kan identifiseer om die biopsigososiale welsyn van individue, groepe en op gemeenskapsvlak te kan fasiliteer.

PSIG252: INLEIDING TOT HULPVERLENING EN ETIEK

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Algemene model en proses van hulpverlening en fasiliterende gespreksvoering te konseptualiseer en te gebruik om ander mense te help om alledaagse lewensprobleme op te los, sowel as om etiese kwessies wat in die hulpverleningsituasie voorkom te kan bespreek.

PSIG311: INLEIDING TOT PSIGOPATOLOGIE

3 uur 1:1

Die student sal in staat wees om met betrekking tot die kinderjare, adolessensie en volwassenheid, risikofaktore te identifiseer wat die vatbaarheid vir psigopatologie verhoog; die verskillende vorme van psigopatologie te identifiseer en te omskryf.

PSIG312: TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HULPVERLENING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die verskillende basiese terapeutiese teorieë te bespreek en dit vanuit 'n Westerse sowel as 'n Afrika-perspektief te evalueer, te vergelyk, en op praktiese vlak te beoefen.

PSIG323: GESONDHEIDS- EN HIV VOORLIGTING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die biopsigososiale perspektief op fisieke gesondheid en –siekte, asook teorieë van gesondheidsvoorligting, te beskryf; gesondheids- en siektegedrag te evalueer; basiese psigologiese intervensies binne die mediese konteks te doen; asook programme wat siekerisiko's uitskakel en gesondheid bevorder, toepaslik vir die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied.

PSIG322: FASILITERING VAN MENSLIKE ONTWIKKELING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die basiese onderliggende beginsels ter bevordering van menslike ontwikkeling te beskryf, asook stimulasieprogramme, wat ontwikkel word ten opsigte van perseptuele en emosionele ontwikkeling; taal-, kommunikasie-, interpersoonlike- en lewensvaardighede en die stimulasie van kreatiwiteit, teoreties te begrond, binne groepsverband toe te pas; en te evalueer.

PSIG353: KRISISINTERVENSIE

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die algemene aard en dinamiek van verskillende tipes krisissituasies (soos dreigende selfmoord, aanranding, traumatiese verliese, ens.), sowel as die tipiese reaksies van persone daarop te kan beskryf, en teen die agtergrond van teoretiese modelle en spesifieke evalueringstelsels, kultuursensitiewe, eties-verantwoorde intervensies en kritieke-insident-stresontlontings te kan toepas, met bewustheid van die langtermyn effek van hierdie werk op die hulpverlener, en wyses om die impak daarvan te hanteer.

PRIVAATREG

PVRR131: INLEIDING TOT DIE KONTRAKTEREG

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om die algemene beginsels van die kontraktereg te kan toepas, 'n gevolgtrekking te kan maak en 'n aanbeveling te kan maak; Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om 'n probleem te kan identifiseer en oplos in 'n gegewe feitestel of 'n tipiese kommersiële probleem; 'n Standpunt logies en sistematies te kan formuleer, beredeneer en kommunikeer; Insig te toon in die verband tussen verskillende aspekte van die kontraktereg.

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP

RECP 111 - Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae en Toepassing

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Grondslae van rekeningkunde, basiese teorie en begrippe in die algemeen toe te pas; Die eenvoudige transaksies van 'n eenmansaak te boek te kan stel en daarvoor verslag te doen; Eenvoudige transaksies rakende ondernemings sonder winsoogmerk te boek te stel en daarvoor verslag te doen; Berekening en teboekstelling te doen ten opsigte van versekeringsse; Rekeningkundige rekords te rekonstrueer waar inligting en rekords ontbreek; Behoorlike begrip te toon van die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk) standpunte RE 000, RE 101, RE 108. Die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk) standpunte RE 000 en RE 101 toe te pas in gegewe eenvoudige situasies.

RECP 121 - Rekeningkunde: Inleidende korporatiewe rekeningkunde

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Transaksies rakende vennootskappe, insluitend veranderinge in eienaarskap, te boek te stel en daarvoor verslag te doen; Transaksies rakende maatskappy en beslote korporasie, insluitend die verandering in eienaarskap, in ooreenstemming met toepaslike gedeeltes uit die betrokke wetgewing, te boek te kan stel en daarvoor verslag te doen; (Toepaslike gedeeltes van die vierde bylae van die Maatskappywet, "Wet 61 van 1973, soos gewysig" en Wet op Beslote Korporasies, "Wet 69 van 1984, soos gewysig" word ook in hierdie module ingesluit.) Die student moet ook transaksies en aansuiwerings in 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel kan te boek stel en verwerk.

RECP 271 - REKENINGKUNDE: KORPORATIEWE REKENINGKUNDE, ANALISE, EN INLEIDING TOT AARP/IFRS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Behoorlike kennis en begrip van die beginsels neergelê in verseie AARP/IFRS standpunte te openbaar en dit toe te pas in 'n gegewe probleemstelling; Behoorlike kennis en begrip te toon van die Maatskappywet se 4de Bylae en vereistes van die direkteursverslag en dit te kan toepas in die opstel van finansiële state; Om bogenoemde inligting toe te pas in 'n gegewe feitestel; Finansiële state te ontleed met behulp van verhoudingsontledings enssovoort, dit krities te bespreek en te evalueer en aanbevelings te maak.

RECP311: REKENINGKUNDE: GROEPSTATE EN KOMPLEKSE GROEPE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Gevorderde gekonsolideerde finansiële state op te stel met inbegrip van intermaatskappytransaksies, komplekse groepe en verandering in mate van beheer; Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk rekeningkundig te verantwoord en te integreer met gekonsolideerde finansiële state.

RECP321: REKENINGKUNDE: AARP – CAPITA SELECTA

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in 'n gegewe probleemstelling.

in 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel kan te boek stel en verwerk.

RECP 371 - REKENINGKUNDE: KOMPLEKSE KORPORATIEWE REKENINGKUNDE EN AARP/IFRS (vanaf 2009)

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Gevorderde gekonsolideerde finansiële state op te stel met inbegrip van intermaatskappytransaksies, komplekse groepe en verandering in mate van beheer; Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk rekeningkundig te verantwoord en te integreer met gekonsolideerde finansiële state.

Die student behoort verder in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP)/IFRS; Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in 'n gegewe probleemstelling

BELASTING

REBP 221: INLEIDING TOT INKOMSTEBELASTING EN BOEDELBEREDDERING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die suid-afrikaanse inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging en beleggingsinkomste. Die student moet ook geskenke – en boedelbelasting kan bereken. die student moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is. Die student moet ook die belasting en rekeningkundige hantering van bestorwe en insolvente boedels kan doen met verwysing na die wet op bereddering van boedels no 66 van 1965 en die ins olvensie wet no 24 van 1936. Die student moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake die boedels kan beredder.

REBP311: BELASTINGTOEPASSING: BELASTING VAN INDIVIDUE EN ONDERNEMINGS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid. Die student moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is.

REBP321: BELASTINGTOEPASSING: MAATSKAPPYBELASTINGS, TRUSTS EN ANDER

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur boere, maatskappye en trusts te bereken; Skenkingsbelasting en Boedelbelasting te bereken; Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)-Wet te interpreteer en BTW te bereken; Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) te bereken. Die student moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is.

REBP 312: BELASTINGTOEPASSINGS: VENNOOTSKAPPE, BOERE EN GEVORDERDE BELASTING VAN INDIVIDUE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid met insluiting van die basiese beginsels van Kapitaalwinstbelasting. Die student moet die inkomstebelasting betaalbaar deur boere en vennootskappe kan bereken. Die student moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is

REBP 322: Belastingtoepassing: Maatskappybelastings, Trusts, BTW en Gevorderde KWB

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te kan bereken . Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) – Wet te interpreteer en BTW te kan bereken. Die student moet ook die gevorderde beginsels van Kapitaalwinstbelasting kan bereken en toepas. ... Die student moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is

REIP311: BELASTING: BELASTING VAN INDIVIDUE EN ONDERNEMINGS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid.

REIP321: BELASTING: MAATSKAPPYBELASTINGS, TRUSTS EN ANDER

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur boere, maatskappye en trusts te bereken; Skenkingsbelasting en Boedelbelasting te bereken; Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)-Wet te interpreteer en BTW te bereken; Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) te bereken.

FINANSIËLE REKENINGKUNDE

REKP111: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: BASIESE KONSEPTE, REKENINGKUNDIGE STELSLS EN ELEMENTÊRE FINANSIËLE VERSLAGDOENING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik; Joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekenings op te stel; 'n Rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereistes van 'n spesifieke entiteit; Transaksies te boekstaaf en verslag te doen oor eenmansake en vennootskappe.

REKP121: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: SPESIALE REKENINGE, VENNOOTSKAPPE EN BESLOTE KORPORASIES

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf vir 'n vervaardigingsonderneming, departementele rekeninge en nie-wins organisasies; Transaksies te boekstaaf met betrekking tot die toelating, uittrede en ontbinding van 'n vennootskap; Finansiële jaarstate van 'n beslote korporasies te kan opstel; Versekeringseise te bereken en te boek te stel.

REKP211: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: FINANSIËLE VERSLAGDOENING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die rekeningkundige terminologie eie aan 'n maatskappy te kan identifiseer; Die relevante inskrywings met betrekking tot maatskappybelasting, oordragte na- en van reserwes en aandeleuitreiking, te kan maak; Die finansiële jaarstate van 'n maatskappy op te stel; Kontantvloeistate op te stel, te kan ontleed en interpreteer; Finansiële verhoudings te kan identifiseer en verduidelik en die doel en gebruike daarvan te verduidelik in die ontleding van die onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvensie.

REKP221: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: SPESIALE ONDERWERPE EN ELEMENTÊRE GROEPSTATE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf vir die omskakeling van beslote korporasies na maatskappye, maatskappye na beslote korporasies, en eenmansake en vennootskappe na beslote korporasies; Rekeningkundige inskrywings te boekstaaf oor verskillende aspekte van skuldbriewe, beleggings, afbetalingsverkoopoooreenkomste en takke; Elementêre gekonsolideerde finansiële jaarstate op te stel.

REKP311: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: GROEPSTATE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die behoefte aan gekonsolideerde finansiële jaarstate te verduidelik; Gekonsolideerde finansiële jaarstate op te stel.

REKP321: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK –CAPITA SELECTA

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in 'n gegewe probleemstelling.

LOUDITKUNDE

REOP211: LOUDITKUNDE: DIE LOUDITEUR EN DIE LOUDITPROSES

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die historiese ontwikkeling van die ouditprofessie, die struktuur van die professie in Suid-Afrika en die verantwoordelikhede van die eksterne ouditeur te omskryf; Die ouditproses aan die hand van relevante standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde te omskryf; 'n Deeglike begrip van sekere bepalings van die Professionele Gedragskode te toon.

REOP221: LOUDITKUNDE: TOEPASSINGS EN INLEIDENDE REKENAARLOUDITERING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Deeglike kennis van die vloei van transaksies, interne beheerstelsel en beheerdoelwitte te demonstreer; Transaksiesiklusse te ondersoek en interne beheermaatreëls te evalueer; Beheermaatreëltoetse en stawingsprosedures te

ontwikkel en gevolgtrekkings oor die resultate daarvan te maak; 'n Duidelike begrip te toon van die invloed van rekenaartegnologie op die auditproses; Ouditverslae op te stel.

REOP321: OUDITKUNDE: MAATSKAPPYEREGTOEPASSINGS EN REKENAARODITERING

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die beginsels van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde in die auditproses toe te pas; Die Maatskappywe-vereistes van toepassing op maatskappy-audits te verduidelik en in praktiese gevallestudies toe te pas; Maatskappywet-oortredings te identifiseer en regstellende voorstelle te maak; Sekere beginsels van ouditering in 'n rekenaaromgewing toe te pas.

FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL)

RESP111: FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL): BASIESE KONSEPTE, REKENINGKUNDIGE SIKLUS EN REKENINGKUNDIGE STELSLS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; Transaksies vir 'n eenmanssaak te kan boekstaaf en verslag oor die transaksies te doen; Die inligtingsbehoefte van verskillende gebruikers vas te stel; Joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekenings te kan opstel; 'n Rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereiste van 'n spesifieke entiteit.

RESP121: FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL): FINANSIËLE VERSLAGDOENING, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf en verslag te doen oor die finansiële stand van 'n eenmanssaak, vennootskap en nie-wins organisasies; Versekeringseise te bereken en te boekstaaf; Finansiële verhoudings te identifiseer en bereken en die doel en gebruik daarvan te verduidelik in die ontleding van 'n onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit.

REKENINGKUNDE & REKENAARS

RRTP 212 - Rekeningkunde en Rekenaars: rekenaartoe-passings en rekeningkunde

4 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Behoorlike kennis te openbaar van inligtingstegnologie (IT)-begrippe oor inligtingstelsels en vir bestuur van IT, stelselimplementering en -gebruik en algemene gebruik van IT, ontwikkelingstandaarde en -praktyke vir inligtingstelsels, en interne beheer in IT; Bedryfstelsel-, woordverwerking-, sigblad-, en rekeningkundige rekenaarpakkette prakties te gebruik. (LW: 'n **Praktiese en 'n teoretiese eksamen word afgelê**: 'n Praktiese twee (2) ure eksamen word 'n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en 'n Teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

RRTP321: REKENINGKUNDE & REKENAARS: REKENINGKUNDIGE EN OUDITTOEPASSINGS OP REKENAAR

4 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Grondige kennis te openbaar en toe te pas oor inligtingstegnologie (IT) -begrippe met betrekking tot Rekeningkunde en Ouditkunde, evaluering en ouditering van inligtingstelsels op 'n basiese vlak, rekenaarsekureit en – kontroles, gevorderde rekenaarselsels en nuwe tegnologie en die invloed daarvan op die ouditeur, en op kontroles en die sake-omgewing; Rekenaartoepassings in databasisse en vir die oordrag van data prakties te gebruik; Gepaste geleenthede om die rekenaar as 'n sake-instrument te gebruik, te identifiseer; Praktiese vaardighede te demonstreeer in die gebruik van rekenaartoepassings in die ouditkundige en finansiële bestuur omgewing. (LW: 'n **Praktiese en 'n teoretiese eksamen word afgelê**: 'n Praktiese twee (2) ure eksamen word 'n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en 'n Teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

HANDELSREG

RHRP121: HANDELSREG: ONDERNEMINGSREG

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die verskillende ondernemingsvorme te toon; Behoorlike kennis en insig van die reg aangaande vennootskappe, beslote korporasies en sekere aspekte van die maatskappyereg te demonstreeer; Die relevante regsreëls van die verskillende ondernemingsvorme insake die stigting en totstandkoming, lidmaatskap, interne en eksterne verhoudings en ander relevante regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

RHRP311: HANDELSREG: GEVORDERDE MAATSKAPPYEREG

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die algemene beginsels en administrasie van maatskappye te toon; Die relevante regsreëls aangaande algemene aspekte van die maatskappyereg, insluitende vermoë en verteenwoordiging, toewysing en uitreiking van aandele, oordrag van aandele, aanbod van aandele, bestuur van die maatskappy, lede- en direksievergaderings, re-organisasies, reëlins en skikkings, die ouditeur, likwidasie en geregtelike bestuur, en ander regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

RHRP331: HANDELSREG: MAATSKAPPYEREG

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die algemene beginsels en administrasie van maatskappye te toon; Die relevante regsreëls aangaande algemene aspekte van die maatskappyereg, insluitende vermoë en verteenwoordiging, toewysing en uitreiking van aandele, oordrag van aandele, aanbod van aandele, bestuur van die maatskappy, lede- en direksievergaderings, en ander regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

REKENAAR- EN INLIGTINGSVAARDIGHEID

VERPLIGTE MODULE:

RINL111: REKENAAR- EN INLIGTINGSVAARDIGHEID

1½ uur 1:1

Rekenaarvaardighede:

Die student behoort oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaard woordverwerking-, sigblad-, aanbiedings- en webleserprogrammatuur effektief te gebruik.

Inligtingsvaardighede:

Die student behoort oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om wetenskaplike inligting met behulp van verskeie tegnologieë (soos die Internet en die nuutste tipes databasisse) vanuit 'n verskeidenheid bronne (soos boeke, tydskrifte, die Web) op te spoor, te evalueer, te verwerk en te kommunikeer. Hierdie module word ten volle rekenaarmatig aangebied.

REKREASIEKUNDE

RKKX 112: INLEIDING TOT VRYETYDSOPVOEDING

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om:

- Die historiese ontwikkeling van rekreasie, vryetyd en buitlugrekreasie teoreties te kan bespreek;
- Die belangrikheid van die historiese ontwikkeling van rekreasie, vryetyd en buitlugrekreasie te motiveer;
- Na gelang van verskillende gevallestudies die faktore van veiligheidsbestuur en die verskillende basiese vaardighede kan verantwoord en demonstreer.

RKKX 121: GEMEENSKAPSREKREASIE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kennis te demonstreer rakende die rol van rekreasie binne die hedendaagse samelewing; Rekreasiestrukture binne die RSA te verduidelik; Kennis te demonstreer rakende die status van rekreasie-voorsiening binne plaaslike owerhede; Belangegroep te identifiseer wat verband hou met die voorsiening van rekreasiedienste; Sosiale, psigologiese, fisieke en omgewingsvoordele van rekreasiedeelnemers te verduidelik; Riglyne te identifiseer en te verduidelik wat verband hou met toekomstige voorsiening van rekreasiedienste.

RKKX 122: SPORT- EN REKREASIEBESTUUR

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Feitekennis rakende bestuursontwikkeling weer te gee; Feitekennis rondom die ontwikkeling van organisasiestrukture toe te pas; Doelwitbestuur te implementeer tydens die bestuur van 'n rekreasie-organisasie; 'n Finansiële bestuurstelsel te ontwikkel vir 'n rekreasiedepartement of –organisasie; Bestuurskommunikasievaardighede prakties en teoreties toe te pas.

RKKX 212: REKKREASIELEIERSKAP

3 uur 1:1

Die student behoort in staat wees om:

- Die ontwikkeling, gebruik en waarde van verskillende leierskapstyle teoreties na gelang van gevallestudies te verantwoord;
- Die verskillende vaardighede, aanbieding en veiligheidsaspekte ten opsigte van water aktiwiteite teoreties te verantwoord;
- Die verskillende abseil en rotsklim opstellings, aanbieding en veiligheidsaspekte rondom elkeen teoreties te bespreek;
- Die tegniese aspekte en algemene riglyne rondom kampering teoreties te verantwoord;
- Die tegniese aspekte van kaart en kompas werk deur middel van 'n gevallestudie teoreties te verantwoord.

RKKX221: VRYETYDSPROGRAMMERING

PK 3 uur 1:1

Die student behoort in staat wees om kennis rakende die beplanning, ontwerp en implementering van rekreasie- en avontuurprogramme vir geselekteerde teikengroepe te demonstreer.

RKKX311: AVONTUURPROGRAMMERING EN FASILITERING

Pk 1 x 3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Kennis oor die ervaringsgeleentheid en die ervaringsparadigma te demonstreer; Faktore te identifiseer wat 'n invloed het op die doeltreffende funksionering van groepe; Kennis te demonstreer rakende die proses van fasilitering binne avontuurprogrammering en ervaringsleer; Toepaslike fasiliteringstegnieke te bemeester en toe te pas; Relevante metodes vir programevaluering te selekteer, toe te pas en te interpreteer.

RKKX313: META VAARDIGHEDE

Pk 1 x 2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die student in staat te wees om op kritiese en kreatiewe wyse ervaring-gebaseerde oordeel te kombineer met die nodige teoretiese kundigheid ten einde metavaardighede (etiese kwessies, kommunikasie, besluitneming, probleemoplossing en aanpasbare leierskap) suksesvol toe te pas op 'n verkeidenheid uitdagende situasies in die rekreasie en avontuurbedryf. Aan die einde van die module behoort die student in staat te wees om die verskillende metavaardighede te implementeer en kombineer ten einde 'n geïntegreerde gevallestudie op te los.

RKKX323: REKREASIEBESTUUR

Pk 1 x 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om deur middel van kritiese en kreatiewe denke teoretiese kundigheid rakende bestuurstake (leierskap, risiko-bestuur, personeelbestuur, bemarkingsbestuur, finansiëlebestuur en gebeurtenisbestuur) aan te wend ten einde gemeenskapsbetrokkenheid en rekreasievoorsiening in Suid Afrika op 'n entrepreneuriese wyse te bevorder. Aan die einde van hierdie module behoort die student in staat te wees om aan die hand van die teoretiese bestuursbeginsels 'n geïntegreerde werkstuk

te voltooi rakende die effektiewe entrepreneuriese bestuur van rekreasiedienste binne die Suid-Afrikaanse konteks.

RKKX322: VRYETYDSDINAMIKA

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die behoeftes aan spanontwikkeling te identifiseer; 'n Program saam te stel om in die behoeftes van die span te voorsien en die ervaring só te fasiliteer dat ontwikkeling in die span plaasvind; Die leierskapsprofiel van deelnemers te bepaal en 'n program aan die hand van individuele profiele te ontwerp en implementeer.

SOSIOLOGIE

SOSL111: SUID-AFRIKA : SAMESTELLING EN WERKING

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die betekenis van die begrip *samelewing* te verstaan en te beheers; Die sosiale struktuur en funksionering van asook interaksie in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing te begryp; Die invloed wat die sosiale struktuur asook interaksievorme in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing op volhoubare ontwikkeling uitoefen, te verstaan; Teoretiese perspektiewe op die Suid-Afrikaanse samelewing te kan toepas.

SOSL121: DIE DINAMIEK VAN ONTWIKKELING : INLEIDING A

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die betekenis van die begrippe *ontwikkeling* en *volhoubare ontwikkeling* te verstaan en te gebruik; 'n Begrip van die verskillende ontwikkelingsomgewings (bv. ekologiese, sosiale, politieke en ekonomiese) te hê.

SKOOL VIR TALE EN KUNSTE

AFRIKAANS EN/AND ENGLISH

SKTA111: KOMMINIKASIEVAARDIGHEDE

1½ uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Gepaste kommunikasiestrategieë in bepaalde situasies te gebruik, in skriftelike en mondelinge Afrikaanse tekste; Op hoogte te wees van besondere kommunikasiestrategieë in die regsberoep.

SKTE111: COMMUNICATION SKILLS

1½ uur 1:1

The learner should be able to: Demonstrate basic (fundamental) and specialist knowledge of English use and usage in the Law field; Communicate effectively in writing with professional audiences using appropriate structure, style and legal terminology; Demonstrate the ability to read various kinds of texts with comprehension.

STATISTIEK

STTK111: INLEIDENDE BESKRYWENDE STATISTIEK

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Basiese grondbegrippe van statistiek te verstaan; Eenvoudige vraelyste op te stel en te hanteer, data op te som, dit grafies voor te stel en eenvoudige berekeninge rakende lokaliteit, spreiding en korrelasie te doen; Reguitlyne te pas deur datapunte; Passingskriteria soos residue-inspektering te doen.

STTK121: INLEIDENDE STATISTIESE INFERENSIE I

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Wye gebied grondbegrippe van praktiese statistiek sowel as waarskynlikheidsleer te verstaan en eenvoudige waarskynlikheids-berekeninge te doen rakende die normaal- en die Student t-verdeling; Eenvoudige berekeninge wat voortvloei uit die Sentrale Limiet Stelling, soos puntberaming en vertrouensintervalle vir populasiegemiddeldes en –proporsies, te doen; Die toetsing van hipoteses rakende lokaliteit in sekere gevalle te doen.

STTK122: STATISTIEK VIR DIE BESTUURSWETENSKAPPE

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: 'n Oorsigtelike waardering te hê van geselekteerde statistiese onderwerpe; Elementêre berekeninge te doen rakende die normaal-verdeling; Punt- en intervalberaming en steekproefgroottes te bepaal vir eenvoudige praktiese toepassings; Hipotesetoetsing te kan doen rakende lokaliteit vir een- sowel as tweesteekproefgevalle; Basiese regressie en tydreeksprosedures aan te wend en indekssyfers te interpreteer.

STTK124: PRAKTIESE STATISTIEK

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Meer statistiek-onderwerpe te verstaan, probleemoplossing te hanteer en resultate te interpreteer wat meervoudige regressie, faktorontleding, variansie-analise, nagaan van voorwaardes, kategoriese data-ontleding en verdelingsvrye metodes insluit; Insig te hê om navorsingsprojekte te beplan, eenvoudige inferensiemetodes toepaslik aan te wend en rekenaaruittrekkings van statistiese ontledings sinvol te interpreteer.

STTK211: WAARSKYNLIKHEIDSLEER

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die mees relevante elemente van Waarskynlikheidsleer soos waarskynlikheidsmate, stogastiese veranderlikes, verdelingsteorie, Wet van Totale Waarskynlikheid, Bayes se stelling, Wet van Groot Getalle en die Sentrale Limiet Stelling te ken en te verstaan; Nie- gespesialiseerde probleme, soos waarskynlikheidsberekeninge rondom stogastiese veranderlikes sowel as berekeninge rondom maatstawwe van sentraliteit, spreiding en kurtose, op te los.

STTK221: INLEIDENDE STEEKPROEFTEORIE EN -TEGNIÛKE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Relevante steekproefmetodes soos ewekansige steekproefneming, sistematiese-, tros- en gestratifiseerde steekproefmetodes te ken en te

verstaan; Inferensie rondom maatstawwe van lokaliteit en spreiding te ken; Grondstellings soos die Blackwell-Rao stelling, en grondbegrippe soos voldoende en volledige statistieke en die Cramer-Rao-ondergrens, sowel as beramingmetodes soos die momente- en maksimale aanneemlikheidsmetode te ken.

STTK311: STATISTIESE INFERENSIE

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Inferensiemetodes en –tegnieke soos hipotesetoetsingsmetodes, datavoortellingsmetodes gegrond op die verdelingsfunksie en verwante funksies, maatstawwe van lokaliteit en spreiding, tweesteekeproefteorie, kategoriese data-ontleding en Bayes Inferensie te ken en verstaan; SAS- en Statistica-ontledings te doen en gevolgtekings daaruit te maak.

STTK321: LINEÛRE MODELLE

3 uur 1:1

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student die matriks- en vektorruimte benadering van statistiese modelleer bemeester het. Onderwerpe soos meervoudige regressiemodelle, variansie-analisemodelle en veralgemeende lineêre modelle sowel as passingsmaatstawwe word bestudeer. SAS en Statistica-modelleringspakkette word aangewend vir probleemoplossing.

STTK322: STATISTIEK PROJEK

2 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Selfstandig 'n statistiek-projek aan te pak, data in te samel en kundig te verwerk en die regte tegnieke toe te pas wat nodig is om toepaslike inferensie verantwoordelik en sinvol te kan doen; Statistiekpakkette en ander hulpmiddele vlot te hanteer om 'n skriftelike verslag sowel as 'n mondelinge voordrag te lewer.

WISKUNDE

WISK112: KOÛRDINAATMEETKUNDE IN 2 EN 3 DIMENSIES

2 uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die student die volgende hoofonderwerpe bemeester: oplossingsmoontlikhede vir stelsels lineêre vergelykings; matriksbewerkings en hulle aanwending in die konteks van lineêre stelsels; vektoralgebra vir meetkundige vektore en vektoralgebra vir koördinaatvoortellings van die vektore, insluitende puntproduk en kruisproduk; algebraïese vergelykings vir die keëlsnitfigure in 'n platvlak, sowel as reguit lyne platvlakke en tweedegraadsoppervlakke in die driedimensionele ruimte.

Vaardighede: Die student bemeester in hierdie module die volgende rekentegnieke: 'n sistematiese tegniek vir die oplossing van stelsels lineêre vergelykings; die basiese bewerkings van matriksalgebra. Die student verwerf ook die vermoë om: driedimensionele vektore algebraïes te manipuleer en die resultate te interpreteer; lyne, platvlakke en ander reëlmatige figure in twee en drie dimensies algebraïes te beskryf; die inhoud van sekere vergelykings in twee of drie veranderlikes meetkundig te interpreteer.

TGWS122: WISKUNDIGE MODELLERING

2 uur 1:1

Aan die einde van hierdie module het die student kennis en insig verwerf oor die kleinste-kwadratemetode, dimensionele analise en groei-modelle. Die student verwerf in hierdie module vaardigheid om verskynsels in die praktyk wiskundig te modelleer deur middel van eweredigheidskonsepte en sal in die bepaling van konstantes die data grafies en met die metode van kleinste kwadrate kan hanteer. Die student kan eenvoudige groeiverskynsels modelleer, die modelle oplos en na dimensielose vorm herlei.

WISK111: ANALISE I

2 uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die student sy/haar kennis van tegnieke uit skoolwiskunde gekonsolideer deur die rekenreëls van differensiaalrekening volledig te bestudeer. Die student ken die eienskappe van verskeie wiskundige funksies, sowel as van limiete en kontinuïteit en het in 'n verteenwoordigende seleksie van gevalle die bewyse ook bemeester.

Vaardighede: Die student verwerf in hierdie module die vermoë om limiete van funksies te bereken, die elementêre funksies te differensieer, differensiasiereëls toe te pas om nie-elementêre funksies te differensieer, standaard integrale te bereken; enkele integrasietegnieke te gebruik om nie-standaard integrale te kan bereken. Die student ontwikkel die vermoë om probleme op te los waarin die eienskappe van differensiasie en integrasie, en verskillende samestellings daarvan, gebruik moet kan word.

WISK121: ANALISE II

2 uur 1:1

Kennis: Na suksesvolle voltooiing van hierdie module beskik die student oor genoegsame kennis van bepaalde integrale sowel as tegnieke van differensiasie en integrasie om dit in die oplos van ekstreemwaardeprobleme (waarin een veranderlike-funksies voorkom) en ander praktiese probleme, soos die berekening van lengtes van krommes sowel as oppervlaktes en volumes van omwentelingsliggame, te kan gebruik.

Vaardighede: Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, is die student bedrewe in die berekening van onbepaalde en bepaalde integrale van funksies deur gebruikmaking van verskeie integrasietegnieke; toepassing van integrasie in die berekening van volumes sowel as oppervlaktes van omwentelingsliggame en ander fisiese groothede; elementêre bewysvoering wat voorkom in die basiese stellings van integraal- en differensiaalrekening en benadering van funksies deur Taylor-polinome.

WISK122: INLEIDENDE ALGEBRA

2 uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die student die volgende hoofonderwerpe bemeester: die tipiese eienskappe van die reële getalstelsels; die komplekse getalstelsel; die verband tussen eerstegraadsfaktore en wortels van polinome; die algebraïese bestaansreg van rasionale funksies sowel as vorme vir ontbinding daarvan in partiële breuke; inleidende kombinatoriese begrippe, soos eindige funksies en relasies, permutasies en kombinasies; die binomiaalstelling vir natuurlike eksponente en die uitbreiding daarvan na binomiaalreeks; wiskundige induksie en ander basiese bewystegnieke.

Vaardighede: Die student bemeester in hierdie module die volgende rekentegnieke: die Euklidiese algoritme as middel om grootste gemeenskaplike delers en oplossings van eenvoudige Diofantiese vergelykings te bepaal; bewerkings met komplekse getalle in verskillende skryfvoorme; sintetiese deling van polinome as hulpmiddel om waardes en nulpunte te bepaal; tegnieke vir die ontbinding van rasionale funksies in parsieële breuke; toepassing van verskillende eenvoudige kombinatoriese rekenformules. Die student leer hoe om basiese bewysstrukture te ontleed en hoe om sulke bewyse saam te stel, met insluiting van verskillende tipes induksie-bewyse.

WISK123: WISKUNDIGE TEGNIEKE

2 uur 1 : 1

Aan die einde van hierdie module het die student die volgende onderwerpe op inleidende vlak bemeester: die funksiebegrip vanuit voorbeelde wat eksponensiële en logaritmiëse funksies insluit; 'n oplosmetode vir stelsels liniëre vergelykings; matriksalgebra; liniëre programmeringsprobleme in meer as twee veranderlikes; analise van die tempo waarteen funksies verander. Die student verwerf die vaardigheid om van hierdie begrippe in praktiese situasies te herken, dit in wiskundige simbole te formuleer en om dan nuwe inligting in daardie situasie te verkry deur toepassing van passende eienskappe en toelaatbare differensiasie- of lineëre algebra-rekentegnieke.

WISK124: GEVORDERDE WISKUNDIGE TEGNIEKE

2 uur 1 : 1

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is moet studente basiese wiskundige tegnieke kan gebruik om die volgende te bemeester op 'n meer gevorderde vlak: die funksiebegrip vanuit voorbeelde wat eksponensiale en logaritmiëse funksies insluit; 'n oplosmetode vir stelsels liniëre vergelykings; matriksalgebra; liniëre programmeringsprobleme in meer as twee veranderlikes; analise van die tempo waarteen funksies verander. Die student ontwikkel die vermoë om van hierdie begrippe in praktiese situasies te herken, dit te analiseer, wiskundig te formuleer en dan oplossingsmoontlikhede te kan voorstel. Aanvullend behoort daar individueel en in groepe gewerk te kan word en oplossings te kommunikeer met gepaste IT.

Die student moet verder in staat wees om enkelvoudige en saamgestelde renteberekeninge uit te voer, eenvoudige en komplekse annuïteitsberekeninge uit te voer, die aantal paaiemente, finale paaiement, uitstaande balanse te evalueer, rentekoers en delging veranderinge in ag te neem

WISK212: LINEÛRE ALGEBRA I

2 uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die student kennis en insig verwerf in die vektorruimte-voorwaardes vir oplosbaarheid van stelsels lineëre vergelykings; bestaanskriteria vir inverse matrikse; deelruimtes van n-dimensionale reële vektorruimtes, met die deelruimtes wat deur 'n matriks bepaal word as besondere gevalle; gewone en ortogonale basisse vir deelruimtes; die basiese eienskappe van determinante; matrikseiewaardes en -eievektore en die rol wat hulle in die diagonalisering van matrikse speel.

Vaardigheid: Die student verwerf in hierdie module vaardigheid in: die hantering van oplossings vir stelsels lineëre vergelykings in vektorruimte-konteks; matriksbewerkings as hulpmiddel in vektorruimteberekeninge; die bepaling van basisse vir deelruimtes; uitvoering van die Gram-Schmidt-ortogonaliseringsproses; die berekening van eiewaardes en eievektore van 'n matriks; basiese diagonaliseringsprosesse vir matrikse. Die student leer ook om rekenaarweergawes

van hierdie rekentegnieke met MATLAB uit te voer en om die uitkomst van sulke berekeninge te interpreteer.

WISK211: ANALISE III

2 uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die student kennis en insig verwerf in al die aspekte van differensiaalrekening van meerveranderlike funksies, met insluiting van Taylor se stelling, rigtingafgeleides en die gradiëntfunksie; die teorie van meervoudige integrale, parametrisering van krommes en die teorie van lynintegrale.

Vaardigheid: Die student verwerf in hierdie module vaardigheid in die berekening van partiële afgeleides, rigtingsafgeleides en gradiënte; toepassing van dubbel- en trippelintegrale, sowel as berekening van hulle waardes; toepassing van lynintegrale en die berekening van hulle waardes deur middel van die parametrisering van krommes.

WISK221: ANALISE IV

1½ uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die student reeds genoeg kennis van en insig in die analise van meerveranderlike reële funksies verwerf om verdere studie in verwante gebiede waar sulke funksies voorkom, met begrip te onderneem. Die student ken konvergensietoetse vir reekse en ken die basiese teorie van algemene eerste-orde differensiaalvergelykings sowel as lineêre n-de-orde differensiaalvergelykings.

Vaardighede: Die student wat hierdie module voltooi het, kan toepassingsgerigte berekening van lyn- en oppervlakintegrale doen, konvergensietoetse vir reekse van reële getalle toepas en kan algemene eerste-orde differensiaalvergelykings sowel as lineêre n-de-orde differensiaalvergelykings oplos.

WSK222: LINEËRE ALGEBRA II

1½ uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die student kennis en insig verwerf in die teorie van algemene vektorruimtes en basisse vir sulke ruimtes; inwendige produkte gedefinieer op besondere vektorruimtes; vektornorme; Hessenberg-matrikse as 'n reduksievorm en die rol daarvan in eiewaardebepalings, sowel as in berekening van die karakteristieke polinoom van 'n matriks en 'n bewys vir die Cayley-Hamilton-stelling.

Vaardighede: Die student verwerf in hierdie module vaardigheid in rekentegnieke vir: die bepaling van basisse vir deelruimtes van algemene vektorruimtes; die bepaling van ortogonale basisse met behulp van die algemene Gram-Schmidt-proses; die berekening van determinante; die ortogonale diagonalisering van simmetriese matrikse; berekening van die karakteristieke polinoom, toepassing van die Cayley-Hamilton-stelling in matriksberekeninge. Die student leer ook om rekenaarweergawes van hierdie rekentegnieke met MATLAB uit te voer in omstandighede wat buite die bereik van handberekeninge lê, en om die uitkomst van sulke berekeninge te interpreteer.

E.5 LYS VAN KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS WAT OP VOORGRAADSE VLAK IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE AANGEBIED WORD.

(Die nommer van die bladsy(P.) waarop 'n bepaalde program/kurrikulum verskyn, word in die vierde kolom aangedui)

Vanaf 2005 word slegs voltydes klasse vanuit die verskillende Skole in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied.

E.5.1 SKOOL VIR EKONOMIE

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasie / program-kode
B.Com	Ekonomie	E300P	30	500 128
B.Com	Internasionale Handel en Bemaking	E301P	31	500 130
B.Com	Risikobestuur	E302P	32	500 132
B.Com	Kwantitatiewe Risikobestuur	E303P	33	500 134
B.Com	Ekonomie en Informatika (Rekenaarwetenskap)	E304P	34	500 135
B.Com	Ekonomie en Regte	E307P	35	500 139

E.5.2 SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasie / program-kode
B.Com	Toerismebestuur (Bedryfsosiologie)	E310P	38	500 141
B.Com	Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur	E311P	39	500 142
B.Com	Ondernemingsbestuur en Regte	E314P	40	500 146
B.Com	Toerisme en Ekonomie	E315P	41	500 178
B.Com	Sport en Rekreasiebestuur	E317P	42	500 150
B.A.	Toerismebestuur	E318P	43	100 142
B.Com	Kommunikasiebestuur	E319P	44	500 145
B.Com	Toerismebestuur en Rekreasiekunde	E250P	45	500 171
B.Com	Geotrooieerde Bemarking	E351P	46	500 180
B.Com	Bemarkings- en Toerismebestuur	E361P	47	500 182

E.5.3 SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum-kode	P.	Kwalifikasieprogram-kode
B.Com	Mensehulpbron-Bestuur	E320P	50	500 151
B.Com	Gedragwetenskappe	E321P	51	500 153
B.A.	Gedragwetenskappe	E322P	52	100 143

E.5.4 SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE

Kwalifikasie	PROGRAMME	Kurrikulum -kode	P.	Kwalifikasie / program- kode
B.Com	Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (Word in 2008 net op derdejaarsvlak aangebied)	E330P	56	500 155
B.Com	Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (Hierdie kurrikulum het in 2007 begin)	E337P	57	500 155
B.Com	Finansiële Rekenmeesterskap	E331P	58	500 156
B.Com	Bestuursrekenmeesterskap	E332P	59	500 158
B.Com	Rekeningkunde en Informatika	E334P	60	500 162
B.Com	Rekeningkunde en Regte	E335P	61	500 164
B.Com	Forensiese Rekenmeesterskap. (Word in 2008 net op derdejaarsvlak aangebied)	E336P	62	500 181
B.Com	Forensiese Rekenmeesterskap. (Hierdie kurrikulum het in 2007 begin)	E338P	63	500 181